

**DIE BEPALING VAN DIE MAKRO-EKONOMIESE BYDRAE VAN DIE AGRO-  
NYWERHEIDSEKTOR TOT DIE EKONOMIESE ONTWIKKELING VAN DIE  
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.**

Anël Schutte, B.Comm., B.Comm.Honn.

Verhandeling goedgekeur vir die graad Magister Commercii in Ekonomie in die  
Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe van die Potchefstroomse  
Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Leier: Prof. L.A. Van Wyk

Potchefstroom

1992

(i)

**ABSTRACT**

**Title:** The determination of the macro-economic contribution of agro-industries to the economic development of the Republic of South Africa.

The aim of this dissertation is to indicate the role of agro-industries in the economy of the Republic of South Africa. It requires an analysis of the international aspects of agro-industries, the geographical distribution within the Republic of South Africa, the contribution to the GDP, employment, location coefficients and the contribution to the balance of payments.

By studying relevant literature, a useful definition for agro-industries could be found. For the purpose of this study, agro-industries are defined as manufacturing industries of which the material inputs are directly and indirectly obtained from locally renewable natural resources.

The dissertation consists primarily of empirical research. This requires the use of statistical data and methods. These statistical methods include deflators, exchange rate adjustments, calculation of averages, and the application of formulae for obtaining location coefficients.

Findings indicate that Development Regions A (Cape), E (Natal) and H (PWV) participated in 75 percent of the total RSA agro-industrial production.

The agricultural sector has made a greater contribution to the GDP than the agro-industrial sector during the period 1975 to 1988. Additional processing of agricultural products is possible and can thus improve the contribution made by the agro-industrial sector.

Agro-industries provide 27 percent of all employment opportunities in the manu-

(ii)

facturing sector. A total of 455 204 persons were employed in agro-industries in the Republic of South Africa in 1985.

The calculated location coefficients indicate that Development Region E has the largest comparative advantage for the location of agro-industries, followed by Development Regions D (Eastern Cape) and A.

Although the manufacturing sector yielded a negative contribution to the trade balance, agro-industries' exports realised an approximate improvement of 30 per cent (positive).

Market research indicates that possible export potential resulted in the identification of twelve products with good potential for export. A thorough investigation is imperative in order to ascertain whether the identified potential is justified.

The promotion of agro-industries will provide for an increase in employment opportunities, improvement of the trade balance and balanced regional development. Therefore, it may be concluded that agro-industries play a pivotal role in the future economic development of the Republic of South Africa.

(iii)

**DANKBETUIGING**

Hiermee wil ek graag my opregte dank en waardering uitspreek teenoor die volgende persone vir hulle onderskeie bydraes ter vervulling van hierdie studie:

My promotor Prof L.A. van Wyk vir sy bekwame leiding en inspirasie.

My eggenoot vir al sy aanmoediging en bystand.

My moeder vir haar motivering en volgehoue ondersteuning.

My familie en vriende vir hulle onderskraging.

Mev. M. Ebersöhn vir die taalversorging van die verhandeling.

Hierdie studie is alleen moontlik gemaak deur my Skepper wat my die nodige gesondheid, krag en insig gegee het. Aan Hom alle lof, eer en dank.

INHOUDSOPGAWHOOFSTUK 1INLEIDING

1.1	Doelstelling . . . . .	1
1.2	Hipotese . . . . .	1
1.3	Die belangrikste redes vir die studie . . . . .	1
1.3.1	Die aandeel van die landbousektor in ekonomiese ontwikkeling . . . . .	1
1.3.2	Omvang van die landbousektor in die Republiek van Suid-Afrika . . . . .	4
1.3.3	Hernieubare natuurlike hulpbronne . . . . .	4
1.3.4	Inwaartse industrialisasie . . . . .	5
1.3.5	Valutabesparing en -verdienste . . . . .	5
1.3.6	Verhoogde indiensname . . . . .	6
1.3.7	Ekonomiese groei . . . . .	6
1.3.8	Skakelingseffekte . . . . .	6
1.4	Studiemetodes . . . . .	7
1.4.1	Literatuurondersoek . . . . .	7
1.4.2	Empiriese ondersoek . . . . .	7
1.5	Afbakening van studiegebied . . . . .	8
1.5.1	Geografiese afbakening . . . . .	8
1.5.2	Tydperk . . . . .	8
1.5.3	Nywerhede wat bestudeer word . . . . .	8
1.5.4	Verskil tussen agro-nywerheidsektor en ander nywerhede . . . . .	9
1.5.5	Verskil tussen die begrip nywerheid- en fabriekswesesektor . . . . .	9
1.5.6	Skakelingseffekte . . . . .	9
1.5.7	Onbekende gegewens . . . . .	10
1.5.8	Nommering van grafieke en tabelle . . . . .	10
1.6	Uiteensetting van studie . . . . .	10

**HOOFSTUK 2**  
**TEORETIESE AGTERGROND VAN DIE ROL VAN DIE**  
**AGRO-NYWERHEIDSEKTOR**

2.1	Inleiding .....	13
2.2	Betekenis .....	13
2.2.1	Definisies in die literatuur .....	13
2.2.1.1	Lee .....	14
2.2.1.2	Kinsey .....	15
2.2.1.3	Austin .....	15
2.2.2	Definisie en kernaspekte vir hierdie studie .....	15
2.2.2.1	Definisie .....	15
2.2.2.2	Vervaardiging .....	17
2.2.2.3	Insette .....	17
2.2.4	Natuurlike hulpbronne .....	18
2.2.5	Plaaslike natuurlike hulpbronne .....	19
2.3	Klassifikasie van die agro-nywerheidsektor .....	19
2.3.1	Vleisverwerking (3111) .....	19
2.3.2	Suiwelprodukte (3112) .....	21
2.3.3	Inmaak en preservering van vrugte en groente (3113) .....	21
2.3.4	Inmaak van vis en maak van visolie (3114) .....	21
2.3.5	Olies en vette, ingesluit walvisolie (3115) .....	21
2.3.6	Graanmeulens (3116) .....	22
2.3.7	Bakkerprodukte (3117) .....	22
2.3.8	Suikerfabrieke (3118) .....	22
2.3.9	Kakao, sjokolade en suikerlekkergoed (3119) .....	23
2.3.10	Ander voedsel (3121) .....	23
2.3.11	Bereide diervoedsel (3122) .....	23
2.3.12	Distillering en wynmakery (3131) .....	24
2.3.13	Mout en moutdranke (3133) .....	24
2.3.14	Nie-alkoholiese drank (3134) .....	24
2.3.15	Tabakprodukte (3140) .....	24
2.3.16	Wol en katoenverwerking (3211) .....	25
2.3.17	Looierye en leerafwerking (3231) .....	25
2.3.18	Leerprodukte en leersubstitute (3233) .....	25
2.3.19	Skoeisel (3240) .....	26
2.3.20	Hout en houtprodukte, uitgesonderd meubels (3310) .	26
2.3.21	Meubels (3320) .....	26
2.3.22	Pulp, papier en papierbord (3411) .....	27
2.3.23	Papierhouers (3412) .....	27

2.4	Die belangrikheid van die agro-nywerheidsektor . . . . .	27
2.4.1	Uitgangspunt . . . . .	27
2.4.2	Bydrae tot die bruto binnelandse produk . . . . .	28
2.4.3	Onderbenutting van die agro-nywerheidsektor . . . . .	29
2.4.4	Behoeftes in die landbousektor . . . . .	30
2.4.5	Uitvoerbevordering deur die agro-nywerheidsektor . . . . .	30
2.4.6	Voedselverskaffing . . . . .	31
2.5.	Beperkende en stimulerende faktore op die bydrae van die agro-nywerheidsektor . . . . .	32
2.5.1	Verkryging van grondstowwe deur die agro-nywerheidsektor . . . . .	32
2.5.1.1	Kwantiteit van grondstowwe . . . . .	32
2.5.1.2	Kwaliteit van grondstowwe . . . . .	33
2.5.1.3	Seisoenaliteit van grondstowwe . . . . .	33
2.5.2.	Keuse van tegnologie . . . . .	33
2.5.3	Arbeidsverwante probleme . . . . .	34
2.5.4	Beskikbaarheid van infrastruktuur . . . . .	35
2.5.5	Bestuur . . . . .	36
2.5.6	Bemaking . . . . .	36
2.5.6.1	Ontstabiliteit van bemaking . . . . .	36
2.5.6.2	Uitvoermarkte . . . . .	37
2.5.6.3	Plaaslike markte . . . . .	38
2.5.7	Owerheidsbeleid . . . . .	38
2.6	Finansiering van die agro-nywerheidsektor . . . . .	39
2.6.1	Die Nywerheid-Ontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika Beperk (NOK) . . . . .	39
2.6.1.1	Doelwitte . . . . .	39
2.6.1.2	Belangrike finansieringsmaatstawwe . . . . .	40
2.6.1.3	Prosedure van aansoek by die NOK . . . . .	41
2.6.1.3.1	Besonderhede van aansoeker . . . . .	41
2.6.1.3.2	Produkinligting . . . . .	42
2.6.1.3.3	Bemaking . . . . .	42
2.6.1.3.4	Vervaardiging . . . . .	42
2.6.1.3.5	Finansiële hulp benodig . . . . .	42
2.6.1.3.6	Historiese en geprojekteerde finansiële state . . . . .	43
2.6.2	Ander instellings vir finansiering aan die agro-nywerheidsektor . . . . .	43
2.6.2.1	Ontwikkelingskorporasies . . . . .	43
2.6.2.2	Privaatinstellings . . . . .	44
2.6.2.3	Nie-owerheidsorganisasies wat finansiering aan agro-nywerhede verskaf . . . . .	44
2.6.2.4	Internasionale instellings . . . . .	44
2.7	Samevatting . . . . .	45

### HOOFSTUK 3

#### GEOGRAFIESE PRODUKSIE DEUR DIE AGRO-NYWERHEIDSEKTOR

##### IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

3.1	Inleiding . . . . .	47
3.2.	Totale produksie in die agro-nywerheidsektor . . . . .	47
3.3	Produksie van die agro-nywerheidsektor in Ontwikkelingstreek A . . . . .	49
3.4	Produksie van die agro-nywerheidsektor in Ontwikkelingstreek B . . . . .	50
3.5	Produksie van die agro-nywerheidsektor in Ontwikkelingstreek C . . . . .	51
3.6	Produksie van die agro-nywerheidsektor in Ontwikkelingstreek D . . . . .	52
3.7	Die produksie van die agro-nywerheidsektor in Ontwikkelingstreek E . . . . .	53
3.8	Produksie van die agro-nywerheidsektor in Ontwikkelingstreek F . . . . .	54
3.9	Produksie van die agro-nywerheidsektor in Ontwikkelingstreek G . . . . .	55
3.10	Produksie van die agro-nywerheidsektor in Ontwikkelingstreek H . . . . .	56
3.11	Produksie van die agro-nywerheidsektor in Ontwikkelingstreek J . . . . .	58
3.12	Samevatting . . . . .	59

### HOOFSTUK 4

#### DIE BYDRAE VAN DIE AGRO-NYWERHEIDSEKTOR

##### TOT DIE BRUTO BINNELANDSE PRODUK

4.1	Inleiding . . . . .	61
4.1.1	Landbousektor . . . . .	61
4.1.2	Mynbousektor . . . . .	61
4.1.3	Fabriekswesesektor . . . . .	62
4.1.4	Elektrisiteit/Konstruksiesektor . . . . .	62
4.1.5	Dienstesektor . . . . .	62

4.2	Berekening van bruto binnelandse produk teen faktorkoste vir 1975 . . . . .	63
4.2.1	Berekening van deflators . . . . .	63
4.2.2	Landbousektorwaarde van 1975 teen 1985-pryse . . . . .	63
4.2.3	Mynbousektorwaarde van 1975 teen 1985-pryse . . . . .	64
4.2.4	Fabriekswesesektorwaarde van 1975 teen 1985-pryse . . . . .	64
4.2.5	Elektrisiteit/konstruksiesektorwaarde van 1975 teen 1985-pryse . . . . .	65
4.2.6	Dienstesektorwaarde van 1975 teen 1985-pryse . . . . .	65
4.2.7	Bepaling van die bruto binnelandse produk van die agro-nywerheidsektor vir 1975 teen 1985-pryse . .	65
4.2.8	Bepaling van die bruto binnelandse produk van ander nywerhede . . . . .	67
4.3	Relatiewe aandeel van produksiesektore van die bruto binnelandse produk (%) . . . . .	67
4.4	Relatiewe belangrikheid van agro- en ander nywerhede in die fabriekswesesektor . . . . .	68
4.5	Vergelyking van die agro-nywerheidsektor se bydrae tot die bruto binnelandse produk met fabriekswese se bydrae tot die bruto binnelandse produk . . .	70
4.6	Vergelyking van die agro-nywerheidsektor se bydrae tot die bruto binnelandse produk met die landbousektor se bydrae tot die bruto binnelandse produk. . . . .	71
4.7	Samevatting . . . . .	72

## HOOFSTUK 5

### INDIENSNAME IN DIE AGRO-NYWERHEIDSEKTOR

5.1	Inleiding . . . . .	75
5.2	Totale indiensname deur die agro-nywerheidsektor in die RSA . . . . .	75
5.3	Indiensname deur die agro-nywerheidsektor per ontwikkelingstreek . . . . .	77
5.4	Relatiewe produktiwiteit van die ontwikkelingstreke . . . . .	78
5.5	Indiensname deur die fabriekswesesektor . . . . .	79

5.6	Groeikoerse . . . . .	80
5.7	Samevatting . . . . .	82

## HOOFSTUK 6

### VESTIGINGSKOEFFISIËNTE VAN DIE AGRO-NYWERHEIDSEKTOR

#### IN DIE VERSKILLENDE ONTWIKKELINGSTREKE

6.1	Inleiding . . . . .	90
6.2	Metode vir die berekening van vestigingskoeffisiënte . . . . .	91
6.3	Die waardes van die vestigingskoeffisiënte vir die agro-nywerheidsektor in die nege ontwikkelingstreke . . . . .	92
6.4	Vestigingskoeffisiënte vir die agro-nywerheidsgroepe in die nege ontwikkelingstreke . . . . .	93
6.4.1	Vleisverwerking . . . . .	93
6.4.2	Suiwelprodukte . . . . .	94
6.4.3	Inmaak van groente . . . . .	95
6.4.4	Inmaak van vis . . . . .	95
6.4.5	Olies en vette . . . . .	96
6.4.6	Graanmeulprodukte . . . . .	97
6.4.7	Bakkery . . . . .	97
6.4.8	Suikerfabrieke . . . . .	98
6.4.9	Kakao en Sjokolade . . . . .	99
6.4.10	Ander voedsel . . . . .	99
6.4.11	Dierevoedsel . . . . .	100
6.4.12	Distillering en wyn . . . . .	101
6.4.13	Mout en moutdranke . . . . .	101
6.4.14	Nie-alkoholiese drankke . . . . .	102
6.4.15	Tabakprodukte . . . . .	103
6.4.16	Wol- en katoenverwerking . . . . .	103
6.4.17	Looierye en leerafwerking . . . . .	104
6.4.18	Leerprodukte en -artikels . . . . .	105
6.4.19	Skoeisel . . . . .	105
6.4.20	Hout en houtprodukte . . . . .	106
6.4.21	Meubels . . . . .	107
6.4.22	Pulp, papier . . . . .	107
6.4.23	Papierhouers . . . . .	108
6.5	Samevatting . . . . .	109

**HOOFSTUK 7****BYDRAE VAN DIE AGRO-NYWERHEIDSEKTOR IN DIE  
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA TOT DIE BETALINGSBALANS**

7.1	Inleiding . . . . .	112
7.2	Beskikbare inligting . . . . .	113
7.3	Omvang van internasionale handel deur die agro-nywerheidsektor . . . . .	113
7.3.1	Invoer . . . . .	113
7.3.2	Uitvoer . . . . .	114
7.4	Netto buitelandse valutaverdienste deur die agro-nywerheidsektor . . . . .	115
7.5	Invoerstruktuur van die agro-nywerheid van die Republiek van Suid-Afrika . . . . .	118
7.6	Samevatting . . . . .	119

**HOOFSTUK 8****OMVANG VAN ALLE LANDSE SE GESAMENTLIKE****INVOER**

8.1	Inleiding . . . . .	125
8.2.	Groeipatrone ten opsigte van invoer 1983 - 1987 . . . . .	126
8.3	Beperking en gebreke van gegewens oor in- en uitvoerhandel . . . . .	127
8.4	Belangrikste invoerprodukte . . . . .	129
8.4.1	Alkoholiese drank . . . . .	129
8.4.1.1	Wyn . . . . .	130
8.4.1.2	Bier . . . . .	130
8.4.1.3	Gedistilleerde alkoholiese drank . . . . .	130
8.4.2	Voedingstowwe vir diere . . . . .	131
8.5	Buurstate . . . . .	131
8.6	Markte met uitvoerpotensiaal . . . . .	132
8.6.1	Vleis, gedroog, gesout, gerook (012) . . . . .	133
8.6.2	Varkvleis, gedroog, gesout, gerook (0121) . . . . .	135
8.6.3	Vleis, verwerk, ingelê (014) . . . . .	137
8.6.4	Melk en room (022) . . . . .	139
8.6.5	Melk en room gepreserveer (0224) . . . . .	141

8.6.6	Melk, gedroog met minder as 1,5 persent vet (0224)	143
8.6.7	Melk, gedroog met meer as 1,5 persent vet (02243)	145
8.6.8	Melk, gepreserveerd, nie gedroog (02249)	147
8.6.9	Botter (023)	149
8.6.10	Kaas, dikmelk (024)	151
8.6.11	Koringmeel ensovoorts (046)	153
8.6.12	Koringmeel (04601)	155
8.6.13	Ander graanmeulprodukte (047)	157
8.6.14	Graanprodukte (048)	159
8.6.15	Mout insluitende meel (0482)	161
8.6.16	Bakkerprodukte (0484)	163
8.6.17	Koek, gebak ensovoorts (04842)	165
8.6.18	Gepreserveerde/verwerkte groente (056)	167
8.6.19	Gepreserveerde/verwerkte vrugte (058)	169
8.6.20	Vrugte- en groentesap (0585)	171
8.6.21	Lemoensap (05851)	173
8.6.22	Suikerlekkers, nie-sjokolade (062)	175
8.6.23	Sjokolade en sjokoladeprodukte (073)	177
8.6.24	Voedingstowwe vir diere (081)	179
8.6.25	Oliekoeke en ander residus (0813)	181
8.6.26	Oliekoeke en ander residus van sojabone (08131)	183
8.6.27	Vleis- of vismeelvoer (0814)	185
8.6.28	Vismeelvoer (08142)	187
8.6.29	Beetpulp, bagasse, ensovoorts (08193)	189
8.6.30	Eetbare produkte (098)	191
8.6.31	Nie-alkoholiese drank (111)	193
8.6.32	Alkoholiese drank (112)	195
8.6.33	Wyn van vars duiwe en andere (1121)	197
8.6.34	Wyn van vars duiwe (11212)	199
8.6.35	Bier (1123)	201
8.6.36	Gedistilleerde alkoholiese dranke (1124)	203
8.6.37	Whisky (11241)	205
8.6.38	Gedistilleerde wyn/druwe (11242)	207
8.6.39	Tabak, verwerk (122)	209
8.6.40	Sigarette (1222)	211
8.6.41	Huide, velle, nie-pels (211)	213
8.6.42	Huide en velle (bees en perd) (2111)	215
8.6.43	Pelse (212)	217
8.6.44	Nerts (21201)	219
8.6.45	Dierlike olies en vette (411)	221
8.6.46	Bees- en skaapvette (41132)	223
8.6.47	Vaste plantolies, sag (423)	225
8.6.48	Sojaboonolie (4232)	227
8.6.49	Katoensaadolie (4233)	229
8.6.50	Grondboontjieolie (4234)	231
8.6.51	Olyfolie (4235)	233
8.6.52	Sonneblomolie (4236)	235
8.6.53	Vaste plantolies, nie sag (424)	237
8.6.54	Palmolie (4242)	239

8.6.55	Kokosolie (4243) . . . . .	241
8.6.56	Verwerkte dierevet/olies (431) . . . . .	243
8.6.57	Leer (611) . . . . .	245
8.6.58	Leer, bees, perd (6114) . . . . .	247
8.6.59	Pelsvelle, bewerk (613) . . . . .	249
8.8	Samevatting . . . . .	251

## HOOFSTUK 9

### SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

9.1	Inleiding . . . . .	258
9.2	Gevolgtrekkings . . . . .	258
9.2.1	Stimulus vir ontwikkeling . . . . .	258
9.2.2	Definisie van die agro-nywerheidsektor wat in die studie gebruik is . . . . .	259
9.2.3	Produksie deur die agro-nywerheidsektor . . . . .	259
9.2.4	Aandeel van die agro-nywerheidsektor in die bruto binnelandse produk . . . . .	259
9.2.5	Skepping van werkgeleentheid . . . . .	260
9.2.6	Vestigingskoëffisiënte . . . . .	260
9.2.7	Verbetering in die betalingsbalans. . . . .	260
9.2.8	Markte met moontlike uitvoerpotensiaal . . . . .	261
9.3	Aanbevelings . . . . .	261
9.4	Samevatting . . . . .	263

**LYS VAN BYLAE**

BYLAE A ..... 265  
BYLAE B ..... 275

**LYS VAN KAARTE**

KAART 1 ..... 12

LYS VAN GRAFIEKE

HOOFSTUK 3

Grafiek 3.2: Produksie van agro-nywerhede in die RSA volgens streke in 1985 .....	48
Grafiek 3.3: Produksie van agro-nywerhede in Streek A .....	49
Grafiek 3.4: Produksie van agro-nywerhede in Streek B .....	51
Grafiek 3.5: Produksie van agro-nywerhede in Streek C .....	52
Grafiek 3.6: Produksie van agro-nywerhede in Streek D .....	53
Grafiek 3.7: Produksie van agro-nywerhede in Streek E .....	54
Grafiek 3.8: Produksie van agro-nywerhede in Streek F .....	55
Grafiek 3.9: Produksie van agro-nywerhede in Streek G .....	56
Grafiek 3.10: Produksie van agro-nywerhede in Streek H .....	57
Grafiek 3.11: Produksie van agro-nywerhede in Streek J .....	58

HOOFSTUK 4

Grafiek 4.3: Bydrae van sektore tot die BBP .....	68
Grafiek 4.4.1: Aandeel van agro- en ander nywerhede in fabriekswese vir 1988 .....	69
Grafiek 4.4.2: Aandeel van agro- en ander nywerhede in fabriekswese .....	70
Grafiek 4.5: Bydrae van agro-nywerhede en fabriekswese tot die BBP .....	71
Grafiek 4.6: Bydrae van agro-nywerhede en landbou tot die BBP .....	72

## HOOFSTUK 5

Grafiek 5.2: Totale indiensname . . . . .	76
Grafiek 5.3: Totale indiensname per ontwikkelingstreek vir 1985 . . . . .	77
Grafiek 5.4.1: Produksie en indiensname in die agro-nywerheid- sektor per ontwikkelingstreek vir 1985 . . . . .	78
Grafiek 5.4.2: Produktiwiteit van die agro-nywerheidsektor per ontwikkelingstreek vir 1985 . . . . .	79
Grafiek 5.5: Indiensname in die agro-nywerheidsektor per ontwikkelingstreek vir 1985 . . . . .	80
Grafiek 5.6.1: Groei indiensname van die fabriekswesesektor per ontwikkelingstreek . . . . .	81
Grafiek 5.6.2: Groei in indiensname van die fabriekswesesektor per ontwikkelingstreek (%) . . . . .	82

## HOOFSTUK 6

Grafiek 6.3: Vestigingskoëffisiënt . . . . .	93
Grafiek 6.4.1: Vleisverwerking . . . . .	94
Grafiek 6.4.2: Suiwelprodukte . . . . .	94
Grafiek 6.4.3: Inmaak van groente . . . . .	95
Grafiek 6.4.4: Inmaak van vis . . . . .	96
Grafiek 6.4.5: Olies en vette . . . . .	96
Grafiek 6.4.6: Graanmeulprodukte . . . . .	97
Grafiek 6.4.7: Bakkery . . . . .	98
Grafiek 6.4.8: Suikerfabrieke . . . . .	98
Grafiek 6.4.9: Kakao en sjokolade . . . . .	99
Grafiek 6.4.10: Ander voedsel . . . . .	100
Grafiek 6.4.11: Dierervoedsel . . . . .	100
Grafiek 6.4.12: Distillering en wyn . . . . .	101
Grafiek 6.4.13: Mout en moutdranke . . . . .	102
Grafiek 6.4.14: Nie-alkoholiese drankie . . . . .	102
Grafiek 6.4.15: Tabakprodukte . . . . .	103
Grafiek 6.4.16: Wol- en katoenverwerking . . . . .	104
Grafiek 6.4.17: Looierye en leerafwerking . . . . .	104
Grafiek 6.4.18: Leerprodukte en -artikels . . . . .	105
Grafiek 6.4.19: Skoeisel . . . . .	106

Grafiek 6.4.20: Hout en houtprodukte . . . . .	106
Grafiek 6.4.21: Meubels . . . . .	107
Grafiek 6.4.22: Pulp en papier . . . . .	108
Grafiek 6.4.23: Papierhouers . . . . .	108

## HOOFSTUK 7

Grafiek 7.3.1: Invoer deur die agro-nywerheidsektor . . . . .	114
Grafiek 7.3.2: Uitvoer deur die agro-nywerheidsektor . . . . .	115
Grafiek 7.4.1: Netto valutaverdienste . . . . .	116
Grafiek 7.4.2: Netto valutaverdienste vir agro-nywerheids- groepe . . . . .	117

## HOOFSTUK 8

Grafiek 8.2: Wêreldwye groei in totale invoer 1983 - 1987 . . . . .	126
Grafiek 8.4: Waarde van belangrikste invoerprodukte 1987 . . . . .	129
Grafiek 8.6.1(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Vleis, gedroog, gesout, gerook) . . . . .	133
Grafiek 8.6.1(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders -1986 (Vleis, gedroog, gesout, gerook) . . . . .	134
Grafiek 8.6.2(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Varkvleis, gedroog, -sout, -rook) . . . . .	135
Grafiek 8.6.2(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders -1986 (Varkvleis, gedroog, -sout, -rook) . . . . .	136
Grafiek 8.6.3(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Vleis, verwerk, ingelê) . . . . .	137
Grafiek 8.6.3(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders -1986 (Vleis, verwerk, ingelê) . . . . .	138
Grafiek 8.6.4(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Melk & room) . . . . .	139
Grafiek 8.6.4(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Melk & room) . . . . .	140
Grafiek 8.6.5(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Melk, room, gepreserveer) . . . . .	141

Grafiek 8.6.5(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Melk, room gepreserveer) . . . . .	142
Grafiek 8.6.6(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Melk, gedroog < 1,5% vet) . . . . .	143
Grafiek 8.6.6(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Melk, gedroog < 1,5 % vet) . . . . .	144
Grafiek 8.6.7(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Melk, gedroog > 1,5 % vet) . . . . .	145
Grafiek 8.6.7(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Melk, gedroog > 1,5 % vet) . . . . .	146
Grafiek 8.6.8(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Melk, gepreserveerd, nie gedroog) . . . . .	147
Grafiek 8.6.8(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Melk, gepreserveer, nie gedroog) . . . . .	148
Grafiek 8.6.9(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Botter) . . . . .	149
Grafiek 8.6.9(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Botter) . . . . .	150
Grafiek 8.6.10(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Kaas, dikmelk) . . . . .	151
Grafiek 8.6.10(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Kaas, dikmelk) . . . . .	152
Grafiek 8.6.11(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Koringmeel, ensovoorts) . . . . .	153
Grafiek 8.6.11(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Koringmeel, ensovoorts) . . . . .	154
Grafiek 8.6.12(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Koringmeel) . . . . .	155
Grafiek 8.6.12(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Koringmeel) . . . . .	156
Grafiek 8.6.13(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Ander graanmeel, ensovoorts) . . . . .	157
Grafiek 8.6.13(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Ander graanmeel, ensovoorts) . . . . .	158
Grafiek 8.6.14(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Graanprodukte) . . . . .	159
Grafiek 8.6.14(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Graanprodukte) . . . . .	160
Grafiek 8.6.15(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Mout insluitend meel) . . . . .	161
Grafiek 8.6.15(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Mout insluitend meel) . . . . .	162
Grafiek 8.6.16(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Bakkeryprodukte)) . . . . .	163
Grafiek 8.6.16(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Bakkeryprodukte) . . . . .	164

Grafiek 8.6.17(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Koek, gebak, ensovoorts) . . . . .	165
Grafiek 8.6.17(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Koek, gebak ensovoorts) . . . . .	166
Grafiek 8.6.18(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Gepreserveerde/verwerkte groente) . . . . .	167
Grafiek 8.6.18(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Gepreserveerde/verwerkte groente) . . . . .	168
Grafiek 8.6.19(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Gepreserveerde/verwerkte vrugte) . . . . .	169
Grafiek 8.6.19(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Gepreserveerde/verwerkte vrugte) . . . . .	170
Grafiek 8.6.20(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Vrute of groentesap) . . . . .	171
Grafiek 8.6.20(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Vrugte of groentesap) . . . . .	172
Grafiek 8.6.21(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Lemoensap) . . . . .	173
Grafiek 8.6.21(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Lemoensap) . . . . .	174
Grafiek 8.6.22(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Suikerlekkers, nie-sjokolade) . . . . .	175
Grafiek 8.6.22(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Suikerlekkers, nie-sjokolade) . . . . .	176
Grafiek 8.6.23(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Sjokolade en sjokoladeprodukte) . . . . .	177
Grafiek 8.6.23(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Sjokolade en sjokoladeprodukte) . . . . .	178
Grafiek 8.6.24(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Voedingstowwe vir diere) . . . . .	179
Grafiek 8.6.24(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Voedingstowwe vir diere) . . . . .	180
Grafiek 8.6.25(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Oliekoeke en ander residus) . . . . .	181
Grafiek 8.6.25(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Oliekoeke en ander residus) . . . . .	182
Grafiek 8.6.26(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Oliekoeke en ander residus van sojabone) . . . . .	183
Grafiek 8.6.26(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Oliekoeke en ander residus van sojabone) . . . . .	184
Grafiek 8.6.27(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Vleis- of vismeelvoer) . . . . .	185
Grafiek 8.6.27(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Vleis- of vismeelvoer) . . . . .	186

Grafiek 8.6.28(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Vismeelvoer) . . . . .	187
Grafiek 8.6.28(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Vismeelvoer) . . . . .	188
Grafiek 8.6.29(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Beetpulp, bagasse, ensovoorts) . . . . .	189
Grafiek 8.6.29(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Beetpulp, bagasse, ensovoorts) . . . . .	190
Grafiek 8.6.30(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Eetbare produkte) . . . . .	191
Grafiek 8.6.30(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Eetbare produkte) . . . . .	192
Grafiek 8.6.31(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Nie-alkoholiese drank) . . . . .	193
Grafiek 8.6.31(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Nie-alkoholiese drank) . . . . .	194
Grafiek 8.6.32(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Alkoholiese drank) . . . . .	195
Grafiek 8.6.32(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Alkoholiese drank) . . . . .	196
Grafiek 8.6.33(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Wyn van vars duiwe en andere) . . . . .	197
Grafiek 8.6.33(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Wyn van vars duiwe en andere) . . . . .	198
Grafiek 8.6.34(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Wyn van vars duiwe) . . . . .	199
Grafiek 8.6.34(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Wyn van vars duiwe) . . . . .	200
Grafiek 8.6.35(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Bier) . . . . .	201
Grafiek 8.6.35(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Bier) . . . . .	202
Grafiek 8.6.36(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Gedistilleerde alkoholiese drank) . . . . .	203
Grafiek 8.6.36(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Gedistilleerde alkoholiese drank) . . . . .	204
Grafiek 8.6.37(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Whisky) . . . . .	205
Grafiek 8.6.37(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Whisky) . . . . .	206
Grafiek 8.6.38(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Gedistilleerde wyn/duiwe) . . . . .	207
Grafiek 8.6.38(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Gedistilleerde wyn/duiwe) . . . . .	208

Grafiek 8.6.39(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Tabak, verwerk) . . . . .	209
Grafiek 8.6.39(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Tabak, verwerk) . . . . .	210
Grafiek 8.6.40(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Sigarette) . . . . .	211
Grafiek 8.6.40(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Sigarette) . . . . .	212
Grafiek 8.6.41(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Huide, velle, nie-pels) . . . . .	213
Grafiek 8.6.41(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Huide, velle, nie-pels) . . . . .	214
Grafiek 8.6.42(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Huide en velle (bees en perd)) . . . . .	215
Grafiek 8.6.42(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Huide en velle (bees en perd)) . . . . .	216
Grafiek 8.6.43(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Pelse) . . . . .	217
Grafiek 8.6.43(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Pelse) . . . . .	218
Grafiek 8.6.44(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Nerts) . . . . .	219
Grafiek 8.6.44(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Nerts) . . . . .	220
Grafiek 8.6.45(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Dierlike olies en vette) . . . . .	221
Grafiek 8.6.45(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Dierlike olies en vette) . . . . .	222
Grafiek 8.6.46(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Bees- en skaapvette) . . . . .	223
Grafiek 8.6.46(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Bees- en skaapvette) . . . . .	224
Grafiek 8.6.47(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Vaste plantolies, sag) . . . . .	225
Grafiek 8.6.47(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Vaste plantolies, sag) . . . . .	226
Grafiek 8.6.48(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Sojaboonolie) . . . . .	227
Grafiek 8.6.48(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Sojaboonolie) . . . . .	228
Grafiek 8.6.49(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Katoensaadolie) . . . . .	229
Grafiek 8.6.49(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Katoensaadolie) . . . . .	230
Grafiek 8.6.50(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Grondboontjieolie) . . . . .	231

Grafiek 8.6.50(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Grondboontjieolie) . . . . .	232
Grafiek 8.6.51(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Olyfolie) . . . . .	233
Grafiek 8.6.51(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Olyfolie) . . . . .	234
Grafiek 8.6.52(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Sonneblomolie) . . . . .	235
Grafiek 8.6.52(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Sonneblomolie) . . . . .	236
Grafiek 8.6.53(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Vaste plantolies, nie sag) . . . . .	237
Grafiek 8.6.53(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Vaste plantolies, nie sag) . . . . .	238
Grafiek 8.6.54(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Palmolie) . . . . .	239
Grafiek 8.6.54(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Palmolie) . . . . .	240
Grafiek 8.6.55(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Kokosolie) . . . . .	241
Grafiek 8.6.55(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Kokosolie) . . . . .	242
Grafiek 8.6.56(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Verwerkte dierevet/olies) . . . . .	243
Grafiek 8.6.56(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Verwerkte dierevet/olies) . . . . .	244
Grafiek 8.6.57(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Leer) . . . . .	245
Grafiek 8.6.57(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Leer) . . . . .	246
Grafiek 8.6.58(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Leer, bees, perd) . . . . .	247
Grafiek 8.6.58(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Leer, bees, perd) . . . . .	248
Grafiek 8.6.59(a): Invoer - Alle lande 1983 - 1987 (Pelsvelle, bewerk) . . . . .	249
Grafiek 8.6.59(b): Belangrikste invoerders en uitvoerders - 1986 (Pelsvelle, bewerk) . . . . .	250

LYS VAN TABELLE

HOOFSTUK 2

TABEL 2.3	Klassifikasie van agro-nywerheidsgroepe in die agro-nywerheidsektor . . . . .	20
-----------	--	----

HOOFSTUK 3

TABEL 3.1	Produksie van die agro-nywerheidsgroepe in die verskillende ontwikkelingsstreke in die RSA vir 1985 (R'000) . . . . .	60
-----------	---	----

HOOFSTUK 4

TABEL 4.2.1	Deflators soos bereken om 1975-data teen 1985-pryse aan te dui . . . . .	64
TABEL 4.2.7	Bepaling van die bruto binnelandse produk van die agro-nywerheidsektor deur die som van die vergoeding aan werknemers en die brutobedryf- surplus van die agro-nywerheidsektor vir 1975 (R'miljoen) . . . . .	66
TABEL 4.1	Bruto Binnelandse produk teen faktor- pryse (1985-pryse) (R'miljoen) . . . . .	74
TABEL 4.2	Relatiewe aandeel van sektore in die BBP (%) . . . . .	74
TABEL 4.3	Relatiewe aandeel van die agro-nywerheid sektor en ander nywerhede in fabriekswese (%) . . . . .	74

HOOFSTUK 5

TABEL 5.1	Indiensname in die verskillende agro-nywerheidsgroepe vir 1985 . . . . .	84
TABEL 5.2	Indiensname in die agro-nywerheid sektor as persentasie . . . . .	84
TABEL 5.3	Indiensname per ontwikkelingstreek vir 1985 . . . . .	85
TABEL 5.4	Produktiwiteit van die agro-nywerheid-sektor per ontwikkelingstreek vir 1985 . . . . .	89
TABEL 5.5	Groei in indiensname van die fabriekswesesektor vir 1980 tot 1985 (aantal duisende) . . . . .	89

HOOFSTUK 6

TABEL 6.1	Bruto geografiese produk en vestigingskoeffisiënte van die nege ontwikkelingstreke vir 1985 (R'000) . . . . .	110
TABEL 6.2	Vestigingskoeffisiënte van die verskillende agro-nywerheidsgroepe van die nege ontwikkelingstreke vir 1985 . . . . .	111

HOOFSTUK 7

TABEL 7.1	Internasionale handel vir 1985 (R'000) . . . . .	121
TABEL 7.2	Relatiewe aandeel van invoer en uitvoer vir 1985 . . . . .	121
TABEL 7.3	Internasionale invoer deur die agro-nywerheidsektor in 1985 teen 1985 pryse (R'000) . . . . .	122
TABEL 7.4	Internasionale invoer deur die agro-nywerheidsektor in 1985 teen 1985 pryse (R'000) . . . . .	123

**HOOFSTUK 8**

TABEL 8.1	Groei in invoer vanaf 1983 tot 1987 . . . . .	252
TABEL 8.2	Belangrike invoerprodukte (1987) \$(Miljoen) . . . . .	253
TABEL 8.3	VSA-dollar gemiddelde wisselkoers teen 'n mandjie ander geldeenhede . . . . .	254
TABEL 8.4	Waarde van Wêreldinvoer, deur die agro- nywerheidsektor . . . . .	255

**BYLAE A**

TABEL 2.1.1	Deflators soos bereken om 1980-data teen 1985-pryse aan te toon . . . . .	265
TABEL 2.1.2	Berekening van 1978-waardes teen 1985-pryse . . . . .	266
TABEL 2.1.3	Bepaling van die bruto binnelandse produk van die agro-nywerheidsektor deur die som van die vergoeding aan werknemers en die brutobedryf- surplus van die agro-nywerheidsektor vir 1978 (R'miljoen) . . . . .	267
TABEL 3.1.1	Bepaling van die bruto binnelandse produk van die agro-nywerheidsektor deur die som van die vergoeding aan werknemers en die brutobedryf- surplus van die agro-nywerheidsektor vir 1981 (R'miljoen) . . . . .	269
TABEL 4.1.1	Bepaling van die bruto binnelandse produk van die agro-nywerheidsektor deur die som van die vergoeding aan werknemers en die brutobedryf- surplus van die agro-nywerheidsektor vir 1985 (R'miljoen) . . . . .	271
TABEL 5.1.1	Bepaling van die bruto binnelandse produk van die agro-nywerheidsektor deur die som van die vergoeding aan werknemers en die brutobedryf- surplus van die agro-nywerheidsektor vir 1988 (R'miljoen) . . . . .	273
BIBLIOGRAFIE . . . . .		285

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

### 1.1 Doelstelling

Die doelstelling van hierdie verhandeling is om die makro-ekonomiese bydrae van die agro-nywerheidsektor tot die ekonomiese ontwikkeling van die Republiek van Suid-Afrika te bepaal. Dit behels 'n ondersoek na die agro-nywerheidsektor in internasionale verband, die geografiese verspreiding van die agro-nywerheidsektor binne die Republiek van Suid-Afrika, die bydrae van dié sektor tot die bruto binnelandse produk, indiensneming en vestigingskoëffisiënte binne hierdie sektor en die bydrae daarvan tot die betalingsbalans.

### 1.2 Hipotese

Die agro-nywerheidsektor lewer 'n belangrike bydrae tot die ekonomiese ontwikkeling van die Republiek van Suid-Afrika. In 'n oorwegend landbougebied is die veronderstelling dat daar potensiaal behoort te wees in die ontwikkeling van die agro-nywerheidsektor.

### 1.3 Die belangrikste redes vir die studie

#### 1.3.1 Die aandeel van die landbousektor in ekonomiese ontwikkeling

Vanuit 'n ekonomiese, sosiale en kulturele uitgangspunt is die meerderheid minder-ontwikkelde lande van die landbousektor afhanklik (Todaro, 1989:21). Oor die algemeen word ekonomiese van die meeste minder-ontwikkelde lande deur die landbousektor oorheers. Die landbousektor in minder-ontwikkelde lande is vir 45 tot 90 persent van die totale uitset en

vir ongeveer 60 tot 95 persent van die totale indiensname verantwoordelik (Ghatak, 1986:18). Meer as die helfte van die bevolking van minder-ontwikkelde lande is betrokke by die landbousektor, òf vir hul voortbestaan, òf om voedsel en grondstowwe te produseer vir uitvoer na die nywerhede van ontwikkelde lande (Mountjoy, 1982:15). In ontwikkelde lande is slegs 10 persent van die bevolking aan die landbousektor verbonde (Salvatore, 1977:2). Hieruit is dit duidelik dat die ekonomiese groei en ontwikkeling van minder-ontwikkelde lande sterker aan die algemene ontwikkeling van die landbousektor gekoppel is.

Die meeste van die minder-ontwikkelde lande het in die verlede swaar gesteun op die uitvoer van gewasse soos rubber, koffie, tee en suiker om vir die invoer van beide voedsel en kapitaalprodukte te betaal (Booth & Sundrum, 1985:9). Om hierdie rede het hulle die grootste gedeelte van hul investering en navorsing op die produksie van landbouprodukte gekonsentreer, eerder as op die produksie van voedsel vir plaaslike verbruik.

Minder-ontwikkelde lande ondervind nie slegs probleme met die lae voedselproduksie relatief tot ander behoeftes nie, maar ook 'n tekort aan koopkrag by die grootste gedeelte van die bevolking. 'n Tekort aan voedsel kan opgelos word deur voedsel in te voer, in ruil vir uitvoer van surplus kontantgewasse, maar verhoogde uitvoer van surplus kontantgewasse verhoog nie noodwendig die inkomste van die armer dele van die bevolking nie.

Dit word vererger omdat die handelsverdienste van minder-ontwikkelde lande afgeneem het, weens die lae vraagelastisiteit na primêre produkte van ontwikkelde lande, wat in die meeste gevalle tot 'n verswakking in die ruilvoet van minder-ontwikkelde lande gelei het. Die voordele van investering in verhoogde produksie het verlore gegaan in die laer pryse wat ontvang is vir hierdie landbouprodukte.

'n Alternatief vir die uitvoer van kontantgewasse wat vir minder-ontwikkelde lande aangemoedig word, is die uitvoer van arbeidsintensief vervaardigde produkte (Booth & Sundrum, 1985:9).

In minder-ontwikkelde lande kan die nywerheidsektor nie sonder 'n basis uit die primêre sektor geskep word nie (Ghatak, 1986:18). So 'n basis word gewoonlik voorsien deur 'n goed ontwikkelde landbousektor wat voedsel, grondstowwe, arbeid en buitelandse valuta vir die ontwikkeling van beide die nywerheid- en die landbousektor verskaf (Dolny, 1991:209).

Produktiwiteit in die landbousektor van die Westerse lande, die grootste bron van die wêreld se voedselvoorraad, is aansienlik verhoog deur wetenskaplike tegnieke en deur die gebruik van meganiese tegnologie (Cameron, 1989:333). Hierdie tegnieke word oor die algemeen nie in minder-ontwikkelde lande gebruik nie, wat bydra tot 'n groot gaping tussen die produktiwiteit van ontwikkelde en minder-ontwikkelde lande (Cameron, 1989: 334).

Ontwikkeling met selfonderhouding as doel, moet oor die algemeen in die plattelandse gebiede, waarskynlik in die landbousektor spesifiek, begin (Todaro, 1989:290). 'n Strategie wat gebaseer is op toenemende plaaslike voedselproduksie deur 'n intensiewer gebruik van arbeid binne die landbousektor, behoort oorweeg te word (Booth & Sundrum, 1985:10).

Hierdie algemene uitgangspunt is net so van toepassing in die Republiek van Suid-Afrika, met 'n sterk minder-ontwikkelde komponent, waar talle verwantskappe met die landbousektor bestaan.

### **1.3.2 Omvang van die landbousektor in die Republiek van Suid-Afrika**

Die landbousektor in die Republiek van Suid-Afrika, wat vandag 'n kapitaalbate van ongeveer R50 miljard verteenwoordig, het van 'n eenvoudige begin meer as driehonderd jaar gelede ontwikkel. Vanweë die wisseling van klimaat en topografie is Suid-Afrika in staat om bykans alle soorte landbouprodukte te produseer (Departement Landbou-Ontwikkeling, 1989:1). Die relatiewe aandeel van die landbousektor in die bruto binne-landse produk het redelik konstant gebly oor die jare 1975 tot 1988. In 1975 was die landbousektor se aandeel 6,11 persent tot die bruto binne-landse produk en in 1988 het dit 6,09 persent beloop (kyk tabel 4.1, p. 74).

Die uiteenlopendheid van landboutoestande in die Republiek van Suid-Afrika is 'n voordeel. Enersyds bied dit die moontlikheid van 'n verskeidenheid boerderyaktiwiteite. Andersyds, stel dit die nywerheidsektor in staat om feitlik dwarsdeur die jaar 'n vloei van produksie na die markte te handhaaf. Dit bring ook mee dat die risiko in landbouproduksie verlaag word, omdat droogtes, peste of plae meestal plaaslik van aard is en teen-spoed gewoonlik nie gelyktydig in al die gebiede geld nie. Met die huidige tegnologie tot sy beskikking, staan die landbousektor van die Republiek van Suid-Afrika op die drumpel van groot vooruitgang (Departement Landbou-Ontwikkeling, 1989:16,15).

### **1.3.3 Hernieubare natuurlike hulpbronne**

Hernieubare natuurlike hulpbronne van die landbou-, bosbou- en visserysektor, speel 'n belangrike rol in die ekonomiese basis van die meeste minder-ontwikkelde gebiede in die Republiek van Suid-Afrika. Sulke bronne is byvoorbeeld kontantgewasse, vissery, lewende hawe en plantasies.

Bedrywe wat op die uitset van sulke bronne aangewese is, toon gevolglik groot potensiaal in hierdie gebiede en geniet 'n hoë prioriteit by streek-ontwikkeling.

#### **1.3.4 Inwaartse industrialisasie**

Inwaartse industrialisasie, as deel van 'n strategie om verstedeliking op 'n meer geordende wyse te laat plaasvind, berus grootliks op nywerhede wat op basiese behoeftes (byvoorbeeld voedselprodukte, skoeiselprodukte en meubels) en relatiewe arbeidsintensiteit gerig is. In die lig hiervan kan die agro-nywerheidsektor 'n belangrike bydrae tot die sukses van inwaartse industrialisasie maak. Dit kan ook 'n positiewe bydrae tot die toekomstige ontwikkeling van die metropolitaanse gebiede lewer (Hagen, 1986:113).

#### **1.3.5 Valutabesparing en -verdienste**

Die agro-nywerheidsektor toon 'n lae invoergeneigdheid omdat insette in die agro-nywerheidsektor feitlik uitsluitlik van plaaslike oorsprong is.

Die agro-nywerheidsektor is 'n belangrike verdieners van buitelandse valuta soos die hoë uitvoergeneigdheid en 'n gunstige ruilvoet van die agro-nywerheidsektor weerspieël (kyk hoofstuk 7, p. 115). Dit beteken dat verdere ontwikkeling van die agro-nywerheidsektor nie bykomende druk op die betalingsbalans sal plaas nie.

### 1.3.6 Verhoogde indiensname

Bedrywe binne die agro-nywerheidsektor vereis normaalweg nie arbeid van 'n hoë geskoolde vlak nie. Sodoende kan die agro-nywerheidsektor 'n belangrike bydrae tot verhoogde indiensname van laer geskoolde en selfs ongeskoolde arbeid binne streekverband lewer.

### 1.3.7 Ekonomiese groei

Agro-nywerhede kan 'n positiewe bydrae lewer tot ekonomiese groei deur veral die skepping van nywerheidsontwikkeling. Waarde toegevoeg in die produksieproses is baie hoër in die nywerheidsektor as in die landbou-sektor (Hagen, 1986:118-119). Produktiwiteit van die agro-nywerheidsektor is hoër as dié van die landbousektor en stimuleer gevolglik ekonomiese groei.

### 1.3.8 Skakelingseffekte

Skakelingseffekte val in twee groepe, naamlik rugwaartse en voorwaartse skakeling (Hagen, 1986:127-128).

Rugwaartse skakelingseffekte dui op 'n spesifieke sektor se behoefte aan insette vanaf ander sektore. Byvoorbeeld, indien die landbousektor meer van 'n spesifieke produk wil produseer, moet meer kunsmis, onderdele, ensovoorts vanuit ander sektore aangekoop word. Gevolglik is daar 'n styging in produksie, indiensneming, inkomste en die vraag na bykomende kapitaal. Rugwaartse skakeling het dus ekonomiese groei tot gevolg.

Voorwaartse skakeling dui op 'n spesifieke sektor se uitsetstruktuur, met

ander woorde, aan watter sektore word die spesifieke sektor se produk verkoop. Byvoorbeeld, landbou verkoop aan mynwese, die buiteland, ensovoorts. Wat hier van ekonomiese belang is, is die buitelandse valuta wat deur die voorwaartse skakeling gegenerer word.

Weens die sterk voor- en veral rugwaartse skakeling van die agro-nywerheidsektor met ander sektore in die ekonomie, sal verdere ontwikkeling van die agro-nywerheidsektor tot verhoogde indiensname en ekonomiese groei oor 'n wye front kan lei.

## **1.4 Studiemetodes**

### **1.4.1 Literatuurondersoek**

Vir die doeleindes van hierdie studie is 'n literatuurondersoek noodsaaklik om 'n duidelike beeld van die rol van die agro-nywerheidsektor, te gee. Verskeie inligtingsbronne, insluitend ongepubliseerde en gepubliseerde bronne, is vir die doeleindes van dié studie gebruik en dit word in hoofstuk 2 behandel. Daar is 'n tekort aan literatuur oor spesifiek die agro-nywerheidsektor. Literatuur oor die landbousektor is maklik bekombaar, maar literatuur oor die verdere verwerking van die landbouprodukte, deur die agro-nywerheidsektor, is skaars en slegs enkele bronne kon opgespoor word.

### **1.4.2 Empiriese ondersoek**

Die grootste gedeelte van die verhandeling bestaan uit 'n empiriese ondersoek. Daar word van groot hoeveelhede statistiese data gebruik gemaak, wat dan verder deur aanvaarde statistiese metodes verwerk word. Van die metodes sluit onder andere in deflering, wisselkoersaanpassings,

die berekening van gemiddeldes, en toepassing van formules vir die berekening van vestigingskoëffisiënte. Die gegewens word ook deurgaans grafies voorgestel om 'n duidelike beeld te verskaf.

## **1.5 Afbakening van studiegebied**

### **1.5.1 Geografiese afbakening**

Data wat beskikbaar is, is slegs van toepassing op die Republiek van Suid-Afrika en sluit nie die Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei in nie. Daarom is die studie slegs tot die Republiek van Suid-Afrika beperk. Weens die groot mate van integrasie van hierdie gebiede met die ekonomie van die Republiek van Suid-Afrika, behoort die bevindings van hierdie studie ook van toepassing op hierdie gebiede te wees. Die grense van die nege ontwikkelingstreke in die Republiek van Suid-Afrika word op kaart 1 (kyk p. 12) aangedui.

### **1.5.2 Tydperk**

Aangesien data nie vir latere jare as vir 1988 beskikbaar is nie, strek die studie slegs oor die tydperk 1972 tot 1988. Die bruto binnelandse produk vir die jare 1972, 1978, 1982, 1985 en 1988 is vergelyk omdat inset-uitset-tabelle deur Sentrale Statistiekdiens vir hierdie jare beskikbaar is. Data op streekvlak is slegs beskikbaar vir die jaar 1985 en gevolglik is alle streekontledings slegs vir die jaar 1985 gedoen.

### **1.5.3 Nywerhede wat bestudeer word**

Die nywerhede wat ondersoek word, is dié waar die insette hoofsaaklik

direk en indirek vanuit plaaslike hernieubare natuurlike hulpbronne (eie landbou-, bosbou- en visserysektor) afkomstig is (Departement van Ontwikkelingsbeplanning, 1989:2).

#### **1.5.4 Verskil tussen agro-nywerheidsektor en ander nywerhede**

Vir die doeleindes van hierdie verhandeling is die nywerheidsektor verdeel in 'n agro-nywerheidsektor en ander nywerhede.

#### **1.5.5 Verskil tussen die begrip nywerheid- en fabriekswesesektor**

In amptelike publikasies soos byvoorbeeld die Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB, Maart 1983:S-84) word verwys na die fabriekswesesektor wat dieselfde is as wat in hierdie verhandeling onder die nywerheidsektor verstaan word. Die term nywerheidsektor word verkies omdat dit verwys na nywerhede en dit die meer algemene vorm in die spreektaal is. Daar sal slegs gebruik gemaak word van die term fabriekswesesektor wanneer na amptelike publikasies verwys word en dit geld vir hoofstukke 4, 5 en 7.

#### **1.5.6 Skakelingseffekte**

Soos uit die studie sal blyk, is daar groot skakelingseffekte (kyk byvoorbeeld p. 6), byvoorbeeld indiensneming en buitelandse valutaverdienste, maar weens die uiteenlopendheid van verskillende agro-nywerhede is dit te omvangryk om 'n makro-ekonomiese analise van al die skakelingseffekte in hierdie studie te maak. Dit beteken ook dat aansienlike mikro-ekonomiese analises nodig sal wees vir individuele agro-nywerhede wat dit

te omvangryk maak vir die doeleindes van hierdie verhandeling.

### **1.5.7 Onbekende gegewens**

Indien daar slegs vier of minder ondernemings in 'n ontwikkelingstreek bestaan wat 'n sekere produk vervaardig, word hierdie gegewens weens vertroulikheid nie in hierdie studie aangedui nie. In die 1985 inset-uitset-tabelle (Kantoor vir Streekontwikkeling, 1991b) wat in hierdie studie gebruik is, word hierdie vertroulike gegewens by die sektor 'ander vervaardiging' ingesluit.


### **1.5.8 Nommering van grafieke en tabelle**

Weens die groot getalle tabelle en grafieke word nommering daarvan ooreenkomstig die nommering van paragrawe gedoen. Gevolglik sal verwarring voorkom word en is dit maklik vir verwysingsdoeleindes.

## **1.6 Uiteensetting van studie**

Hoofstuk 1 verskaf agtergrond vir die studie en redes word aangevoer waarom die studie gedoen is. Die rol van die agro-nywerheidsektor word in hoofstuk 2, wat 'n teoretiese hoofstuk is, bespreek. Verskillende interpretasies en die betekenis van die term agro-nywerheidsektor, die klassifikasie daarvan asook die belangrikheid van die agro-nywerheidsektor word bespreek. Die faktore wat die agro-nywerheidsektor beïnvloed en die finansiering van die nywerhede word ook ontleed. Hoofstuk 3 handel oor die geografiese verspreiding van die agro-nywerheidsektor. Die bydrae tot die bruto binnelandse produk wat uit die bruto bedryfsurplus en

arbeidsvergoeding saamgestel word, word in hoofstuk 4 bespreek. In hoofstuk 5 word indiensneming deur die agro-nywerheidsektor bespreek. Vestigingskoëffisiënte wat 'n aanduiding van die relatiewe voordele van die ekonomiese aktiwiteit in 'n streek gee, word in hoofstuk 6 bespreek. In hoofstuk 7 word die invloed van die agro-nywerheidsektor relatief tot die res van die nywerheidsektor op die lopende rekening van die betalingsbalans ontleed. Hoofstuk 8 konsentreer hoofsaaklik op die totale omvang van invoer deur alle lande, groeitendense in onlangse jare en die belangrikste in- en uitvoerders. Hierdie hoofstuk gee benaderde aanduidings van moontlike uitvoerpotensiaal. Verdere navorsing is nodig om te bevestig of die potensiaal waarvan aanduidings gevind is, wel bestaan. Hoofstuk 9 is 'n samevattende hoofstuk. Daar word ook aanbevelings ten opsigte van die ontwikkelingsmoontlikhede van die agro-nywerheidsektor gemaak.



NAMIBIË

BOTSWANA

MOÇAMBIQUE

VENDA

SWAZILAND

LESOTHO

RSA

ATLANTIESE OSEEAAN

INDIESE OSEEAAN

-  Ontwikkelingstreke
-  Beplanningstreke
-  Onafhanklike State
-  Selfregerende Gebiede



Skaal 1:5000 000

## HOOFSTUK 2

### TEORETIESE AGTERGROND VAN DIE ROL VAN DIE AGRO-NYWERHEIDSEKTOR

#### 2.1 Inleiding

Daar bestaan heelwat onduidelikhede oor wat presies met die begrip "agro-nywerheidsektor" bedoel word. Die doel met hierdie hoofstuk is om die teoretiese agtergrond oor die rol van die agro-nywerheidsektor in die ekonomie te skets. Daarvoor word die betekenis van die agro-nywerheidsektor; die klassifikasie van die agro-nywerheidsektor; die belangrikheid van die agro-nywerheidsektor; beperkende en stimulerende faktore op die bydrae van die agro-nywerheidsektor en die finansiering van die agro-nywerheidsektor bespreek.

#### 2.2 Betekenis

##### 2.2.1 Definisies in die literatuur

Definisies wat oor die agro-nywerheidsektor bestaan, verskil op grond daarvan of die inset- (nywerhede wat insette vanaf die primêre sektor verkry) of uitsetkant (nywerhede wat hul uitsette aan die primêre sektor verskaf) van die agro-nywerheidsektor ontleed word. Die belangrikste rede vir die verskil in definisie is die uiteenlopende doelwitte van verskillende individue en organisasies in hul ontleding van die sogenaamde agro-nywerheidsektor. Dit is weer 'n direkte gevolg van die spesifieke doel en funksies wat elkeen van hierdie partye in die samelewing vervul. Vervolgens word drie definisies kortliks bespreek wat verteenwoordigend van die standpunte oor insette en uitsette is. Oor elkeen word aangedui wat nie van toepassing vir die Republiek van Suid-Afrika kan wees nie. Die definisie wat in hierdie studie gebruik word, waarin die belangrikste

eienskappe van die drie verteenwoordigende definisies ook aangetref word, word daarna bespreek.

### 2.2.1.1 Lee

Lee se definisie verteenwoordig beide die uitset- en insetkant. Lee (1978:8) meen dat die agro-nywerheidsektor 'n vermenging van die landbousektor, vervaardiging en dienste is, bestaande uit al die ondernemings wat boere van hulle benodigdhede voorsien. Dit bestaan enersyds uit saad, kunsmis, gereedskap, masjinerie en dienste van veeartseny- en landboukundiges.

Andersyds sluit die agro-nywerheidsektor ook al daardie instellings in wat oeste van plase en veeplase koop, dit vervoer, verwerk, verpak en aflewer aan die groothandelaars en winkels vir die verbruikersmark (Lee, 1978:8,9).

Lee verdeel die agro-nywerheidsektor in sewe hoofvertakkings wat alle aspekte van boerdery en veeboerdery insluit. Hierdie vertakkings is landbouproduksie, landbouvoorraad/dienste, landboukundiges, tuinbou, bosbou en natuurlike hulpbronne (Lee, 1978:9).

Die eerste gedeelte van Lee se definisie van die agro-nywerheid handel oor ondernemings wat boere van hul benodigdhede voorsien. Die tweede gedeelte van Lee se definisie handel oor instellings wat oeste van plase en veeplase koop, dit vervoer, verwerk, verpak en aflewer aan groothandelaars en winkels vir die verbruikersmark.

### **2.2.1.2 Kinsey**

Kinsey se definisie verteenwoordig ook standpunte oor die inset- en uitsetkant. Kinsey (1987:71) omskryf die agro-nywerheidsektor as daardie nywerhede wat produkte van die primêre sektor verwerk, afwerk, bewaar of bemark (gesaaides, lewende hawe, die bosbou- en visserysektor ingesluit) of wat insette aan die primêre sektor lewer. Volgens hierdie definisie word nywerhede wat byvoorbeeld masjinerie of petroleum aan die landbousektor verskaf, as 'n agro-nywerheid beskou.

### **2.2.1.3 Austin**

Die definisie van Austin (1981:3) beskou die agro-nywerheid van die insetkant. Volgens Austin is 'n agro-nywerheid 'n onderneming wat landbou-grondstowwe verwerk, insluitend gesaaides en lewende hawe. Die graad van verwerking varieer aansienlik, en sluit vanaf die skoonmaak en gradering van appels tot die maal van rys, asook die kook, meng en chemiese verandering van groentes in. In die algemeen verhoog kapitaal-investering, bestuurvereistes en tegnologiese kompleksiteit proporsioneel met die graad van verwerking. Die doel met die verwerking van rouvoedsel en -vesel is om dit in 'n eetbaarder vorm te omskep, bergingsvermoë te verhoog, 'n makliker vorm vir vervoer te verkry, en om die voedingswaarde van voedsel te verhoog.

## **2.2.2 Definisie en kernaspekte vir hierdie studie**

### **2.2.2.1 Definisie**

Uit die bogenoemde definisies en die gebruik van Departement Streek- en Grondsake (voorheen Departement van Ontwikkelingsbeplanning) word 'n

agro-nywerheid vir die doeleindes van hierdie studie soos volg gedefinieer:

Agro-nywerhede<sup>1</sup> is daardie vervaardigingsnywerhede waarvan die insette hoofsaaklik direk en indirek vanuit plaaslik hernieubare natuurlike hulpbronne (landbou-, bosbou- en visserysektor) afkomstig is (Departement van Ontwikkelingsbeplanning, 1989:2). Die term agro-nywerheidsektor word gebruik indien daar na die agro-nywerhede in die geheel verwys word.

In hierdie studie word die agro-nywerheidsektor slegs vanuit die insetkant bestudeer. Die redes hiervoor is: Eerstens om net nywerhede wat vir hulle insette van die landbousektor afhanklik is, te bestudeer. Nywerhede wat vir hulle uitsette van die landbousektor afhanklik is, is dus 'n studie op sigself en word nie as agro-nywerhede beskou nie. Tweedens, indien die agro-nywerheidsektor ook vanuit die uitsetkant bestudeer word, dit wil sê ondernemings wat hulle uitsette aan die landbousektor verskaf, byvoorbeeld kunsmis, trekkers, ensovoorts, sou dit die studie te omvattend maak. Derdens is data tans ook meer geredelik vir 'n studie van die agro-nywerheidsektor op grond van die insetkant beskikbaar.

Dit beteken verder dat slegs die tweede gedeelte van Lee se definisie (kyk p. 14) van 'n agro-nywerheidsektor op hierdie studie van toepassing is. Volgens Kinsey se definisie word nywerhede wat byvoorbeeld masjinerie of petroleum aan die primêre sektor verskaf, as 'n agro-nywerheid beskou. In die definisie wat in hierdie studie gebruik word, word dié nywerhede nie as deel van die agro-nywerheidsektor beskou nie. Die definisie van Austin is in ooreenstemming met die definisie wat in hierdie studie gebruik word, aangesien die agro-nywerheidsektor ook in dié definisie vanuit die insetkant (nywerhede wat insette vanaf die primêre sektor verkry) ontleed word.

---

1

Agro-nywerhede word volgens die definisie in 23 verskillende groepe (agro-nywerheidsgroepe) verdeel (kyk p. 19).

Vir groter duidelikheid van die betekenis van die agro-nywerheidsektor is dit nodig om enkele aspekte verder te verduidelik:

#### 2.2.2.2 Vervaardiging

Die klem val op "vervaardiging". Ander nywerhede wat ook met die landbou-, bosbou- en visserysektor verband hou, maar wat nie vervaardigingsaktiwiteite van die uitsette van hierdie bronne onderneem nie, vorm dus nie deel van die agro-nywerheidsektor nie. Die verbouing en lewering van graan deur 'n boer, met al die gepaardgaande aktiwiteite, kan byvoorbeeld nie as 'n agro-nywerheid geklassifiseer word nie, omdat die produk nog geen stadium van verdere verwerking ondergaan het nie. Eers wanneer die graan gemaal word, word 'n spesifieke vervaardigingsaktiwiteit ten opsigte van die produk onderneem wat volgens die bostaande definisie as 'n agro-nywerheid geklassifiseer kan word.

#### 2.2.2.3 Insette

'n Tweede belangrike aspek van die definisie is dat daar van die begrip "insette" gebruik gemaak word om daardie nywerhede binne die agro-nywerheidsektor van ander nywerhede in die nywerheidsektor te onderskei. Hoewel insette nie noodwendig die grootste bydrae in 'n vervaardigingsproses lewer nie, bly dit een van die geskikste en eenvoudigste maatstawwe op grond waarvan een nywerheid van 'n ander onderskei kan word.

Verder moet die insette, om as 'n agro-nywerheid bekend te staan, "hoofsaaklik direk of indirek" van die landbou-, bosbou- of visserysektor afkomstig wees. Met "hoofsaaklik" word in werklikheid bedoel dat die grootste hoeveelheid insette vanuit een of meer van hierdie sektore af-

komstig moet wees. Wanneer die insette van 'n nywerheid hoofsaaklik "direk" vanaf hernieubare bronne afkomstig is, is dit volgens die definisie 'n agro-nywerheid.

Aan die hand van die volgende voorbeelde kan geïllustreer word dat dit ook die geval is indien die insette hoofsaaklik "indirek" van hierdie bronne afkomstig is. Bakkerye word as 'n agro-nywerheidsgroep geklassifiseer omdat die grootste hoeveelheid insette in hierdie nywerheidsgroep vanaf die graanmeulnywerheid afkomstig is. Die graanmeulnywerheid kry weer op sy beurt sy grootste insette uit die landbousektor. Om dieselfde rede word spin en weef van tekstiele en tekstielprodukte volgens hierdie definisie nie as 'n agro-nywerheidsgroep beskou nie. Hoewel hierdie nywerhede insette vanaf wolwassery en -kammery en katoenpluisery (wat 'n agro-nywerheidsgroep is), verkry, is relatief die grootste insette vanuit die sintetiese en chemiese nywerhede afkomstig. Dié nywerheid word dus nie as 'n agro-nywerheidsgroep geklassifiseer nie.

#### 2.2.4 Natuurlike hulpbronne

Derdens is dit van belang dat die insette hoofsaaklik vanuit die "landbou-, bosbou- en visserysektor" ("hernieubare" natuurlike hulpbronne) afkomstig moet wees. Die rede hiervoor is dat hierdie drie sektore die belangrikste deel vorm van die ekonomiese basis van verskeie landelike gebiede waar ontwikkeling 'n hoë prioriteit geniet. Vervaardigingsnywerhede wat die produkte van hierdie drie sektore as die belangrikste insette het, het dus 'n besondere potensiaal vir verdere ontwikkeling in sulke landelike gebiede.

### 2.2.5 Plaaslike natuurlike hulpbronne

'n Vierde aspek van belang, is dat insette van "plaaslike" natuurlike hulpbronne afkomstig moet wees. Hierdeur word bepaalde nasionale makro-ekonomiese doelwitte gedien, soos verhoogde indiensname en beskerming van die betalingsbalans.

### 2.3 Klassifikasie van die agro-nywerheidsektor

Tabel 2.3 (kyk p. 20) gee 'n uiteensetting van die nywerhede wat as agro-nywerhede volgens die voorgaande definisie in 23 verskillende groepe geklassifiseer word.<sup>2</sup>

Elkeen van die 23 agro-nywerheidsgroepe verwerk insette wat hoofsaaklik van die plaaslike landbou-, bosbou- en visserysektor afkomstig is. Die aktiwiteite wat onder elkeen van hierdie agro-nywerheidsgroepe val, word vervolgens uiteengesit (SSD, 1988:18-22):

#### 2.3.1 Vleisverwerking (3111)

Volgens die SNK-klassifikasie, vervaardig hierdie agro-nywerheidsgroep die volgende produkte:

31110: Slagpale: slag, bewerking en verpakking van lewende hawe<sup>3</sup>, met inbegrip van pluimvee en kleinwild, vir vleis

---

<sup>2</sup> Die kode van die Standaardnywerheidsklassifikasie van alle Ekonomiese Bedrywigheede, kortliks die SNK-kode, word deurgaans vir maklike verwysing aangedui.

<sup>3</sup> Hieronder word in hierdie studie verstaan die slag van lewende hawe en die bewerking en verpakking van vleis.

- 31111: Ingemaakte en bereide vleissoorte en -spesialiteite, met inbegrip van vleissoppe, -poedings en -pasteie
- 31112: Natuurlike worsderms; harde vet, sagte vet en varkvet

**TABEL 2.3 Klassifikasie van agro-nywerheidsgroepe in die agro-nywerheidsektor**

NYWERHEID	SNK - KODE
VLEISVERWERKING	3111
SUIWELPRODUKTE	3112
INMAAK EN PRESERVERING VAN VRUGTE EN GROENTE	3113
INMAAK VAN VIS EN MAAK VAN VISOLIE	3114
OLIES EN VETTE, INGESLUIT WALVISOLIE	3115
GRAANMEULENS	3116
BAKKERY	3116
SUIKERFABRIEKE	3118
KAKAO, SJOKOLADE EN SUIKERLEKKERGOED	3119
ANDER VOEDSELVERWERKING	3121
BEREIDE DIEREVOEDSEL	3122
DISTILLERINGEN WYNMAKERY	3131
MOUT EN MOUTDRANKE	3133
NIE-ALKOHOLIESE DRANKE	3134
TABAKPRODUKTE	3140
WOL EN KATOENVERWERKING	3211
LOOIERY EN LEERAFWERKING	3231
LEERPRODUKTE EN LEERSUBSTITUTE	3233
SKOEISEL	3240
HOUT EN HOUTPRODUKTE, UITGESONDERD MEUBELS	3310
MEUBELS	3320
PULP, PAPIER EN PAPIERBORD	3411
PAPIERHOERS	3412

Bron: SSD, 1988:18-22

### **2.3.2 Suiwelprodukte (3112)**

Volgens die SNK-klassifikasie, vervaardig hierdie agro-nywerheidsgroep die volgende produkte:

31120: Botter en kaas

31121: Gekondenseerde melk, melkpoeier en ander eetbare melkprodukte, uitgesonderd roomys, ysies, ensovoorts

31122: Roomys, ysies en ander bevrore melknageregte

### **2.3.3 Inmaak en preservering van vrugte en groente (3113)**

Volgens die SNK-klassifikasie, vervaardig hierdie agro-nywerheidsgroep die volgende produkte:

31130: Ingemaakte, gepreserveerde en gedroogde vrugte en groente; vrugte-; groentesappe; varsvrugtedranke en -kwasse; konfyte en jellies

31131: Atjar en souse

31132: Verpakking van droëvrugte

### **2.3.4 Inmaak van vis en maak van visolie (3114)**

Volgens die SNK-klassifikasie, vervaardig hierdie agro-nywerheidsgroep die volgende produkte:

31140: Ingemaakte en gepreserveerde vis, vismeel en visolie, met inbegrip van sodanige verwerking op fabriekskepe

### **2.3.5 Olies en vette, ingesluit walvisolie (3115)**

Volgens die SNK-klassifikasie, vervaardig hierdie agro-nywerheidsgroep

die volgende produkte:

- 31150: Ru-olie en oliesaadkoek en -meel
- 31151: Saamgestelde kookvete, margarien en eetbare olies
- 31152: Walvisolie

### **2.3.6 Graanmeulens (3116)**

Volgens die SNK-klassifikasie, vervaardig hierdie agro-nywerheidsgroep die volgende produkte:

- 31660: Meelblom en ander graanmeulprodukte, met inbegrip van droë veevoer
- 31161: Kitsontbytkosse

### **2.3.7 Bakkerprodukte (3117)**

Volgens die SNK-klassifikasie, vervaardig hierdie agro-nywerheidsgroep die volgende produkte:

- 31170: Brood, koek en beskuitjies
- 31171: Macaroni, vermicelli en spaghetti

### **2.3.8 Suikerfabrieke (3118)**

Volgens die SNK-klassifikasie, vervaardig hierdie agro-nywerheidsgroep die volgende produkte:

- 31180: Vervaardiging en raffinering van suiker en gouestroop

### **2.3.9 Kakao, sjokolade en suikerlekkergoed (3119)**

Volgens die SNK-klassifikasie, vervaardig hierdie agro-nywerheidsgroep die volgende produkte:

- 31190: Sjokolade, suikerlekkergoed en kakao
- 31191: Geroosterde grondboontjies, ander neute en springmielies

### **2.3.10 Ander voedsel (3121)**

Volgens die SNK-klassifikasie, vervaardig hierdie agro-nywerheidsgroep die volgende produkte:

- 31210: Geursels
- 31211: Asyn
- 31212: Koffiebrandery, sigoreimalery en menging en verpakking van tee
- 31213: Suurdeeg
- 31219: Ander voedselprodukte, nie elders geklassifiseer nie (met inbegrip van voorafbereide etes alleen vir herverkoop, wynsteenmateriaal, bakpoeier, jellies, vla, poedingpoeiers en geraffineerde sout, uitgesonderd sout vervaardig as deel van die ontginning van soutpanne en -myne)

### **2.3.11 Bereide dierevoedsel (3122)**

Volgens die SNK-klassifikasie, vervaardig hierdie agro-nywerheidsgroep die volgende produkte:

- 31220: Gebalanseerde veevoer
- 31221: Kerf van kaf; geperste voer; en die maal van lusernmeel
- 31222: Been- en bloedmeel

**2.3.12 Distillering en wynmakery (3131)**

Volgens die SNK-klassifikasie, vervaardig hierdie agro-nywerheidsgroep die volgende produkte:

31310: Stokery en wynmakerye

**2.3.13 Mout en moutdranke (3133)**

Volgens die SNK-klassifikasie, vervaardig hierdie agro-nywerheidsgroep die volgende produkte:

31330: Brouerye, uitgesonderd sorghumbierbrouerye

31331: Brouerye van sorghumbier

31332: Mout

**2.3.14 Nie-alkoholiese drank (3134)**

Volgens die SNK-klassifikasie, vervaardig hierdie agro-nywerheidsgroep die volgende produkte:

31130: S্পuitwater en alkoholvrye drank, met inbegrip van strope, maar uitgesonderd nywerhede wat hoofsaaklik vrugtesappe vervaardig

**2.3.15 Tabakprodukte (3140)**

Volgens die SNK-klassifikasie, vervaardig hierdie agro-nywerheidsgroep die volgende produkte:

31400: Sigarette, sigare, tabak, snuif, ensovoorts

**2.3.16 Wol en katoenverwerking (3211)**

Volgens die SNK-klassifikasie, vervaardig hierdie agro-nywerheidsgroep die volgende produkte:

- 32110: Wolwassery en -kammery
- 32111: Kantoenpluisery
- 32112: Veselvervaardiging (dierlik en plantaardig)
- 32113: Kleur, bleik, druk- en afwerk, uitgesonderd geïntegreerde produksie
- 32114: Komberse
- 32115: Spin, weef en afwerk van garing en stowwe hoofsaaklik van wol, uitgesonderd komberse, tapyte en vloermatte
- 32116: Spin, weef, afwerk van garing en stowwe anders as hoofsaaklik van wol, uitgesonderd komberse, tapyte en vloermatte

**2.3.17 Looierye en leerafwerking (3231)**

Volgens die SNK-klassifikasie, vervaardig hierdie agro-nywerheidsgroep die volgende produkte:

- 32310: Looierye vir leer en pels
- 32311: Velbereiding

**2.3.18 Leerprodukte en leersubstitute (3233)**

Volgens die SNK-klassifikasie, vervaardig hierdie agro-nywerheidsgroep die volgende produkte:

- 32330: Tuie en saals
- 32331: Reisbenodigdhede

- 32332: Dameshandsakke
- 32339: Algemene en klein produkte van leer en leersubstitute

**2.3.19 Skoeisel (3240)**

Volgens die SNK-klassifikasie, vervaardig hierdie agro-nywerheidsgroep die volgende produkte:

- 32400: Skoeisel

**2.3.20 Hout en houtprodukte, uitgesonderd meubels (3310)**

Volgens die SNK-klassifikasie, vervaardig hierdie agro-nywerheidsgroep die volgende produkte:

- 33110: Saag van hout uit ronde blokke en houtverduursaming
- 33111: Bord van lamel, laaghout, ensovoorts
- 33112: Maal en pars van wattelbas
- 33113: Saag van hout, nie uit ronde blokke nie; timmer- en skrynwerk en voorafvervaardigde houtgeboue (uitgesonderd die oprigting op die perseel van aangekoopte materiaal)
- 33119: Ander saagmeulprodukte soos kuipery, houtwol, ensovoorts

**2.3.21 Meubels (3320)**

Volgens die SNK-klassifikasie, vervaardig hierdie agro-nywerheidsgroep die volgende produkte:

- 33200: Meubels, met inbegrip van gestoffeerde meubels

### 2.3.22 Pulp, papier en papierbord (3411)

Volgens die SNK-klassifikasie, vervaardig hierdie agro-nywerheidsgroep die volgende produkte:

34110: Pulp, papier, papier- en veselbord

### 2.3.23 Papierhouers (3412)

Volgens die SNK-klassifikasie, vervaardig hierdie agro-nywerheidsgroep die volgende produkte:

34120: Vervaardiging van ligte verpakkings: nie geriffelde, buigbare, stywe en opvoubare kardoese en dose

34121: Vervaardiging van swaar verpakkings: papiersakke, baalsakke en geriffelde houers

## 2.4 Die belangrikheid van die agro-nywerheidssektor

### 2.4.1 Uitgangspunt

In die meeste lande is voedsel- en veselverwerking 'n basis vir die land se nywerheid. Agro-nywerheidssektore is belangriker vir die ekonomieë van minder-ontwikkelde lande en neem af in belangrikheid soos die lande verder industrialiseer (Austin, 1981:8). Aangesien die agro-nywerheidssektor op plaasprodukte gebaseer is, kan hulle in gebiede gevestig word waar ander nywerhede moeilik lewensvatbaar sal wees (Brown, 1986:42). In minder-ontwikkelde lande behoort die agro-nywerheidssektor 'n leidende rol te speel om hoë koerse vir huidige en toekomstige groei en ontwikkeling te verseker.

Volgens Austin (1981:5,6) kan die agro-nywerheidsektor 'n betekenisvolle bydrae tot die ekonomiese ontwikkeling van 'n land se landbousektor lewer, voedselverskaffing verbeter en uitvoer bevorder. Die nywerheidsektor moet in die vinnig groeiende vraag vir vervaardigde produkte wat minder-ontwikkelde lande vanweë betalingsbalansprobleme nie kan invoer nie, voorsien (Salvatore, 1977:67). Die agro-nywerheidsektor voorsien in hierdie behoefte want dit verminder die afhanklikheid van invoer vir die voorsiening van voedsel en grondstowwe (Brown, 1986:42). Die agro-nywerheidsektor is ook verantwoordelik vir die opleiding van arbeid, sodat dit in hoogsbetaalde werk geabsorbeer word, en om die ernstige werkloosheid en onderindiensnemingsprobleem van die landbousektor te verlig (Salvatore, 1977:67).

Austin (1981:9,10) stel dit dat 'n verdere aanduiding van die belangrikheid van agro-nywerheidsektor binne die nywerheidsektor die indiensenemingsvermoë van die agro-nywerheidsektor is, veral omdat dit vir beide mans en vrouens werkgeleenthede skep.

#### 2.4.2 Bydrae tot die bruto binnelandse produk

Hoewel die proporsionele aandeel van die landbousektor in 'n land se totale produksie gewoonlik met ekonomiese ontwikkeling daal, behou of verhoog die agro-nywerheidsektor sy aandeel soos die nywerheidsektor en dienste uitbrei (Brown, 1986:42). Daarom dra die agro-nywerheidsektor 'n groeiende aandeel by tot die totale waarde toegevoeg in die landbousektor, soos wat verbruikers se verhoogde inkomste 'n vraag na 'n hoër graad van verwerking en 'n beter gehalte voedsel en nie-voedselprodukte skep.

In minder-ontwikkelde lande lewer voedselverwerking minder as vyf per-

sent van die bruto binnelandse produk terwyl die landbousektor meer as vyftig persent lewer (Brown, 1986:42). In Bangladesh, byvoorbeeld, is die ooreenstemmende waardes 4 persent en 53 persent onderskeidelik. In Argentinië, wat in 'n verdere stadium van ontwikkeling is, lewer voedselverwerking ongeveer 32 persent en die landbousektor 11 persent van die bruto binnelandse produk.

Vir die doeleindes van hierdie verhandeling is die nywerheidsektor verdeel in 'n agro-nywerheidsektor en ander nywerhede. Sodoende kan die aandeel van die agro-nywerheidsektor in die nywerheidsektor bepaal word.

Met die verdeling van die nywerheidsektor in ander en agro-nywerhede is bevind dat ander nywerhede 76 persent en die agro-nywerheidsektor 24 persent van die nywerheidsektor se bydrae tot die bruto binnelandse produk van die Republiek van Suid-Afrika verteenwoordig het in 1988 (kyk hoofstuk 4, p. 69).

### **2.4.3 Onderbenutting van die agro-nywerheidsektor**

Die rol van die agro-nywerheidsektor is oor die algemeen nie van beduidende ekonomiese belang in die meeste minder-ontwikkelde lande nie. Die aansienlike potensiaal vir groei en modernisering van hierdie sektor is tot dusver relatief onderbenut. Dit is hoofsaaklik omdat beleidmakers in baie minder-ontwikkelde lande stelselmatig ten gunste van swaar nywerhede gediskrimineer het (The Agribusiness Council, 1975:9). Net so het wetenskaplik gebaseerde vooruitgang in die landbousektor van die minder-ontwikkelde lande ook tot onlangs onverweselik gebly. Die gesamentlike bydrae van die tegnologie en die agro-nywerheidsektor is nog nie voldoende ingespan vir ontwikkeling nie.

#### 2.4.4 Behoeftes in die landbousektor

Die meeste landbouprodukte, insluitend bestaansmiddele, word wel in 'n mate verwerk. 'n Land kan slegs die produksie van die landbousektor ten volle benut, as daar 'n goeie agro-nywerheidsektor is. Die vraag en behoefte na verwerkingsdienste styg namate landbouproduksie verhoog (Austin, 1981:6).

Die nywerheidsektor kan nie verder uitbrei sonder 'n gebalanseerde uitbreiding in die uitset van die landbousektor nie (Myint, 1982:111). Daar is nie 'n maklike keuse tussen die ontwikkeling van òf die nywerheidsektor òf die landbousektor nie, omdat die twee sektore baie nou verbonde is (Mountjoy, 1982:79). Gevolglik kan die suksesvolle loodsing van programme vir nywerheidsontwikkeling ook van die verbetering in die landbousektor afhanklik wees. Daarom is die sistematiese verbetering van die landbousektor 'n belangrike taak vir minder-ontwikkelde lande (Mountjoy, 1982:80).

#### 2.4.5 Uitvoerbevordering deur die agro-nywerheidsektor

Die belangrikste natuurlike hulpbron van die meeste minder-ontwikkelde lande is die landbousektor. Weens die internasionale vraag na landbouprodukte en vanweë die feit dat die produksiekapasiteit plaaslike verbruik kan oorskry, is daar 'n geleentheid vir uitvoer. 'n Land moet egter sy grondstowwe in 'n gepaste vorm vir uitvoer verwerk.

Selfs minimale verwerking, soos graandroging of katoenpluisery, voeg ekonomiese waarde by die produksie en kan buitelandse valuta en indiensname genereer. Die waarde van agro-nywerheidsektorprodukte neig om dié van ander vervaardigde uitvoerprodukte te oorskry (Austin, 1981:11-

12). Die rede hiervoor is dat die plaaslike deel van toegevoegde waarde neig om met verloop van tyd te verhoog deur 'n verbetering in die graad van grondstowwe wat verwerk word.

In die lande waar nywerheidsontwikkeling sterk op internasionale markte berus het, was die ruilvoet positief gedurende die 1980's. Die gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat die proses van nywerheidsontwikkeling die effek van die ruilvoet positief beïnvloed en verbeter (Gwynne, 1990:43,44). Dit is vir minder-ontwikkelde lande van groot belang om die uitbreiding in vervaardigde uitvoer eerder as primêre uitvoer te bevorder (Gwynne, 1990:94). Byvoorbeeld in plaas van om mielies uit te voer, is dit beter om mieliemeel uit te voer, waar die mielie reeds 'n graad van verwerking ondergaan het.

In die Republiek van Suid-Afrika het die agro-nywerheidssektor se netto valutaverdienste in die nywerheidssektor R873 miljoen beloop in 1985 (kyk hoofstuk 7, p. 115). Dus het die agro-nywerheidssektor daartoe bygedra dat die betalingsbalans 'n kleiner negatiewe balans getoon het en is dit 'n belangrike bron vir die generering van buitelandse valuta.

#### 2.4.6 Voedselverskaffing

Austin (1981:13) stel dat ongeveer 1 000 000 mense in minder-ontwikkelde lande ondervoed is. Deur inkomste te genereer en die voorsiening van arbeid aan lae-inkomste werkers, kan die agro-nywerheidssektor die bevolking se koopkrag verbeter. Die agro-nywerheidssektor kan ook toenemende voedselproduksie vir die plaaslike ekonomie stimuleer. Daardeur word die land beter toegerus om die Malthusian voedselbevolkingswedloop te oorleef.

## **2.5. Beperkende en stimulerende faktore op die bydrae van die agropywerheidsektor**

### **2.5.1 Verkryging van grondstowwe deur die agropywerheidsektor**

Wanneer landbouproduksie in die algemeen van nader ontleed word, blyk dit dat daar hoofsaaklik ses produksiefaktore is wat uiteindelik opbrengste bepaal, naamlik: grond, klimaat, kapitaal, dienste, arbeid en bestuur. Daar is dus 'n fisiese aspek (grond en klimaat), 'n ekonomiese aspek (kapitaal en dienste) en 'n menslike aspek (arbeid en bestuur). Van hierdie aspekte is die menslike hulpbron die belangrikste (Departement Landbou-ontwikkeling, 1989:17). Die mees algemene en die moeilikste probleem vir die agropywerheidsektor is die verkryging van grondstowwe. Hierbenewens is die aanbod ook afhanklik van die kwantiteit, kwaliteit en seisoenaliteit van die grondstowwe (Brown, 1986:42).

#### **2.5.1.1 Kwantiteit van grondstowwe**

Oeste word deur klimaat beïnvloed (Brown, 1986:42). In klimaat en terreingesteldheid is Suid-Afrika 'n land van uiterstes. Dit wissel van halfwoestyngebiede tot halftropiese reënwoorde; oorstromings tot droogtes; van ryp en sneeu in die winter tot hittegolwe in die somer; van winter- tot somerreënval en van onproduktiewe sandduine tot diep vrugbare grond. Vanweë die verskeidenheid van klimaat en topografie is Suid-Afrika in staat om bykans alle landbouprodukte te produseer (Departement Landbou-ontwikkeling, 1989:1). Die aanbod van produkte aan die agropywerheidsektor hang ook van beheerbare veranderlikes af, veral die pryse betaal aan produsente en die produsente se persepsie van hoe maklik hulle produkte verkoop gaan word (Brown, 1986:42).

### **2.5.1.2 Kwaliteit van grondstowwe**

Die agro-nywerheidsektor het belang by die berging en die verwerkingsmoontlikhede van hul grondstowwe. Om te verseker dat voorrade die regte eienskappe vir berging, verwerking of verkope in verafgeleë markte het, moet die onderneming of die owerheid sekere stappe doen. So byvoorbeeld kan nuwe variëteite, die voorsiening van verbeterde insette, sowel as tegniese bystand, van groot belang wees (Brown, 1986:42,43).

### **2.5.1.3 Seisoenaliteit van grondstowwe**

Vir ondernemings wat van oeste en dierevoedsel soos wol of melk afhanklik is, is seisoenaliteit 'n kritieke faktor in die benutting van kapasiteit, en gevolglik in die eenheidskoste van die ondernemings se produksie. Met die bepaling van die grootte van die fabriek moet daar 'n balans gehandhaaf word tussen grootskaalse besparings en die koste van onbenutte kapasiteit gedurende die buiteseisoentydperk (Brown, 1986:43).

Seisoenale variasies in aanbod kan ook ander probleme veroorsaak (Brown, 1986:43). Indien verwerking in die spytstyd van die seisoen onderbreek word, kan die voorraad wat wag om verwerk te word, bederf raak. Skofte wat gewerk word, sal moet toeneem om aflewering betyds af te handel. Dit verhoog die risiko van foute by masjinerie en sorgvuldige bestuur in dié tydperk is nodig.

### **2.5.2. Keuse van tegnologie**

Die Wêreldbank se ondervinding het bewys dat die mees kritieke punt in die keuse van tegnologie die versoenbaarheid is met die omgewing waarin

dit opereer (Brown, 1986:43). Probleme as gevolg van onversoenbaarheid, kan deur ondernemings opgelos word deur vergoedende maatstawwe wat sekere koste-implikasies vir die onderneming inhou. In minder-ontwikkelde lande is kapitaal skaars en arbeid goedkoop. Kapitaal-intensiewe tegnologie skep min direkte werkgeleenthede en hoogs geskoolde werkers uit die buiteland word vereis (Mountjoy, 1982:157), maar die inkomste-skeppingseffek moet in berekening gebring word want dit kan wel deur skakelingseffekte<sup>4</sup> indiensname skep.

### 2.5.3 Arbeidsverwante probleme

Die intensiewe gebruik van arbeid om vir die druk van die groeiende bevolking in 'n land voorsiening te maak, bring die volle invloed van dalende meeropbrengs in werking. Die effek is daarom 'n geleidelike daling in produktiwiteit van die landbou-arbeidsmag omdat slegs een faktor, arbeid, verhoog word terwyl die ander faktor, grond 'n vaste aanbod het, tensy kapitaalproduktiwiteit daarvoor kan vergoed. Die toenemendheid van dalende meeropbrengs neig gevolglik om die marginale produk van arbeid na zero te verminder. Dit beperk dus die uitset van voedsel wat geproduseer kan word en die hoeveelheid arbeid wat in diens geneem kan word, (gegewe konstante ander produksiefaktore). Soos die loonkoers daal en die huur van die grond styg, sal inkomste ten gunste van grondbesitters verskuif. Om nie in die strik te beland nie, is tegnologiese vooruitgang noodsaaklik (Booth & Sundrum, 1985:158).

Twee tipes van arbeidsverwante probleme het in die agro-nywerheidssektor wat deur die Wêreldbank ondersteun is, voorgekom (Brown, 1986:43), naamlik:

---

4

Vir die rol van skakelingseffekte, kyk pp. 6-7

Eerstens is die openbare nywerhede onder druk om die oormaat arbeid in diens te neem. Alhoewel verhoogde indiensname 'n baie belangrike politieke en ekonomiese doelwit is, kan opgeblase arbeidskoste 'n vernietigende invloed op finansiële prestasie hê. Tweedens kan arbeidsomset die prestasie van individuele ondernemings benadeel, hoewel skaalbesparings wel voordelig kan wees.

Hierdie probleme kan verminder word indien hulle geïdentifiseer word wanneer die projekte ontwikkel word. Noukeurige finansiële beplanning kan die basis bied vir onderhandeling met agentskappe wat belang het by maksimum indiensname. Indien finansiële beplanning vooraf gedoen is, kan daarop gewys word dat maksimum indiensname nie finansiële lewensvatbaar is nie. Die voorsiening van behuising kan ook arbeidsomset verminder.

#### 2.5.4 **Beskikbaarheid van infrastruktuur**

In die ontwikkeling van die agro-nywerheidsektor moet ook rekening gehou word met ekonomiese faktore soos pad- en spoorverbindings en die afstand van markte. Oor grondbewerking, tree die besproeiingselement altyd na vore in 'n land met 'n merendeels droë klimaat. Dit gaan hier nie slegs om die beskikbaarheid van besproeiingswater uit riviere, damme of boorgate nie, maar ook om die kwaliteit van die grond wat op sy beurt weer die aangewese landbouaktiwiteit sal help uitwys (Departement Landbou-ontwikkeling, 1989:15).

Baie van die ondernemings wat deur die Wêreldbank gehelp is, is benadeel deur die omgewing waarin hul gevestig is (Brown, 1986:43). Hulle het swak toegang tot paaie en treinvervoer gehad, swak voorsiening van water en vullisverwyderingsfasiliteite. Borge van potensiële projekte moet pro-

beer om die beskikbare fasiliteite by die vestigingsplekke te standaardiseer veral deur die ontleding van ondervinding van bestaande nywerhede.

### **2.5.5 Bestuur**

Daar is 'n duidelike verwantskap tussen proses- en finansiële bestuur in die agro-nywerheidsektor (Brown, 1986:44). Die afdeling van die Wêreldbank wat lenings vir die finansiering van die agro-nywerheidsektor toestaan, het hul kommer oor die verwantskap tussen proses- en finansiële bestuur te kenne gegee. Goeie koördinasie tussen die bogenoemde bestuur kan 'n fabriek se behoeftes aan bedryfskapitaal minimaliseer. Oormatige of ongebalanseerde voorraad en onbevredigende aankope en verwerkingsskedules kan maklik ernstige likiditeitsprobleme tot gevolg hê. Bestuurders van die agro-nywerheidsektor moet genoeg gesag hê om hul eie operasionele en finansiële besluite betyds te neem.

### **2.5.6 Bemarking**

#### **2.5.6.1 Ontstabyliteit van bemarking**

Om 'n posisie in die mark te vestig en te behou, moet die nywerheid 'n voorspelbare patroon van produksie volg. Indien dit nie die geval is nie, sal potensiële kopers onwillig wees om definitiewe kontrakte met die nywerheid te sluit (Brown, 1986:44). Beplanning vir die agro-nywerheidsektor vereis 'n deeglike ondersoek na moontlike markte deur die betrokke instellings. Markanalise mag te algemeen wees, indien dit nasionale of jaarlikse data gebruik of aanneem dat verbandhoudende produkte meer gelyksoortig is as wat werklik die geval is. Die markte is uitvoer- en plaaslike markte.

### 2.5.6.2 Uitvoermarkte

Uitvoermarkte is die sleutelfaktor vir suksesvolle nywerheidsontwikkeling van minder-ontwikkelde lande (Mountjoy, 1982:149). Vervaardigers in minder-ontwikkelde lande kan aangemoedig word om meer uitvoergeoriënteerd te raak waar die minder-ontwikkelde lande se komparatiewe voordeel van lae arbeidskoste beklemtoon word. Dit kan nywerheidsontwikkeling meer arbeidsintensief maak. Minder-ontwikkelde lande beskik oor die potensiaal om aan 'n wye verskeidenheid internasionale markte te verkoop en die groei van hul produksie word nie langer deur die vraag van die plaaslike mark beperk nie. Die verandering na 'n beleid van uitvoerbevoordering kan die beperkinge van nywerheidsstrategieë wat op invoervervanging gebaseer is, aansienlik verminder (Gwynne, 1990:197).

Baie agro-nywerheidssektorprojekte ondervind probleme met die uitvoer na markte wat oorspronklik die "raison d'être" was (Brown, 1986:44). Die primêre faktor in dié verband was die vermindering in nywerheids groei in die lande van die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkelingslande (OESO-lande), wat druk uitgeoefen het om die agro-nywerheidssektor binne dié lande te beskerm. Vir gevestigde verskaffers, sal 'n deeglike kennis van die regulasies en die handelstrukture toegang tot markte inhou deur moontlike verandering in verpakking of verspreidingskanale. Waar 'n nywerheid nie toegang tot sy beoogde mark kan kry nie, sal groot produkverandering, wat oor die algemeen nuwe investering behels, moontlik die enigste alternatief wees. In baie gevalle, moet nywerhede meer aandag gee aan byprodukte en die verkoop in nie-tradisionele uitvoermarkte.

### 2.5.6.3 Plaaslike markte

Dit wil voorkom asof die plaaslike markte vir die agro-nywerheidsektor groeiende geleenthede vir beide produkdversifikasie en doeltreffende invoervervanging bied. Tarief- en belastingbestuur is ingestel om die produsente van produkte wat met invoer meeding, te beskerm, terwyl beheerde pryse nie produsente voldoende ruimte vir verwerking en bemarking gee nie (Brown, 1986:44).

Agro-nywerhede wat beplan word om vir die plaaslike mark te produseer, moet die fasiliteite vir die verspreiding van produkte deeglik ondersoek. 'n Omvattende bemarkingstudie is noodsaaklik vir die sukses van enige beplande agro-nywerheid.

### 2.5.7 Owerheidsbeleid

Owerheidsbeleid het in te veel lande die landbousektor benadeel en in die wiede gery eerder as om dit aan te moedig. Die prys hiervan was en is hoog. Die volgende dien as voorbeelde (Mueller, 1975:100):

- 1) duur buitelandse voedsel is ingevoer wat binnelands gekweek kon word,
- 2) hoë voedselpryse is veroorsaak deur vraag wat plaaslike aanbod oorskry het, 'n hooforsaak van inflasie in baie lande,
- 3) verlies aan landbou-inkomste,
- 4) verminderde werkgeleenthede in die platteland ('n hooforsaak van verstedeliking) en
- 5) die gevolglike stedelike ellendes wat die meeste van die minderontwikkelde lande se hoofstede beïnvloed.

## 2.6 Finansiering van die agro-nywerheidsektor

Die meerderheid minder-ontwikkelde lande met tradisionele ekonomieë spaar nie meer as 5 tot 6 persent van hul netto nasionale inkomste nie (Mountjoy, 1982:99). Minder-ontwikkelde lande genereer dus nie die kapitaal vir die ontwikkeling van nywerhede nie. Buitelandse kapitaal word aan minder-ontwikkelde lande verskaf deur hoofsaaklik owerhede, instellings soos die Wêreldbank en investerings deur private ondernemings (Nafziger, 1990:352-371). Hierdie investering word in 'n verskeidenheid beleggingsmoontlikhede gekanaliseer, waarvan die agro-nywerheidsektor deel kan wees. Wat belangrik is, is die verskillende instellings wat hierdie beleggings doen. Die doel is hier om daarop te dui dat sulke instellings bestaan. In die geval van die Republiek van Suid-Afrika bestaan verskillende voorbeelde van sulke instellings wat hiermee behulpsaam kan wees, naamlik:

### 2.6.1 Die Nywerheid-Ontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika Beperk (NOK)

#### 2.6.1.1 Doelwitte

Die NOK is 'n finansiële instelling wat 'n omvangryke spektrum van finansiële fasiliteite aanbied om private ondernemers in die daarstelling en uitbreiding van ekonomies lewensvatbare vervaardigingsnywerhede in Suid-Afrika by te staan (NOK, 1991b:2).

Die standpunt van die NOK is dat nywerheidsontwikkeling die sleutel tot toekomstige ekonomiese groei in die Republiek van Suid-Afrika is en dat die NOK 'n belangrike rol in dié verband kan speel deur sy werksaamhede in die volgende rigtings te kanaliseer (NOK, 1991a: 5-6):

- 1) Om saam met ander staatsondernemings onbenutte nywerheidska-

pasiteit te identifiseer en die benutting daarvan aan te moedig;

- 2) om die verdeling van die land se natuurlike hulpbronne te bevorder;
- 3) om ondersteuning aan kleiner- en middelslagnyweraars te verleen om nuwe sakeondernemings te vestig en om bestaandes uit te brei en te moderniseer;
- 4) om die Staat te ondersteun met die formulering en implementering van nywerheidsbeleid en
- 5) om sy bronne maksimaal aan te wend om dié doelwitte, insluitende die realisering van bestaande beleggings, te bereik.

'n Aantal agro-nywerheidsprojekte insluitend die plaaslike verbouing en verwerking van pistachio-, kasjoe- en kokosneute, rubber, dadels en verskeie gewasse wat essensiële olies lewer, word ook deur die NOK geëvalueer (NOK, 1991a:10).

#### 2.6.1.2 Belangrike finansieringsmaatstawwe (NOK, 1991b:6)

Die belangrikste maatstaf van die NOK by die oorweging van enige aansoek is ekonomiese meriete, dit wil sê, die vermoë van die onderneming om binne 'n redelike tydperk 'n aanvaarbare wins te toon.

'n Betekenisvolle finansiële bydrae word van die aandeelhouders verlang. Die aandeelhouders/eienaar moet bereid wees om self 'n beduidende gedeelte van die risiko te dra deur ongeveer een-derde van die totale finansieringsbehoefte te voorsien.

Aangesien die klem op ontwikkeling val, dit wil sê die vestiging van nuwe nywerhede of die verskuiwing, uitbreiding en modernisering van bestaande ondernemings, word die finansiering van oornames en vervanging van bestaande finansieringsbronne normaalweg nie deur die NOK oorweeg nie. Die NOK mag sekuriteit benodig. Die omvang en die aard daarvan sal by die bepaalde omstandighede van die aansoeker aangepas word. By die oorweging van die aansoek sal ook daarop gelet word of toepaslike statutêre goedkeurings verkry is, soos byvoorbeeld van die Reserwebank.

### **2.6.1.3      Prosedure van aansoek by die NOK (NOK, 1991b:10-12)**

Die snelheid waarmee enige aansoek hanteer en afgehandel word, sal grotendeels van die volledigheid van die inligting wat verskaf word, afhang. Die Afdeling vir Nywerheidsfinansiering is verantwoordelik vir die projek/uitbreidingskema. Vir beoordeling vir die verskaffing van finansieringshulp, word inligting oor verskillende aspekte benodig.

#### **2.6.1.3.1      Besonderhede van aansoeker**

Die volgende inligting word vereis indien die onderneming reeds gevorm is.

Die naam van aansoeker, name van hoofaandeelhouders/eienaars en die persentasie aandeelhouding van elk. Indien die aansoeker deel van 'n groep vorm, word inligting oor die groepstruktuur, die aandeelhouders en die totale bates benodig. Besonderhede van die onderneming se geskiedenis, organisasie en bestuurspan is ook belangrik.

#### **2.6.1.3.2      Produkinligting**

Besonderhede van die produk(te), die betrokke (tegnologie(ë), beskermingsmaatreëls (patente, handelsmerke, ensovoorts) en voorgenome produkontwikkeling en die stadium van ontwikkeling van die belangrikste produkte word benodig.

#### **2.6.1.3.3      Bemarking**

'n Algemene beskrywing en motivering van die bemarkingstrategie van die projek moet gegee word. 'n Verkoopsbegroting teen geïnfleerde pryse word vereis en inligting oor die grootte en groei van die plaaslike en oorsese markte. Potensiële kliënte en belangrikste mededingers moet ook verskaf word.

#### **2.6.1.3.4      Vervaardiging**

'n Omskrywing van die vervaardigingsproses, besonderhede van die masjinerie, toerusting en gebou word benodig. Sketsplanne en ook koste en tydsberekening van uitgawes moet verskaf word. Besonderhede oor grondstowwe en leweransiers word ook vereis. Bestaande indiënsneming en die getal nuwe werkgeleenthede wat geskep gaan word, moet ook aangedui word.

#### **2.6.1.3.5      Finansiële hulp benodig**

Die bedrag wat van die NOK benodig word, die wyse waarop die bedrag vir die betrokke projek of uitbreidingskema aangewend gaan word en die

geografiese ligging waar die fondse aangewend gaan word, moet duidelik uiteengesit word.

#### **2.6.1.3.6 Historiese en geprojekteerde finansiële state**

Geouditeerde finansiële state van die vorige twee jaar, saam met die jongste tussentydse state vir die huidige finansiële jaar moet verskaf word. Begrotings vir die huidige finansiële jaar en die volgende twee jaar, insluitende die beoogde uitbreiding, word vereis. Die vooruitskattings behoort verwagte winste aan te dui met 'n duidelike onderskeid tussen eienaars/aandehouersfondse, krediteure, bruikhuur- en uitgestelde koop-ooreenkomste.

#### **2.6.2 Ander instellings vir finansiering aan die agro-nywerheidsektor**

##### **2.6.2.1 Ontwikkelingskorporasies**

Die volgende ontwikkelingskorporasies sal finansiële hulp met die vestiging van 'n agro-nywerheid aanbied, indien daar aan die ontwikkelingskorporasie se vereistes voldoen word. (Dit stem meestal met die vereistes van die NOK ooreen):

**Kleinsake-ontwikkelingskorporasie Beperk**

**Suid-Afrikaanse Ontwikkelingskorporasie**

**Gazankulu Ontwikkelingskorporasie Beperk**

**KwaNdebele Nasionale Ontwikkelingskorporasie Beperk**

**KwaZulu Finansierings- en Ontwikkelingskorporasie Beperk,**

**Lebowa Ontwikkelingskorporasie Beperk**

**QwaQwa Ontwikkelingskorporasie Beperk**

**Bophuthatswana National Development Corporation**

### **2.6.2.2 Privaatinstellings**

Private finansieringsbanke en bougenootskappe kan ook genader word vir lenings vir die vestiging van 'n agro-nywerheid. Hierbenewens bestaan daar ook private ondernemings wat hulle uitsluitlik met die ontwikkeling van agro-nywerhede besig hou, byvoorbeeld Loxton, Vennote en Genote.

### **2.6.2.3 Nie-owerheidsorganisasies wat finansiering aan agro-nywerhede verskaf**

Nie-owerheidsorganisasies kan ook finansiële hulp bied by die oprigting van 'n agro-nywerheid. Daar bestaan 'n verskeidenheid sulke organisasies waaronder die volgende as voorbeeld dien (Prodder's Annual, 1989-90:72):

Rural Foundation

Urban Foundation

World Vision

### **2.6.2.4 Internasionale instellings**

Internasionale instellings wat moontlike finansiering aan agro-nywerhede sal verskaf is:

Die Wêreldbank

Owerhede soos Verenigde State van Amerika, Verenigde Koninkryk en die OESO-lande

## 2.7 Samevatting

Na die ontleding van drie definisies oor die agro-nywerheidsektor is op 'n definisie vir hierdie studie besluit. Drie-en-twintig agro-nywerheids-groepe met die aktiwiteite wat onder elkeen val is geklassifiseer en die aktiwiteite is uiteengesit volgens die Standaardnywerheidsklassifikasie van alle ekonomiese bedrywighede.

Die belangrikheid van die agro-nywerheidsektor word onder meer uitgewys in die uitgangspunt dat die agro-nywerheidsektor tot 'n verhoging in indiensname bydra. Die agro-nywerheidsektor lewer ook 'n betekenisvolle bydrae tot die bruto binnelandse produk. Die agro-nywerheidsektor se netto valutaverdienste in 1985 het daartoe bygedra dat die betalingsbalans 'n kleiner negatiewe balans getoon het. Die aansienlike potensiaal vir groei en modernisering van die agro-nywerheidsektor is in die meeste minder-ontwikkelde lande onderbenut. Die agro-nywerheidsektor dien as 'n ontwikkelingstimulus. Dit is van belang dat 'n uitbreiding in die nywerheidsektor gepaard gaan met 'n gebalanseerde uitbreiding in die uitset van die landbousektor.

Dit is vir minder-ontwikkelde lande van groot belang om die uitbreiding in vervaardigde uitvoerprodukte eerder as primêre uitvoerprodukte te bevorder. Die agro-nywerheidsektor kan toenemende voedselproduksie vir die plaaslike ekonomie stimuleer. Onder die beperkende en stimulerende faktore wat die bydrae van die agro-nywerheidsektor beïnvloed, moet die verkryging, die kwantiteit, die kwaliteit en die seisoenaliteit van die grondstowwe in berekening gebring word. By die keuse van tegnologie vir die agro-nywerheidsektor moet die tegnologie versoenbaar wees met die omgewing waarin dit opereer. Twee arbeidsverwante probleme kom in die agro-nywerheidsektor voor waaraan aandag geskenk moet word. Die beskikbaarheid van infrastruktuur is baie belangrik by die oprigting van 'n

agro-nywerheid aangesien die infrastruktuur die agro-nywerheid met sy grondstowwe en markte in verbinding bring. In die bestuur van 'n agro-nywerheid moet daar duidelik onderskeid getref word tussen proses- en finansiële bestuur. By bemarking moet uitvoermarkte, plaaslike markte en die onstabilliteit van bemarking ontleed word. Owerheidsbeleid aangaande die landbousektor is belangrik in die land waar die agro-nywerheidsektor gevestig word aangesien die agro-nywerheid se insette daardeur geraak word. Aangesien minder-ontwikkelde lande nie genoegsaam spaar nie, moet finansiering van ander bronne bekom word. Verskeie instellings in die Republiek van Suid-Afrika is bereid om die vestiging van nuwe agro-nywerhede en die uitbreiding van bestaande agro-nywerhede te finansier, maar hier kan die internasionale gemeenskap 'n besondere bydrae lewer. Finansiering is 'n kritieke element en navorsing in dié verband is baie belangrik.

Die agro-nywerheidsektor is belangrik vir 'n land omdat die bevordering daarvan verhoogde indiensneming, verbetering van die betalingsbalans, en gebalanseerde ontwikkeling tot gevolg het. Vervolgens word die produksie van die agro-nywerheidsektor in die nege ontwikkelingstreke in hoofstuk 3 bespreek om die omvang van die agro-nywerheidsektor in elk van die nege ontwikkelingstreke aan te dui.

**HOOFSTUK 3**  
**GEOGRAFIESE PRODUKSIE DEUR DIE AGRO-NYWERHEIDSEKTOR**  
**IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

**3.1 Inleiding**

In die ontleding van die agro-nywerheidsektor in die vorige hoofstuk het die belangrikheid van die agro-nywerheidsektor duidelik na vore gekom. In hierdie hoofstuk word die produksie van die agro-nywerheidsektor in die nege ontwikkelingstreke ontleed om die omvang daarvan te bepaal.


In hierdie hoofstuk word die inset-uitsettabelle, wat deur die Kantoor vir Streekontwikkeling vir die nege ontwikkelingstreke opgestel is (kyk Kantoor vir Streekontwikkeling, 1991b), gebruik om die produksie van agro-nywerheidsgroepe in die onderskeie ontwikkelingstreke te ondersoek. Soos reeds genoem in hoofstuk 1 (kyk p. 4) kan die groot uiteenlopendheid van landboutoestande in die Republiek van Suid-Afrika as 'n voordeel gesien word. Enersyds bied dit die moontlikheid van 'n verskeidenheid boerdery-praktyke en andersyds stel dit die agro-nywerheidsektor in staat om feitlik dwarsdeur die jaar 'n vloei van produkte na die markte te handhaaf. Dit bring ook mee dat die risiko in landbouproduksie verlaag word, want droogtes, peste of plae vind selde oor die hele land plaas (Departement Landbou-Ontwikkeling, 1989:15,16). Voordat die produksie in die onderskeie ontwikkelingstreke ontleed word, word die totale produksie in die agro-nywerheidsektor ondersoek.

**3.2 Totale produksie in die agro-nywerheidsektor**

Die totale produksie van die agro-nywerheidsektor in die Republiek van Suid-Afrika was R25 179 miljoen in 1985. Hoewel landbouproduksie oral

in die land voorkom, is die agro-nywerheidsektor sterk gekonsentreer in enkele ontwikkelingstreke, want ongeveer 75 persent van die produksie deur agro-nywerheidsgroepe kom in Ontwikkelingstreek A, E en H voor. Ontwikkelingstreek A was verantwoordelik vir R4 369 miljoen van die produksie, Ontwikkelingstreek E vir R7 675 miljoen, en Streek H vir R6 929 miljoen. In tabel 3.1 (kyk p. 60) word die geografiese verspreiding van die agro-nywerheidsektor volgens produksie in die nege ontwikkelingstreke aangedui. Die kolom heel regs dui die totale produksie deur die agro-nywerheidsektor in die Republiek van Suid-Afrika aan. Die relatiewe aandeel van agro-nywerheidsgroepe in elke ontwikkelingstreek verskyn onder aan die tabel en word grafies in grafiek 3.2 voorgestel.

**Grafiek 3.2**



Die agro-nywerheidsektor in Ontwikkelingstreek E lewer die grootste

produksie (30,48 persent) van totale produksie (kyk grafiek 3.2, p. 48). In Ontwikkelingstreke H en A is die ooreenstemmende getalle 27,5 persent en 17,35 onderskeidelik.


Die belangrikste agro-nywerheidsgroepe, op 'n streekbasis, word in grafieke 3.3 tot 3.11 aangedui en word in die volgende paragrawe bespreek.

### 3.3

#### Produksie van die agro-nywerheidsektor in Ontwikkelingstreek A

Ontwikkelingstreek A is gediversifiseer in die verskeidenheid van agro-nywerheidsgroepe wat in die ontwikkelingstreek voorkom, aangesien die meeste van dié groepe, met die uitsondering van die agro-nywerheidsgroe-

Grafiek 3.3




pe suikerfabrieke, tabakprodukte en pulp en papier, in die ontwikkelingstreek aangetref word. Volgens grafiek 3.3 (kyk p. 49) en tabel 3.1 (kyk p. 60) lewer die agro-nywerheidsgroep distillering en wynmakery die grootste bydrae tot die produksie van die agro-nywerheidsektor in Ontwikkelingstreek A ten bedrae van R740 miljoen (17 persent van totale produksie).

Die agro-nywerheidsgroep vleisverwerking is die tweede grootste ten bedrae van R738 miljoen en het in so 'n mate gegroei dat dié groep van dieselfde belang as die agro-nywerheidsgroep distillering en wynmakery is. Die agro-nywerheidsgroep lewer 16,9 persent van totale produksie. Hierna volg die agro-nywerheidsgroepe olies en vette met produksie van R427 miljoen en die inmaak van groente met 'n produksie van R379 miljoen. Die twee agro-nywerheidsgroepe lewer onderskeidelik 9,8 persent en 8,7 persent van totale produksie.

#### **3.4           Produksie van die agro-nywerheidsektor in Ontwikkelingstreek B**

Agro-nywerheidsgroepe is minder gediversifiseer in dié ontwikkelingstreek aangesien slegs tien van die 23 agro-nywerheidsgroepe in die ontwikkelingstreek voorkom. Die agro-nywerheidsgroepe inmaak van groente met 'n produksie van R83 miljoen en dierevoedsel met 'n produksie van R54 miljoen verteenwoordig nagenoeg 45 persent (kyk tabel 3.1, p. 60) van die totale produksie van die agro-nywerheidsektor in dié ontwikkelingstreek (kyk grafiek 3.4, p. 51). Die agro-nywerheidsgroepe distillering en wyn met 'n produksie van R50 miljoen (16,4 persent van totale produksie) en mout en moutdranke met 'n produksie van R44 miljoen, (14,5 persent van totale produksie) lewer ook 'n relatief groot bydrae tot die totale produksie (R306 miljoen) van die agro-nywerheidsektor in dié ontwikkelingstreek.

Grafiek 3.4




## 3.5

### Produksie van die agro-nywerheidsektor in Ontwikkelingstreek C

Agro-nywerheidsgroepe is minder gediversifiseer in hierdie ontwikkelingstreek aangesien slegs elf van die 23 agro-nywerheidsgroepe in die ontwikkelingstreek voorkom. Volgens grafiek 3.5 (kyk p. 52) en tabel 3.1 (kyk p. 60) is die agro-nywerheidsgroepe graanmeulprodukte met 'n produksie van R323 miljoen, mout en moutdranke met 'n produksie van R321 miljoen en vleisverwerking met 'n produksie van R267 miljoen in Ontwikkelingstreek C gesamentlik vir ongeveer 64 persent van die produksie van die agro-nywerheidsektor in die ontwikkelingstreek verantwoordelik. Suiwelprodukte is die vierde grootste bydraer tot agro-produksie en lewer ongeveer R199 miljoen (14 persent) van die totale produksie.

Grafiek 3.5




## 3.6

**Produksie van die agro-nywerheidsektor in Ontwikkelingstreek D**

Ontwikkelingstreek D is ook goed gediversifiseer deur die groot verskeidenheid agro-nywerheidsgroepe in die ontwikkelingsstreek, want 21 van die 23 verskillende agro-nywerheidsgroepe word hier aangetref (kyk tabel 3.1, p. 60). Die agro-nywerheidsgroep ander voedsel (geursels, asyn, koffie-brandery, sigoreimalery en menging en verpakking van tee, en suurdeeg) met 'n produksie van R277 miljoen is duidelik die belangrikste agro-nywerheidsgroep in Ontwikkelingstreek D en lewer 15,3 persent van totale produksie (kyk grafiek 3.6, p. 53 en tabel 3.1, p. 60). Die tweede en derde belangrikste agro-nywerheidsgroepe is kakao en sjokolade met 'n produksie van R199 miljoen en inmaak van groente met 'n produksie van R156 miljoen. Dié twee agro-nywerheidsgroepe lewer onderskeidelik 11 persent en 8,6 persent van totale produksie.

Grafiek 3.6




## 3.7

**Die produksie van die agro-nywerheidsektor in Ontwikkelingstreek E**

Die grootste verskeidenheid agro-nywerheidsgroepe word in dié ontwikkelingstreek aangetref. Slegs die agro-nywerheidsgroep tabakprodukte kom nie hier voor nie. Volgens grafiek 3.7 (kyk p. 54) en tabel 3.1 (kyk p. 60) het Ontwikkelingstreek E die grootste aandeel in die produksie van die agro-nywerheidsektor in die Republiek van Suid-Afrika.

Die agro-nywerheidsgroep suikerfabrieke is verantwoordelik vir sowat R1 239 miljoen (16,1 persent) van die totale produksie ten bedrae van R7 676 miljoen van die agro-nywerheidsektor in dié ontwikkelingstreek. Tesame met die agro-nywerheidsgroepe pulp en papier met 'n produksie van R932 miljoen en vleisverwerking se produksie van R717 miljoen (die

Grafiek 3.7



tweede en derde belangrikste agro-nywerheids-groepe in die ontwikkelingstreek), dra dié agro-nywerheids-groepe 38 persent tot die totale produksie van die agro-nywerheids-ektor in die ontwikkelingstreek by.


## 3.8

### Produksie van die agro-nywerheids-ektor in Ontwikkelingstreek F

Slegs 15 van die verskillende agro-nywerheids-groepe word in hierdie ontwikkelingstreek aangetref (kyk tabel 3.1, p. 60). Die agro-nywerheids-groep vleisverwerking met 'n produksie van R469 miljoen is die vernaamste agro-nywerheids-groep in Ontwikkelingstreek F (kyk grafiek 3.8, p. 55 en tabel 3.1, p. 60) en is verantwoordelik vir 25 persent van totale produksie van R1 883 miljoen. Die produksie van die agro-nywerheids-groepe

ander voedsel ten bedrae van R415 miljoen en hout en houtprodukte se produksie van R304 miljoen is relatief hoog en lewer onderskeidelik 22 persent en 16,2 persent van die totale produksie.

**Grafiek 3.8**




### 3.9

#### Produksie van die agro-nywerheidsektor in Ontwikkelingstreek G

Agro-nywerheids-groepe is minder gediversifiseer in hierdie ontwikkelingstreek aangesien slegs 9 van die 23 agro-nywerheids-groepe in die ontwikkelingstreek voorkom (kyk tabel 3.1, p. 60). Uit grafiek 3.9 (kyk p. 56) en tabel 3.1 (kyk p. 60) blyk dit dat, met die uitsondering van die agro-nywerheids-groepe meubels met 'n produksie van R13 miljoen en vleisverwerking met produksie van R15 miljoen, die oorblywende ses agro-nywerheids-groepe 'n groot aandeel (93 persent) in die totale produksie van R439

Grafiek 3.9



miljoen gehad het. Die agro-nywerheidsgroepe bakkery met produksie van R86 miljoen, dierevoedsel se produksie van R85 miljoen en hout en houtprodukte se produksie ten bedrae van R83 miljoen kan as die belangrikste agro-nywerheidsgroepe in die ontwikkelingstreek uitgesonder word. Hierdie drie agro-nywerheidsgroepe lewer onderskeidelik 19,7 persent, 19,3 persent en 19 persent van die totale produksie.

### 3.10


#### Produksie van die agro-nywerheidsektor in Ontwikkelingstreek H

Hierdie ontwikkelingstreek is ook goed gediversifiseer met 'n groot verskeidenheid agro-nywerheidsgroepe in die ontwikkelingstreek. Slegs vier agro-nywerheidsgroepe, naamlik inmaak van vis, suikerfabrieke, dis-

tillering van wyn en wol en katoenverwerking word nie in die ontwikkelingstreek aangetref nie.

Volgens grafiek 3.10 en tabel 3.1 (kyk p. 60) is die agro-nywerheidsgroep vleisverwerking met produksie ten bedrae van R1 923 miljoen ooglopend die belangrikste agro-nywerheidsgroep in Ontwikkelingstreek H en dit lewer 27,8 persent van totale produksie. Die tweede belangrikste agro-nywerheidsgroep is graanmeulprodukte met produksie van R921 miljoen gevolg deur die agro-nywerheidsgroepe tabakprodukte met produksie ten bedrae van R514 miljoen en meubels met 'n produksie ten bedrae van R490 miljoen. Laasgenoemde drie agro-nywerheidsgroepe lewer onderskeidelik 13,3 persent, 7,4 persent en 7,1 persent van die totale produksie.

Grafiek 3.10




## 3.11

## Produksie van die agro-nywerheidsektor in Ontwikkelingstreek J

Ontwikkelingstreek J is nie goed gediversifiseer ten opsigte van agro-nywerheids-groepe nie, aangesien slegs nege verskillende agro-nywerheids-groepe hier aangetref word. Agro-nywerheids-groepe in Ontwikkelingstreek J word hoofsaaklik in die produksie van graanmeulprodukte ten bedrae van R94 miljoen, nie-alkoholiese drankte ten bedrae van R79 miljoen en suiwelprodukte ten bedrae van R67 miljoen verteenwoordig (kyk grafiek 3.11 en tabel 3.1, p. 60). Dié agro-nywerheids-groepe dra onderskeidelik 26,7 persent, 22,7 persent en 19,1 persent tot totale produksie by.

Grafiek 3.11



### 3.12 Samevatting

In hierdie hoofstuk is vasgestel dat die grootste gedeelte van die produksie (ongeveer 75 persent) deur agro-nywerheidsgroepe in drie ontwikkelingstreke, naamlik Ontwikkelingstreke E (30,48 persent), H (27,52 persent) en A (17,35 persent) voorkom. Die voordeel wat agro-nywerheidsgroepe in hierdie ontwikkelingstreke het, is die hawens by Ontwikkelingstreke A en E wat die uitvoer van produkte na die buiteland vergemaklik en die sentrale ligging van Ontwikkelingstreek H wat vervoer na ander dele van die land vanweë infrastruktuur kan bespoedig. Die diversiteit van agro-nywerheidsgroepe in die ontwikkelingstreke verskil aansienlik. Ontwikkelingstreke waar 'n groot verskeidenheid agro-nywerheidsgroepe aangetref word is Ontwikkelingstreke A, E, D en H. Ontwikkelingstreek E beskik oor die grootste verskeidenheid agro-nywerheidsgroepe en slegs die agro-nywerheidsgroep tabakprodukte kom nie in die ontwikkelingstreek voor nie. Hierdie gegewens benodig verdere ontleding om te bepaal wat die werklike bydrae tot die bruto binnelandse produk van die Republiek van Suid-Afrika is. Dit word in hoofstuk 4 gedoen.

**TABEL 3.1 PRODUKSIE VAN DIE AGRO-NYWERHEIDSGROEPE IN DIE VERSKILLENDE ONTWIKKELINGSTREKE IN DIE RSA VIR 1985  
(R '000)**

SEKTOR	STREEK A	STREEK B	STREEK C	STREEK D	STREEK E	STREEK F	STREEK G	STREEK H	STREEK J	TOTAAL
6 VLEISVERWERKING	738,202	16,833	266,623	66,811	716,634	468,955	15,215	1,923,487	15,316	4,228,076
7 SUIWELPRODUKTE	196,411	0	198,673	36,474	506,723	41	0	84,996	66,989	1,090,307
8 INMAAK VAN GROENTE	379,388	83,198	67,598	156,061	61,766	27,115	51,727	210,948	0	1,037,801
9 INMAAK VAN VIS	177,894	0	0	10	206,856	17	0	0	0	384,777
10 OLIES EN VETTE	426,704	0	0	26	180,616	0	0	371,772	0	979,118
11 GRAANMEULPRODUKTE	214,976	26,475	322,794	116,041	462,131	97,701	63,640	921,025	93,520	2,318,303
12 BAKKERY	207,246	15,287	51,309	113,758	319,796	74,373	86,251	362,636	37,490	1,268,146
13 SUIKERFABRIEKE	0	0	0	65	1,239,214	98	0	0	0	1,239,377
14 KAKAO, SJOKOLADE	16,746	0	0	199,129	187,116	0	0	79,168	0	482,159
15 ANDER VOEDSEL	20,731	0	0	276,697	327,063	414,562	0	165,061	0	1,204,114
16 DIEREVOEDSEL	263,676	53,840	63,373	44,268	101,623	45,731	84,659	255,991	22,829	935,990
17 DISTILLERING EN WYN	740,420	50,162	48,222	147,341	91,006	0	40,790	0	0	1,117,941
18 MOUT EN MOUTDRANKE	41,866	44,249	321,016	0	556,178	45,056	66	119,697	24,239	1,152,367
19 NIE-ALK DRANKE	137,224	11,355	0	37,144	144,228	36,700	0	356,814	79,445	802,910
20 TABAKPRODUKTE	0	0	0	0	0	0	0	514,081	0	514,081
21 WOL- EN KATOENVERW	34,626	0	18,241	87,484	222,230	0	0	0	0	362,581
30 LOOIERYE EN LEERAFW	69,142	0	0	134,961	23,094	0	0	63,543	0	290,740
31 LEERPROD EN -ARTIKEL	35,585	0	0	3,955	19,223	0	0	39,226	0	97,989
32 SKOEISEL	179,393	0	0	89,491	409,951	0	0	29,932	0	708,767
33 HOUT EN HOUTPROD	170,483	614	40,574	102,058	327,073	304,426	83,286	252,000	2,021	1,282,535
34 MEUBELS	193,886	3,537	19,367	61,732	201,520	7,102	13,294	489,686	8,325	998,449
35 PULP, PAPIER	0	0	0	79,895	932,385	211,952	0	309,709	0	1,533,941
36 PAPIERHOUSERS	125,176	0	0	56,211	439,507	149,124	0	379,482	0	1,149,500
<b>TOTAAL</b>	<b>4,369,775</b>	<b>305,550</b>	<b>1,417,790</b>	<b>1,809,612</b>	<b>7,675,933</b>	<b>1,882,953</b>	<b>438,928</b>	<b>6,929,254</b>	<b>350,174</b>	<b>25,179,969</b>
<b>% AANDEEL</b>	<b>17.35%</b>	<b>1.21%</b>	<b>5.63%</b>	<b>7.19%</b>	<b>30.48%</b>	<b>7.48%</b>	<b>1.74%</b>	<b>27.52%</b>	<b>1.39%</b>	<b>100.00%</b>

**HOOFSTUK 4**  
**DIE BYDRAE VAN DIE AGRO-NYWERHEIDSEKTOR**  
**TOT DIE BRUTO BINNELANDSE PRODUK**

**4.1 Inleiding**

In hoofstuk 3 is die produksie deur die agro-nywerheidsektor ontleed. In hierdie hoofstuk word die bydrae van die agro-nywerheidsektor tot die bruto binnelandse produk bespreek. Eerstens word die relatiewe aandeel van produksiesektore van die bruto binnelandse produk bespreek, gevolg deur die relatiewe belangrikheid van agro- en ander nywerhede in die fabriekswesesektor en die vergelyking tussen die agro-nywerheidsektor en die landbousektor se onderskeie bydraes tot die bruto binnelandse produk. Die bruto binnelandse produk word uit die bruto bedryfsurplus en arbeidsvergoeding saamgestel.<sup>1</sup> Vir die doel van hierdie studie is die bydrae tot die bruto binnelandse produk aan die hand van die volgende vyf sektore ontleed:

**4.1.1 Landbousektor**

Die landbousektor sluit in landbou, bosbou en vissery.

**4.1.2 Mynbousektor**

Die mynbousektor sluit in steenkool-, goud- en uraanontginning, diamant- en ander mynbedrywighede.

---

<sup>1</sup>

Data uit Kwartaalblaai (kyk SARB, 1983-1990) en Inset-uitsettable (kyk SSD, 1988 en Kantoor vir Streekontwikkeling, 1991b) is gebruik om berekenings mee te doen.

#### 4.1.3 Fabriekswesesektor

Die sektor sluit in alle vervaardigende nywerhede met inbegrip van ander- en agro-nywerhede.

#### 4.1.4 Elektrisiteit/Konstruksiesektor

Die sektor sluit in elektrisiteit, gas, stoom en water, konstruksie en siviele ingenieurswese.

#### 4.1.5 Dienstesektor

Die dienstesektor omvat die volgende:

Groot- en kleinhandel, verversings en akkommodasie

Vervoer, opberging en kommunikasie

Finansies, versekering, vaste eiendom en sakedienste

Gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste minus

toegerekende finansiële diensgelde

Algemene owerheid

Ander produsente

In tabel 4.1 (kyk p. 74) word die bruto binnelandse produk-gegewens vir die vyf sektore vir die jare 1975, 1978, 1981, 1985 en 1988 aangedui. Gegewens in hierdie tabel is gedefleer en word teen 1985-pryse getoon. Die verdeling van die fabriekswesesektor in agro- en ander nywerhede is deur die gebruik van inset-uitsettable gedoen. Die berekening van 1975-gegewens word as voorbeeld ingesluit (kyk p. 63). Uit die gegewens in tabel 4.1 (kyk p. 74) word die relatiewe aandeel van die produksiesektore van die bruto binnelandse produk, die relatiewe belangrikheid van agro-

teenoor ander nywerhede in die fabriekswesesektor, die vergelyking van die agro-nywerheidsektor se bydrae tot die bruto binnelandse produk met die bydrae van die fabriekswesesektor tot die bruto binnelandse produk en die vergelyking van die bydrae van die agro-nywerheidsektor tot die bruto binnelandse produk met die bydrae van die landbousektor tot die bruto binnelandse produk ontleed.<sup>2</sup>

## **4.2 Berekening van bruto binnelandse produk teen faktorkoste vir 1975**

### **4.2.1 Berekening van deflators**

Aangesien 1975-gegewens nie teen 1985-pryse in publikasies aangedui word nie, is dit nodig om met deflators die 1975-waardes teen 1985-pryse te bereken (kyk tabel 4.1, p. 74). Vir die berekening van deflators is die waarde van 1980 gebruik, aangesien dié waarde in Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) Kwartaalblaai teen beide 1975-pryse (SARB, Junie 1985:S-78) en 1985-pryse (SARB, Maart 1988:S-83) aangegee word. Die deflators is bereken deur die 1985-prys van 1980-waarde deur die 1975-prys van 1980-waarde te deel (kyk tabel 4.2.1, p. 64).

Vervolgens is 1975-waardes teen 1975-pryse (SARB, Maart 1983:S-84) met die deflators vermenigvuldig om 1975-waardes teen 1985-pryse te verkry.

### **4.2.2 Landbousektorwaarde van 1975 teen 1985-pryse**

Die 1975-waarde van die landbousektor teen 1975-pryse van R2 129 miljoen (verkry in SARB, Maart 1983:S-84) is vermenigvuldig met die defla-

---

<sup>2</sup>

Volledige verwerkings van die gegewens word in Bylae A aangedui (kyk pp. 265-274).

**Tabel 4.2.1** Deflators soos bereken om 1975-data teen 1985-pryse aan te dui

PRYSE	LANDBOU 1980- WAARDE	MYNBOU 1980- WAARDE	FABRIEKS- WESE 1980- WAARDE	ELEK./KON. 1980- WAARDE	DIENSTE 1980- WAARDE
1975	2570	3463	7729	2069	15212
1985	6584	17362	25111	7702	51717
DEFLATOR	2,6	5,0	3,2	3,7	3,4

Bron: SARB, Junie 1985, Maart 1988.

tor vir die landbousektor (2,6) soos bereken in tabel 4.2.1 om die 1975-waarde van die landbousektor teen 1985-pryse van R5 535 miljoen (kyk tabel 4.1, p. 74) te verkry.

#### 4.2.3 Mynbousektorwaarde van 1975 teen 1985-pryse

Die 1975-waarde van die mynbousektor teen 1975-pryse van R3 182 miljoen (verkry in SARB, Maart 1983:S-84) is vermenigvuldig met die deflator vir die mynbousektor (5,0) soos bereken in tabel 4.2.1 om die 1975-waarde van die mynbousektor teen 1985-pryse van R15 910 miljoen (kyk tabel 4.1, p. 74) te verkry.

#### 4.2.4 Fabriekswesesektorwaarde van 1975 teen 1985-pryse

Die 1975-waarde van die fabriekswesesektor teen 1975-pryse van R5 991 miljoen (verkry in SARB, Maart 1983:S-84) is vermenigvuldig met die deflator vir die fabriekswesesektor (3,2) soos bereken in tabel 4.2.1 om die

1975-waarde van die fabriekswesesektor teen 1985-pryse van R19 171 miljoen (kyk tabel 4.1, p. 74) te verkry.

#### **4.2.5 Elektrisiteit/konstruksiesektorwaarde van 1975 teen 1985-pryse**

Die 1975-waarde van die sektor elektrisiteit/konstruksie teen 1975-pryse van R1 972 miljoen (verkry in SARB, Maart 1983:S-84) is vermenigvuldig met die deflator vir die sektor elektrisiteit/konstruksie (3,7) soos bereken in tabel 4.2.1 (kyk p. 64) om die 1975-waarde van die mynbousektor teen 1985-pryse van R7 296 miljoen (kyk tabel 4.1, p. 74) te verkry.

#### **4.2.6 Dienstesektorwaarde van 1975 teen 1985-pryse**

Die 1975-waarde van die dienstesektor teen 1975-pryse van R12 572 miljoen (verkry in SARB, Maart 1983:S-84) is vermenigvuldig met die deflator vir die dienstesektor (3,4) soos bereken in tabel 4.2.1 (kyk p. 64) om die 1975-waarde van die dienstesektor teen 1985-pryse van R42 745 miljoen (kyk tabel 4.1, p. 74) te verkry.

#### **4.2.7 Bepaling van die bruto binnelandse produk van die agro-nywerheidsektor vir 1975 teen 1985-pryse**

Die verdeling van die fabriekswesesektor in agro- en ander nywerhede is met gegewens in die inset-uitsettabel van die Statistiekdiens vir 1975, gedoen. In tabel 4.2.7 (kyk p. 66) word die bruto binnelandse produk van die agro-nywerheidsektor vir 1975 bepaal. Die vergoeding aan werknemers en die bruto bedryfsurplus van die agro-nywerheidsektor in die inset-uitsettabel is bymekaar getel om die bruto binnelandse produk

van die agro-nywerheidsektor aan te dui.

Die waarde van die bruto binnelandse produk van die agro-nywerheidsektor vir 1975 teen 1975-pryse (R1 469,32 miljoen) is met die deflator van die fabriekswesesektor (3,2) (kyk tabel 4.2.1, p. 64) vermenigvuldig om die waarde van die bruto binnelandse produk van die agro-nywerheidsektor teen 1985-pryse van R4 702 miljoen (kyk tabel 4.1, p. 74) te verkry.

**Tabel 4.2.7 Bepaling van die bruto binnelandse produk van die agro-nywerheidsektor deur die som van die vergoeding aan werknemers en die brutobedryfsurplus van die agro-nywerheidsektor vir 1975 (R'miljoen)**

1975 AGRO-NYWERHEIDSGROEP	VERGOEDING AAN WERKNEMERS	BRUTO- BEDRYF- SURPLUS	TOTAAL
VLEISVERWERKING, ENS.	79,03	83,41	162,44
GRAAN, SUIKER, ENS.	89,68	126,85	215,53
ANDER VOEDSEL	162,7	132,92	295,62
MOUTDRANKE	86,63	144,1	230,73
TABAKPRODUKTE	14,00	19,48	33,48
WOL EN KATOENVERW.	12,31	16,47	28,78
LEER EN LEERPRODUKTE	19,94	9,55	29,49
SKOEISEL	52,7	17,12	69,82
HOUT EN HOUTPRODUKTE	69,7	38,4	108,1
MEUBELS	65,85	18,84	84,69
PULP, PAPIER, ENS.	46,08	68,11	114,19
PAPIERHOUSERS	43,38	52,07	95,45
<b>TOTAAL</b>	<b>742</b>	<b>727,32</b>	<b>1469,32</b>

Bron: SSD, 1981

#### 4.2.8 **Bepaling van die bruto binnelandse produk van ander nywerhede**

Die bruto binnelandse produkwaarde van die agro-nywerheidsektor vir 1975 teen 1985- pryse (R4 702 miljoen) is van die totaal van die fabriekswesesektorwaarde (R19 171 miljoen) (soos op p. 65 bereken) afgetrek om die bruto binnelandse produk van ander nywerhede te bereken. Die bruto binnelandse produk van ander nywerhede beloop R14 469 miljoen.


#### 4.3 **Relatiewe aandeel van produksiesektore van die bruto binnelandse produk (%)**

In tabel 4.2 (kyk p. 74) word die relatiewe aandeel van die bruto binnelandse produk vir die vyf produksiesektore aangedui. Die waardes is verkry deur die waardes van die sektore in tabel 4.1 (kyk p. 74) deur die totaal in tabel 4.1 te deel. Byvoorbeeld die landbousektor se aandeel tot die bruto binnelandse produk vir 1975 is verkry deur die landbousektor se waarde van R5 535 miljoen te deel deur die totale bruto binnelandse produk vir 1975 van R90 657 miljoen. Gevolglik is die relatiewe aandeel van die landbousektor in die bruto binnelandse produk vir 1975, 6,11 persent.

In tabel 4.2 (kyk p. 74) en grafiek 4.3 (kyk p. 68) word die relatiewe aandeel van die fabriekswesesektor en dienste tot die bruto binnelandse produk vir 1975 en 1988 aangedui. Dit was laer in 1975 as in 1988. Vir dieselfde jare was die aandeel van die mynbou groter in 1975 as in 1988. Die toename in die bydrae tot die bruto binnelandse produk deur die fabriekswesesektor en die afname in die mynbou se bydrae tot die bruto binnelandse produk oor die tydperk 1975 tot 1988, kan ook in grafiek 4.3 waargeneem word.

Elektrisiteit en konstruksie se bydrae tot die bruto binnelandse produk is baie wisselend en het in 1978 afgeneem, maar weer in 1981 gestyg (kyk tabel 4.2, p. 74). In 1988 het die bydrae deur dié sektor tot die bruto binnelandse produk weer in 'n geringe mate afgeneem.

**Grafiek 4.3**




#### 4.4 Relatiewe belangrikheid van agro- en ander nywerhede in die fabriekswesesektor

Tabel 4.3 (kyk p. 74) toon die agro-nywerheidsektor en ander nywerhede se relatiewe aandeel in die fabriekswesesektor. Die waardes in tabel 4.3 is verkry deur die waarde van die agro-nywerheidsektor en ander nywerhede in tabel 4.1 (kyk p. 74) onderskeidelik deur die totale waarde van die fabriekswesesektor in tabel 4.1 te deel. Byvoorbeeld vir 1975 is die agro-nywerheidsektor se aandeel in die fabriekswesesektor verkry deur die

waarde van die agro-nywerheidsektor vir 1975 van R4 702 miljoen te deel deur die totale waarde vir die fabriekswesesektor van R19 171 miljoen. Gevolglik is die agro-nywerheidsektor se aandeel in die fabriekswesesektor 24,53 persent.

Ander nywerhede se aandeel in die fabriekswesesektor is soortgelyk bereken deur ander nywerhede se waarde soos in tabel 4.1 (kyk p. 74) aangedui van R14 469 miljoen te deel deur die totale waarde van die fabriekswesesektor van R19 171 miljoen. Ander nywerhede se aandeel in fabriekswese vir 1975 beloop gevolglik 75,47 persent.

**Grafiek 4.4.1**




Die agro-nywerheidsektor se aandeel in die fabriekswesesektor het gedurende die tydperk 1975 tot 1985 'n dalende tendens getoon (van 24,53 persent tot 20,88 persent), waarna dit weer begin styg het in 1988. Gedu-

rende 1988 het die agro-nywerheidsektor 24 persent van die fabriekswesesektor verteenwoordig (kyk grafiek 4.4.1, p. 69).

In 1988 het die ander nywerhede se bydrae tot die bruto binnelandse produk weer begin afneem (kyk grafiek 4.4.2).

**Grafiek 4.4.2**




#### 4.5 Vergelyking van die agro-nywerheidsektor se bydrae tot die bruto binnelandse produk met fabriekswese se bydrae tot die bruto binnelandse produk

Uit grafiek 4.5 (kyk p. 71) blyk dit dat die agro-nywerheidsektor se produksie gedurende die tydperk 1975 tot 1988 teen 'n soortgelyke tempo gegroei het as die fabriekswesesektor in geheel. Vanaf 1975 tot 1981 styg beide die fabriekswesesektor (van R19,2 miljard tot R29,3 miljard) en die

agro-nywerheidsektor (van R4,7 miljard tot R6,3 miljard) se bydrae tot die bruto binnelandse produk. In 1985 neem beide die fabriekswesesektor (R25,9 miljard) en die agro-nywerheidsektor (R5,4 miljard) se bydrae tot die bruto binnelandse produk af, maar styg weer in 1988. In 1988 was die fabriekswesesektor se bydrae tot die bruto binnelandse produk R28,7 miljard en die agro-nywerheidsektor se bydrae tot die bruto binnelandse produk R6,8 miljard.

Grafiek 4.5




**4.6 Vergelyking van die agro-nywerheidsektor se bydrae tot die bruto binnelandse produk met die landbousektor se bydrae tot die bruto binnelandse produk.**

Grafiek 4.6 toon dat die landbousektor se bydrae tot die bruto binnelandse produk vanaf 1975 tot 1988 hoër was as die bydrae van die agro-nywer-

heidsektor tot die bruto binnelandse produk. Aangesien die verdere verwerking van landbouprodukte deur die agro-nywerheidsektor waarde tot produksie toevoeg, kan afgelei word dat deur 'n verhoging in die verdere verwerking van landbouprodukte die agro-nywerheidsektor se bydrae tot die bruto binnelandse produk verhoog kan word.

Grafiek 4.6



#### 4.7

#### Samevatting

Die ontleding van die relatiewe aandeel van produksiesektore in die bruto binnelandse produk is vir die jare 1975, 1978, 1981, 1985 en 1988 gedoen. Die verwerking van die data is volledig aangedui. Die verwerking van gegewens vir 1975 word op p. 63 aangedui en is slegs as voorbeeld ingesluit. Die berekening van die res van die gegewens word in Bylae A aangedui (kyk pp. 265-274). Uit die gegewens is bevind dat die fabrieks-

wesesektor in 1988 'n relatiewe aandeel van 24 persent in die totale bruto binnelandse produk gehad het. Dit was 3 persent hoër as in 1975. Die fabriekswesesektor het in 1975 'n relatiewe aandeel in die totale bruto binnelandse produk van 21 persent gehad. In die ondersoek na die relatiewe belangrikheid van agro- teenoor ander nywerhede in die fabriekswesesektor is bevind dat in 1988 die agro-nywerheidsektor 24 persent van die fabriekswesesektor verteenwoordig het. In die vergelyking van die agro-nywerheidsektor se bydrae tot die bruto binnelandse produk met die fabriekswese se bydrae tot die bruto binnelandse produk is bepaal dat die agro-nywerheidsektor gedurende die tydperk 1975 tot 1988 teen 'n soortgelyke tempo as die fabriekswesesektor in geheel gegroei het. In die vergelyking van die agro-nywerheidsektor se bydrae tot die bruto binnelandse produk met die landbousektor se bydrae tot die bruto binnelandse produk is bevind dat die landbousektor se bydrae tot die bruto binnelandse produk vanaf 1975 tot 1988 hoër as die bydrae van die agro-nywerheidsektor tot die bruto binnelandse produk was. Waarde word toegevoeg deur die verdere verwerking van landbouprodukte en hieruit kan afgelei word dat deur die verdere verwerking van landbouprodukte die agro-nywerheidsektor se bydrae tot die bruto binnelandse produk verhoog kan word.

**TABEL 4.1 BRUTO BINNELANDSE PRODUK TEEN FAKTORPRYSE (1985-PRYSE)  
(R 'MILJOEN)**

SEKTORE	1975	1978	1981	1985	1988
1. LANDBOU	5535	5984	7171	6526	7255
2. MYNBOU	15910	16598	17017	16671	15625
3. FABRIEKSEWESE ..... AGRO	4702	5085	6294	5415	6766
..... ANDER	14469	16179	23020	20513	21890
..... TOTAAL	19171	21264	29314	25928	28656
4. ELEKTRISITEIT / KONSTRUKSIE	7296	6741	8840	8981	9283
5. DIENSTE	42745	42594	50753	54341	58360
<b>TOTAAL</b>	<b>90657</b>	<b>93181</b>	<b>113095</b>	<b>112447</b>	<b>119179</b>

BRONNE: SARB, 1983 - 1990

SSD, 1981; 1984; 1988; 1990

Kantoor vir Streekeontwikkeling, 1991b

**TABEL 4.2 RELATIEWE AANDEEL VAN SEKTORE IN DIE BBP (%)**

SEKTORE	1975	1978	1981	1985	1988
1. LANDBOU	6.11	6.42	6.34	5.81	6.09
2. MYNBOU	17.55	17.81	15.05	14.83	13.11
3. FABRIEKSEWESE ..... AGRO	5.19	5.46	5.57	4.82	5.68
..... ANDER	15.96	17.36	20.35	18.24	18.37
..... TOTAAL	21.15	22.82	25.92	23.07	24.04
4. ELEKTRISITEIT / KONSTRUKSIE	8.05	7.23	7.82	7.99	7.79
5. DIENSTE	47.15	45.71	44.88	48.35	48.97

**TABEL 4.3 RELATIEWE AANDEEL VAN DIE AGRO-NYWERHEIDSEKTOR EN ANDER  
NYWERHEDE IN FABRIEKSEWESE (%)**

SEKTORE	1975	1978	1981	1985	1988
FABRIEKSEWESE ..... AGRO	24.53	23.91	21.47	20.88	23.61
..... ANDER	75.47	76.09	78.53	79.12	76.39

## HOOFSTUK 5

### INDIENSNAME IN DIE AGRO-NYWERHEIDSEKTOR

#### 5.1 Inleiding

Werkloosheid in stedelike gebiede het 'n ernstige, groterwordende probleem in die meeste minder-ontwikkelde lande geword oor die laaste twee dekades (Ghatak, 1986:205). Gedurende 1991 het die formele sektor van die Republiek van Suid-Afrika slegs 7,6 persent van nuwe toetreders tot die arbeidsmark geabsorbeer (Ligthelm *et al.*, 1990:630). Vooruitskattings wys daarop dat die metropolitaanse populasie tussen 1980 tot 2010 van 12 miljoen na 32 miljoen gaan styg, terwyl die getal swartes in dié gebiede van 6,6 miljoen na 23,6 miljoen oor dieselfde periode gaan verdriedubbel (Urban Foundation, 1990:13). In die vorige hoofstuk het die belangrikheid van die agro-nywerheidsektor geblyk, waaruit reeds verwag kan word dat dit belangrik vir indiensname is. In hierdie hoofstuk word die rol van die agro-nywerheidsektor in die skepping en verskaffing van indiensname bespreek. Dit word gedoen deur die totale indiensname in die agro-nywerheidsektor te ontleed en daarna indiensname deur die agro-nywerheidsektor per ontwikkelingstreek te bespreek. Vervolgens word die produktiwiteit van die agro-nywerheidsektor in die verskillende ontwikkelingstreke bespreek. Indiensname en groei in indiensname deur die fabriekswesesektor word ook ontleed.


#### 5.2 Totale indiensname deur die agro-nywerheidsektor in die RSA

In tabel 5.1 (kyk p. 84) word die totale indiensname in die verskillende groepe van agro-nywerhede (OBSA, 1991; Kantoor vir Streekontwikkeling, 1991a) aangedui.

Die belangrikheid van die agro-nywerheidsektor vir indiensname word beklemtoon deurdat 27 persent van alle indiensname in die fabriekswese- sektor in spesifiek die agro-nywerheidsektor aangetref word. Daar was in 1985 reeds 455 204 persone in die agro-nywerheidsektor werksaam.

Grafiek 5.2 toon die totale aantal werkers in elke agro-nywerheidsgroep, soos geklassifiseer, aan. Die belangrikheid van die verdere verwerking

Grafiek 5.2




van spesifiek die agro-nywerheidsgroep hout (houtprodukte, meubels, papierprodukte asook pulp en papier) in indiensname is opmerklik. Meer as 14 persent (63 086 werkers) van alle indiensname in die agro-nywerheidsektor is op die verdere verwerking van die agro-nywerheidsgroep hout afgestem. Die agro-nywerheidsgroep bakkerij voorsien 9 persent van die indiensname in die agro-nywerheidsektor (41 335 werkers).

### 5.3 Indiensname deur die agro-nywerheidsektor per ontwikkelingstreek

In grafiek 5.3 word die totale indiensname per ontwikkelingstreek van die agro-nywerheidsektor vir 1985 aangedui. Die inligting is uit tabel 5.1 (kyk p. 84) verkry. Van al die ontwikkelingstreke verskaf Ontwikkelingstreek H (127 569 werkers) die grootste hoeveelheid indiensname in die agro-nywerheidsektor gevolg deur Ontwikkelingstreek E (120 366 werkers)

Grafiek 5.3




en A (91 347 werkers). Gesamentlik is dié ontwikkelingstreke vir meer as 75 persent van die indiensname in die agro-nywerheidsektor verantwoordelik.

## 5.4 Relatiewe produktiwiteit van die ontwikkelingstreke

Soos in hoofstuk 3 (kyk p. 48) aangedui, was dieselfde ontwikkelingstreke wat vir die grootste indiensname verantwoordelik was (Ontwikkelingstreke E, H en A) ook vir die grootste produksie in 1985 verantwoordelik. Relatief gesproke handhaaf dié ontwikkelingstreke die grootste produktiwiteit (kyk grafiek 5.4.1). Die agro-nywerheidsektor in Ontwikkelingstreek E lewer die grootste produksie (30,48 persent) van totale produksie (kyk tabel 3.1, p. 60). In Ontwikkelingstreke H en A is die ooreenstemmende getalle 27,5 persent en 17,35 onderskeidelik (kyk tabel 3.1, p. 60).


Grafiek 5.4.1



Om 'n beter beeld van die produktiwiteit in elke ontwikkelingstreek te kry word die gemiddelde produksie per arbeider ( $Y/L$ ) bepaal. Indien die produksie van elke ontwikkelingstreek deur die getal werkers gedeel word, is

dit Ontwikkelingstreke J, C en E wat in werklikheid oor die grootste produktiwiteit beskik ( kyk grafiek 5.4.2 en tabel 5.4, p. 89)

**Grafiek 5.4.2**



## 5.5


### Indiensname deur die fabriekswesesektor

Die totale indiensname van die fabriekswesesektor in elke ontwikkelingstreek en die totale indiensname van die verskillende ontwikkelingstreke word in tabel 5.3 (kyk pp. 85-88) aangedui. Indiensname deur die agro-nywerheidsektor in verhouding tot totale indiensname deur die fabriekswesesektor en tot totale indiensname van elke ontwikkelingstreek word in tabel 5.2 (kyk p. 84) en grafiek 5.5 (kyk p. 80) aangedui.

In Ontwikkelingstreke G, B en F is indiensname in die agro-nywerheidsektor die grootste deel van indiensname in die fabriekswesesektor. In

vergelyking met die ander ontwikkelingstreke verskaf die agro-nywerheidsektor van Ontwikkelingstreke E, A en D die grootste deel van totale indiensname.

**Grafiek 5.5**



## 5.6


### Groeikoerse

Slegs groeikoerse tussen die jare 1980 en 1985 kon bereken word (kyk tabel 5.5 p. 89). Die groeikoerse is slegs van toepassing op die fabriekswesesektor in die geheel. Die rede hiervoor is dat die nodige inligting vir die verdeling van die fabriekswesesektor in 'n agro-nywerheidsektor en ander nywerhede nie op 'n ontwikkelingstreekbasis beskikbaar is nie.

Gevollik kan slegs die groei in die fabriekswesesektor in die nege ontwikkelingstreke tussen die jare 1980 en 1985 bereken word (kyk gra-


fieke 5.6.1 en 5.6.2, p. 82). Gegewe die verhouding van indiensname in die agro-nywerheidsektor teenoor die fabriekswesesektor, kan waarskynlik aanvaar word dat soortgelyke tendense vir indiensname in die agro-nywerheidsektor geld. In dié opsig is dit Ontwikkelingstreke B en D wat swak presteer (kyk tabel 5.5, p. 89).

Grafiek 5.6.1



Grafiek 5.6.1 toon die hoeveelheid werkers in diens geneem in die fabriekswesesektor in 1980 en 1985. Grafiek 5.6.2 dui die persentasie groei in indiensname in dié onderskeie jare aan. Ontwikkelingstreek G het die grootste groei van 83 persent tussen 1980 en 1985 getoon, gevolg deur Ontwikkelingstreek C met 38 persent. Slegs Ontwikkelingstreek D het 'n negatiewe groei van -1,7 persent getoon.

Grafiek 5.6.2



## 5.7

## Samevatting

In hierdie hoofstuk is die belangrikheid van die agro-nywerheidsektor in indiensname bespreek. Die belangrikheid van die agro-nywerheidsektor vir indiensname word beklemtoon deurdat 27 persent van alle indiensname in die fabriekswesesektor in spesifiek die agro-nywerheidsektor aangetref word. Daar was in 1985 reeds 455 204 persone in die agro-nywerheidsektor werksaam. Ontwikkelingstreke J, C en E handhaaf die grootste produktiwiteit van al die streke. In vergelyking met die ander ontwikkelingstreke verteenwoordig die agro-nywerheidsektor van Ontwikkelingstreke E, A en D die grootste persentasie van hul totale indiensname. Weens die ontbreking van inligting is slegs die groei in die indiensname van die

fabriekswesesektor oor die jare 1980 to 1985 bepaal. Slegs Ontwikkelingstreek D het 'n negatiewe groei oor die tydperk ondervind. Suid-Afrika ondervind tans 'n hoë werkloosheidskoers. Die werkskeppingsvermoë van agro-nywerhede kan help om hierdie probleem te verminder.

In hierdie hoofstuk is die belangrikheid van die agro-nywerheidsektor vir indiensname bepaal. In die volgende hoofstuk gaan die vestigingskoëffisiënte vir die agro-nywerheidsektor in elk van die nege ontwikkelingsstreke bereken word om sodoende saam met die indiensname die potensiaal vir die vestiging van die agro-nywerheidsgroepe in die onderskeie ontwikkelingsstreke te bepaal.

TABEL 5.1 INDIENSNAME IN DIE VERSKILLENDE AGRO-NYWERHEIDSGROEPE VIR 1985

SEKTOR	A	B	C	D	E	F	G	H	J	TOTAAL
VLEISVERWERKING	4969	438	2535	963	5525	1929	332	12530	289	29508
SUIWELPRODUKTE	3811	0	4518	830	2999	onbekend	0	3703	773	16634
INMAAK VAN GROENTE	12726	789	110	7504	1456	1323	2484	7554	0	33947
INMAAK VAN VIS	1332	0	0	onbekend	1224	onbekend	0	0	0	2556
OLIES EN VETTE	3195	0	0	onbekend	2516	0	0	5950	0	11661
GRAANMEULPRODUKTE	4037	779	3927	2211	8182	2148	1500	10300	202	33285
BAKKERY	6668	648	1846	3487	10519	2638	3436	12014	80	41335
SUIKERFABRIEKE	0	0	0	1	7334	1	0	0	0	7335
KAKAO, SJOKOLADE	572	0	0	1106	5177	0	0	2601	0	9456
ANDER VOEDSEL	483	0	0	1476	2717	2234	0	2650	0	9560
DIEREVOEDSEL	3999	1402	769	954	2292	817	573	3657	48	14511
DISTILLERING EN WYN	8726	861	172	1148	1767	0	1055	0	0	13730
MOUT EN MOUTDRANKE	110	154	2193	0	2243	359	3	2782	293	8136
NIE-ALK DRANKE	388	759	0	990	2832	1230	0	11829	979	19007
TABAKPRODUKTE	0	0	0	0	0	0	0	4506	0	4506
WOL- EN KATOENVERW	1149	0	1236	2298	3692	0	0	0	0	8375
LOOIERYE EN LEERAFW	1045	0	0	1391	348	0	0	1651	0	4435
LEERPROD EN -ARTIKEL	2071	0	0	4	1132	0	0	1922	0	5130
SKOEISEL	8379	0	0	3524	18906	0	0	1206	0	32014
HOUT EN HOUTPRODUKTE	7835	72	1192	4408	15428	16605	8316	9071	160	63086
MEUBELS	7818	242	1459	2493	8272	507	onbekend	18767	267	39824
PULP, PAPIER	0	0	0	1209	8907	1414	0	6010	0	17541
PAPIERHOUEERS	12034	0	0	790	6899	1042	0	8867	0	29632
<b>TOTAAL</b>	<b>91347</b>	<b>6144</b>	<b>19957</b>	<b>36786</b>	<b>120366</b>	<b>32246</b>	<b>17698</b>	<b>127569</b>	<b>3091</b>	<b>455204</b>
<b>% AANDEEL</b>	<b>20.1</b>	<b>1.3</b>	<b>4.4</b>	<b>8.1</b>	<b>26.4</b>	<b>7.1</b>	<b>3.9</b>	<b>28.0</b>	<b>0.7</b>	<b>100.0</b>

84

TABEL 5.2 INDIENSNAME IN DIE AGRO-NYWERHEIDSEKTOR AS PERSENTASIE VAN:

STREEK	A	B	C	D	E	F	G	H	J	TOTAAL
INDIENSNAME VAN FABRIEKSWESE	35	50	42	32	33	46	54	17	17	27
TOTALE INDIENSNAME	7	3	3	7	8	5	5	4	1	5

BRON VAN BASIESE GEGEWENS: OBSA, 1991

Kantoor vir Streekontwikkeling, 1991a

TABEL 5.3 INDIENSNAME PER ONTWIKKELINGSTREEK VIR 1985

SEKTOR	A	B	C	D	E	F	G	H	J	TOTAAL
1 LANDBOU	182,055	69,822	170,117	89,411	271,933	172,415	144,537	111,805	87,914	1,300,009
2 STEENKOOLMYNE	0	0	954	0	25,467	76,302	2,924	14,982	0	120,629
3 GOUDMYNE	0	0	176,982	0	9	32,827	277	206,628	110,932	527,655
4 DIAMANTMYNE	5,536	7,577	644	0	0	0	106	3,861	351	18,275
5 ANDER MYNE	5,948	14,630	869	1,118	2,248	7,488	31,164	4,522	25,379	93,366
6 VLEISVERWERKING	4,969	438	2,535	963	5,525	1,929	332	12,530	289	29,508
7 SUIWELPRODUKTE	3,811	0	4,518	830	2,999	onbekend	0	3,703	773	16,634
8 INMAAK VAN GROENTE	12,726	789	110	7,504	1,456	1,323	2,484	7,554	0	33,947
9 INMAAK VAN VIS	1,332	0	0	onbekend	1,224	onbekend	0	0	0	2,557
10 OLIES EN VETTE	3,195	0	0	onbekend	2,516	0	0	5,950	0	11,661
11 GRAANMEULPRODUKTE	4,037	779	3,927	2,211	8,182	2,148	1,500	10,300	202	33,285
12 BAKKERY	6,668	648	1,846	3,487	10,519	2,638	3,436	12,014	80	41,335
13 SUIKERFABRIEKE	0	0	0	1	7,334	1	0	0	0	7,335
14 KAKAO, SJOKOLADE	572	0	0	1,106	5,177	0	0	2,601	0	9,456
15 ANDER VOEDSEL	483	0	0	1,476	2,717	2,234	0	2,650	0	9,560
16 DIEREVOEDSEL	3,999	1,402	769	954	2,292	817	573	3,657	48	14,511
17 DISTILLERING EN WYN	8,726	861	172	1,148	1,767	0	1,055	0	0	13,730
18 MOUT EN MOUTDRANKE	110	154	2,193	0	2,243	359	3	2,782	293	8,136
19 NIE-ALK DRANKE	388	759	0	990	2,832	1,230	0	11,829	979	19,007
20 TABAKPRODUKTE	0	0	0	0	0	0	0	4,506	0	4,506
21 WOL- EN KATOENVERWERKING	1,149	0	1,236	2,298	3,692	0	0	0	0	8,374
22 SPIN EN WEEF	2,556	0	0	10,359	23,128	1,391	0	4,109	0	41,543
23 TEKSTIELGOEDERE	12,332	0	0	1,935	5,239	0	1,876	4,880	0	26,263
24 BREIFABRIEKE	4,070	0	1,828	1,335	4,698	0	0	3,605	0	15,736
25 ANDER BREIFABRIEKE	2,557	0	0	0	293	0	0	512	0	3,362
26 TAPYTE, MATTE ENS.	243	0	0	5	3,447	0	0	0	0	3,695
27 TOUWERK, TOU, ENS.	0	0	0	0	145	0	0	0	0	145

(Vervolg op volgende bladsy)

TABEL 5.3 (vervolg) INDIENSNAME PER ONTWIKKELINGSTREEK VIR 1985

SEKTOR	A	B	C	D	E	F	G	H	J	TOTAAL
28 TEKSTIELSTOWWE	183	0	0	2	2,419	0	0	605	0	3,208
29 KLERASIE	56,429	1,713	2,782	2,957	56,237	606	0	22,651	1,084	144,460
30 LOOIERYE EN LEERAFW	1,045	0	0	1,391	348	0	0	1,651	0	4,435
31 LEERPRODUKTE EN -ARTIKEL	2,071	0	0	4	1,132	0	0	1,922	0	5,130
32 SKOEISEL	8,379	0	0	3,524	18,906	0	0	1,206	0	32,014
33 HOUT EN HOUTPRODUKTE	7,835	72	1,192	4,408	15,428	16,605	8,316	9,071	160	63,086
34 MEUBELS (HOUT)	7,818	242	1,459	2,493	8,272	507	onbekend	18,767	267	39,824
35 PULP, PAPIER	0	0	0	1,209	8,907	1,414	0	6,010	0	17,541
36 PAPIERHOUSERS	12,034	0	0	790	6,899	1,042	0	8,867	0	29,632
37 ANDER PAPIERPRODUKTE	1,386	0	0	0	1,466	0	0	2,403	0	5,255
38 DRUKWERK	12,441	333	1,679	2,677	9,448	554	400	19,724	392	47,648
39 NYWERHEID CHEMIKALIE	0	0	0	258	8,156	4,682	0	21,572	0	34,668
40 BEMESTINGSTOWWE EN PLAAGDODERS	1,183	0	0	0	484	0	0	1,206	162	3,034
41 PLASTIEK EN HARSE	0	0	0	2,211	4,780	0	0	9,544	0	16,535
42 VERF EN VERNIS	1,395	0	0	769	2,457	0	0	5,880	0	10,500
43 MEDISINALE PREPERATE	1,150	0	676	612	1,502	0	0	9,509	0	13,449
44 SEEP, SKOONHEIDSMIDDELS ENS.	1,673	0	0	1,234	4,804	0	0	9,854	0	17,564
45 ANDER CHEMIESE PRODUKTE	338	0	0	0	80	5,843	0	345	0	6,606
46 PETROL RAFFINADERYE	8,431	0	0	0	4,321	0	0	10,769	0	23,521
47 PRODUKTE VAN PETROL EN STEENKOOL	0	0	0	0	55	4,162	0	236	0	4,452
48 BUIITE- EN BINNEBANDE	1,907	0	0	871	622	0	2,541	166	0	6,107
49 ANDER RUBBERPRODUKTE	575	0	2,035	7,356	6,276	0	0	6,885	0	23,127
50 PLASTIEKPRODUKTE	8,741	541	1,531	1,604	7,042	0	0	23,849	3,060	46,368
51 POTTERSBAKKERWARE	198	0	206	64	341	0	326	4,562	0	5,696
52 GLASPRODUKTE	951	0	512	318	2,398	0	0	5,867	0	10,046
53 STENE EN TEELS	4,620	0	1,704	1,646	5,980	2,461	3,035	19,902	708	40,057
54 SEMENT	4,009	1,486	3,182	1,585	4,644	1,063	0	-2,054	855	18,878
55 NIE-METAAL PRODUKTE	373	10	336	243	150	8	971	17,190	2,092	21,374

(Vervolg op volgende bladsy)

TABEL 5.3 (vervolg) INDIENSNAME PER ONTWIKKELINGSTREEK VIR 1985

SEKTOR	A	B	C	D	E	F	G	H	J	TOTAAL
56 YSTER- EN STAALNYWERHEDE	1,460	0	506	737	14,492	12,524	0	74,028	0	103,747
57 NIE- YSTERMETAALNYWERHEDE	478	0	0	95	8,447	227	514	21,373	40	31,176
58 TAFELGERY, HARDEWARE, ENS.	651	0	63	0	1,714	0	0	5,984	0	8,393
59 MEUBELS ENS. HOOF. VAN METAAL	1,259	0	126	222	318	0	0	4,918	0	6,844
60 STRUKTUUR METAALPRODUKTE	4,316	788	2,547	1,124	6,519	750	984	31,526	1,262	49,816
61 ANDER METAALPRODUKTE	6,691	63	1,519	1,977	10,105	194	85	54,584	397	75,615
62 ENJINS EN TURBINES	0	0	12	0	27	0	0	2,001	0	2,040
63 LANDBOUMASJINERIE	770	0	1,171	372	1,024	189	299	2,629	0	6,454
64 METAAL EN HOUTWERKMASJINERIE	347	0	0	14	149	0	0	4,019	0	4,529
65 NYWERHEIDSMASJINERIE	3,002	102	2,170	831	4,933	934	326	48,454	1,653	62,404
66 KANTOORMASJINERIE	160	0	0	0	0	0	0	208	104	472
67 ANDER MASJINERIE	3,748	82	147	1,172	5,455	105	190	20,065	65	31,029
68 ELEKTRIESE APPARAAT	1,752	88	675	998	4,248	0	0	30,188	148	38,097
69 RADIO, TV. EN KOMM. TOEBEHORE	2,847	0	0	823	0	0	2,960	18,708	0	25,338
70 HUISHOUDELIKE ELEKTRIESE GOEDERE	731	0	0	0	784	0	0	171	0	1,667
71 ANDER ELEKTRIESE GOEDERE	34	0	0	3,790	192	378	0	6,135	0	12,529
72 SKEEPSBOU EN HERSTEL	190	0	0	0	130	0	0	270	0	590
73 SPOORWEGUITRUSTING	0	0	0	3	0	0	0	7,174	0	7,177
74 MOTORVOERTUIE, ENS.	610	1	1	22,700	420	1	0	28,841	53	52,627
75 VERVAARDIGING VAN VLIEGTUIE	0	0	0	0	0	0	0	719	0	719
76 MOTORONDERDELE ENS.	6,923	350	1,212	5,719	16,473	614	803	21,173	408	55,673
77 ANDER VERVOERTOERUSTING	45	0	367	0	23	0	0	37	0	472
78 JUWELIERS- EN VERWANTE ARTIKELS	798	0	0	55	547	0	0	4,164	0	5,564
79 ANDER VERVAARDIGINGSNYWERHEDE	5,462	562	144	259	3,917	1,666	58	14,870	3,113	30,051
<b>TOT FABRIEKS INDIENSNAME</b>	<b>261,363</b>	<b>12,265</b>	<b>47,087</b>	<b>115,718</b>	<b>362,896</b>	<b>70,600</b>	<b>33,065</b>	<b>739,865</b>	<b>18,685</b>	<b>1,661,544</b>
80 ELEKTRISITEIT, GAS EN STOOM	7,827	1,018	1,953	2,037	6,208	61,529	1,005	16,449	1,311	99,336
81 WATERVOORSIENING	756	170	319	580	933	6,631	64	2,377	130	11,982
82 BOUKONSTRUKSIE	58,927	4,151	21,161	19,504	73,664	23,239	16,184	186,736	11,206	414,973

(Vervolg op volgende bladsy)

TABEL 5.3 (vervolg) INDIENSNAME PER ONTWIKKELINGSTREEK VIR 1985

SEKTOR	A	B	C	D	E	F	G	H	J	TOTAAL
83 KONSTRUKSIE EN SIVIELE ING.	37,630	2,648	13,516	12,453	47,170	14,840	10,337	119,246	7,157	264,997
84 GROOT- , KLEIN- EN MOTORHANDEL	168,337	21,236	55,562	55,562	132,694	32,299	18,218	497,893	27,366	1,009,167
85 VERVERSINGS EN AKKOMMODASIE	14,958	1,855	4,929	5,861	11,754	2,949	1,669	45,857	2,499	92,331
86 VERVOER EN OPBERGING	56,828	13,618	28,526	33,035	91,576	16,893	11,775	147,210	4,894	404,355
87 KOMMUNIKASIE	15,997	3,144	5,046	7,908	14,895	7,113	2,654	34,752	5,213	96,722
88 FINANSIERING EN VERSEKERING	31,207	3,107	8,260	8,235	20,883	4,036	2,442	85,802	11,202	175,174
89 VASTE EIENDOM	24,940	2,723	6,972	13,127	19,307	3,630	2,123	72,619	3,805	149,246
90 BESIGHEIDSDIENSTE	10,598	917	2,823	2,550	7,043	1,386	683	29,065	1,171	56,237
91 VERHUUR VAN MASJINERIE, ENS.	5,764	308	1,126	6,240	3,338	58	273	9,346	1,155	27,607
92 MEDIESE EN GESONDHEIDSDIENSTE	14,773	1,265	4,295	7,802	12,759	1,881	1,573	34,503	1,974	80,825
93 PROFYTGERIGTE DIENSTE	13,966	964	3,256	1,544	9,914	1,602	946	31,061	2,363	65,616
94 NIE PROFYTGERIGTE DIENSTE	9,874	981	3,146	2,606	8,823	2,606	969	33,220	1,411	63,637
95 NIE VOLDOENDE OMSKRYF	47,842	5,787	17,019	23,532	48,266	28,606	4,626	135,830	7,418	318,928
OWERHEID	179,162	25,506	76,873	79,707	167,738	45,787	51,278	439,803	33,477	1,099,331
HUISBEDIENDES	112,561	18,251	54,150	57,193	111,344	41,372	20,687	340,116	31,031	786,705
<b>TOTAAL INDIENSNAME</b>	<b>1,266,849</b>	<b>211,944</b>	<b>705,788</b>	<b>545,724</b>	<b>1,451,063</b>	<b>656,090</b>	<b>359,599</b>	<b>3,343,548</b>	<b>398,044</b>	<b>8,938,649</b>

BRON VAN BASIESE GEGEWENS: OBSA, 1991

Kantoor vir Streekontwikkeling, 1991a

**TABEL 5.4 PRODUKTIWITEIT VAN DIE AGRO-NYWERHEIDSEKTOR  
PER ONTWIKKELINGSTREEK VIR 1985**

STREEKE	PRODUKSIE (Y)	INDIENSNAME (L)	PRODUKTIWITEIT (Y/L)
STREEK A	4369775	91347	47.84
STREEK B	305550	6144	49.73
STREEK C	1417790	19957	71.04
STREEK D	1809612	36786	49.19
STREEK E	7675933	120366	63.77
STREEK F	1882953	32246	58.39
STREEK G	438928	17698	24.80
STREEK H	6929254	127569	54.32
STREEK J	350174	3091	113.29
<b>TOTAAL</b>	<b>25179969</b>	<b>455204</b>	<b>55.32</b>

BRON : Tabel 3.1  
Tabel 5.1

**TABEL 5.5 GROEI IN INDIENSNAME VAN DIE FABRIEKSEWESE-SEKTOR  
VIR 1980 TOT 1985 (AANTAL DUISENDE)**

STREEKE	1980	1985	% GROEI
STREEK A	224	261	16.52
STREEK B	12	12	0.00
STREEK C	34	47	38.24
STREEK D	118	116	-1.69
STREEK E	299	363	21.40
STREEK F	64	71	10.94
STREEK G	18	33	83.33
STREEK H	663	740	11.61
STREEK J	18	19	5.55

BRON : Tabel 5.1  
Van Wyk, 1990

## HOOFSTUK 6

### VESTIGINGSKOEFFISIËNTE VAN DIE AGRO-NYWERHEIDSEKTOR IN DIE VERSKILLENDE ONTWIKKELINGSTREKE

#### 6.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is 'n aanduiding verkry van die belangrikheid van indiensname deur die agro-nywerheidsektor. Dit dui reeds op sekere voordele vir die ontwikkelingstreke. Om 'n beter aanduiding van die relatiewe voordele van die ekonomiese aktiwiteite in die nege ontwikkelingstreke te gee, is vestigingskoeffisiënte ontleed. Die berekening van vestigingskoeffisiënte is 'n metode om 'n ontwikkelingstreek se aandeel in 'n spesifieke aktiwiteit (byvoorbeeld die agro-nywerheidsektor) met die ontwikkelingstreek se relatiewe aandeel in 'n basiese waarde, byvoorbeeld die bruto geografiese produk, te vergelyk.

In hierdie hoofstuk word die term en berekening van vestigingskoeffisiënte verduidelik, waarna die vestigingskoeffisiënte van die agro-nywerheidsektor vir die nege ontwikkelingstreke bereken word. Vervolgens word die vestigingskoeffisiënte vir elke agro-nywerheidsgroep bespreek.

Die term vestigingskoeffisiënte is 'n statiese begrip en dui op sekere waardes op 'n sekere tydstip en weerspieël die historiese ontwikkeling gebaseer op die komparatiewe voordele van die ontwikkelingstreek. Daarom kan die vestigingskoeffisiënt as 'n aanwyser gebruik word om op moontlike potensiaal vir toekomstige ontwikkeling te wys. Aan die anderkant moet sulke koeffisiënte met omsigtigheid gebruik word omdat dit op historiese gegewens berus. 'n Lae vestigingskoeffisiënt beteken nie noodwendig dat komparatiewe voordele nie kan ontwikkel nie. Dit kan soos volg verduidelik word: In Streek X is vleisverwerking baie laag. Ontwikkelingsmoontlikhede kan bestaan, maar die verskaffing van die reg-

te tegnologie en ander produksiesektore mag ontbreek. Sodra die data oor meer jare beskikbaar is, kan beter projeksies vir die bestaan van komparatiewe voordele gemaak word. 'n Hoë vestigingskoëffisiënt kan ook daarop dui dat 'n sektor 'n sterk komparatiewe voordeel gehad het, byvoorbeeld die goudmyne op Klerksdorp.

## 6.2 Metode vir die berekening van vestigingskoëffisiënte

In tabel 6.1 (kyk p. 110) word die vestigingskoëffisiënte vir die verskillende ontwikkelingstreke getoon. In tabel 6.2 (kyk p. 111) is vestigingskoëffisiënte vir elk van die 23 agro-nywerheidsgroepe in die nege ontwikkelingstreke bereken. Die berekening is gedoen met gegewens van tabel 6.1 (kyk p. 110) wat 'n samestelling is van die bruto geografiese produk (teen faktorkoste) volgens agro-nywerheidsgroepe. Vir elke agro-nywerheidsgroep is daar 'n grafiese voorstelling van die vestigingskoëffisiënte. 'n Waarde van meer as/minder as 1 impliseer dat die spesifieke sektor in 'n sekere ontwikkelingstreek 'n komparatiewe voordeel/nadeel teenoor die res van die Republiek van Suid-Afrika het.

Om die vestigingskoëffisiënt ( $V$ ) vir bv. Ontwikkelingstreek X ( $V_x$ ) te bereken, is die volgende formule van toepassing:<sup>1</sup>

$$V_x = \left(\frac{A_x}{A_t}\right) + \left(\frac{BGP_x}{BBP_t}\right) \quad (1)$$

---

<sup>1</sup> Vir verdere berekenings van vestigingskoëffisiënte kyk onder andere Blair, 1991:120-123.

waar :

- $A_x$  = die agro-nywerheidsektor se bydrae tot die bruto geografiese produk van Ontwikkelingstreek X
- $A_t$  = die agro-nywerheidsektor se bydrae tot die bruto binnelandse produk (totale bruto geografiese produk van al die ontwikkelingstreke)
- $BGP_x$  = bruto geografiese produk in Ontwikkelingstreek X
- $BBP_x$  = totale bruto geografiese produk van al nege ontwikkelingstreke; en
- $V_x$  = Vestigingskoëffisiënt van Ontwikkelingstreek X

Deur 'n eenvoudige bewerking kan die formule soos volg geskryf word:


$$V_x = \left(\frac{A_x}{BGP_x}\right) + \left(\frac{A_t}{BBP_t}\right) \quad (2)$$

### 6.3 Die waardes van die vestigingskoëffisiënte vir die agro-nywerheidsektor in die nege ontwikkelingstreke

In tabel 6.1 (kyk p. 110) en grafiek 6.3 (kyk p. 93) word die vestigingskoëffisiënte vir die nege ontwikkelingstreke aangedui. Uit grafiek 6.3 is dit duidelik dat Ontwikkelingstreek E, met 'n koëffisiënt van 'n waarde groter as een (2,28), die grootste komparatiewe voordele vir die vestiging van agro-nywerhede in 1985 gehad het. Ontwikkelingstreek D en Ontwikkelingstreek A het vestigingskoëffisiënte van 1,56 en 1,18 onderskeidelik en

beskik dus ook oor voordele vir die vestiging van agro-nywerhede. Die res van die ontwikkelingstreke het koëffisiënte met 'n waarde kleiner as een.

Grafiek 6.3



#### 6.4 Vestigingskoëffisiënte vir die agro-nywerheidsgroepe in die nege ontwikkelingstreke


Tabel 6.2 (kyk p. 111) en grafieke 6.4.1 tot 6.4.23 (kyk pp. 94-108) toon die vestigingskoëffisiënte vir elke agro-nywerheidsgroep vir die verskillende ontwikkelingstreke vir 1985. Die vestigingskoëffisiënt van elke agro-nywerheidsgroep word kortliks bespreek.

##### 6.4.1 Vleisverwerking

Die ontwikkelingstreke wat die gunstigste vir die vestiging van die agro-nywerheidsgroep vleisverwerking geleë is, is Ontwikkelingstreke E, C, H en A met vestigingskoëffisiënte van 1,44; 1,2; 1,16 en 1,07 onderskeidelik.

kyk grafiek 6.4.1). Dié vestigingskoeffisiënte dui op 'n komparatiewe voordeel in 1985.

**Grafiek 6.4.1**




## 6.4.2

### Suiwelprodukte

Volgens grafiek 6.4.2 het Ontwikkelingstreek E ook vir die groep suiwelprodukte die grootste vestigingsvoordele, gevolg deur Ontwikkelingstreke C en J.


**Grafiek 6.4.2**



### 6.4.3 Inmaak van groente

Ontwikkelingstreek G is by verre die gunstigste vir vestigingsmoontlikhede van die agro-nywerheidsgroep inmaak van groente. Ontwikkelingstreke A en D het onderskeidelik die tweede en derde grootste vestigingskoëffisiënte vir die agro-nywerheidsgroep inmaak van groente (kyk grafiek 6.4.3).


Grafiek 6.4.3



### 6.4.4 Inmaak van vis

Volgens grafiek 6.4.4 (kyk p. 96) beskik slegs twee ontwikkelingstreke oor voordele vir die vestiging van dié agro-nywerheidsgroep, naamlik Ontwikkelingstreek A en Ontwikkelingstreek E. Ontwikkelingstreek A se vestigingskoëffisiënt is baie groter as dié van Ontwikkelingstreek E. Daarom kan daar pogings aangewend word om Ontwikkelingstreek E voordeliger vir die vestiging van die agro-nywerheidsgroep inmaak van vis te maak.

Grafiek 6.4.4




## 6.4.5

## Olies en vette

Grafiek 6.4.5 toon dat in die agro-nywerheidsgroep olies en vette, drie ontwikkelingstreke vestigingsvoordele het, naamlik Ontwikkelingstreke A, E, H. Die vestigingskoëffisiënte is onderskeidelik 3,19; 1,1 en 0,91.


Grafiek 6.4.5



### 6.4.6 Graanmeulprodukte

Al nege ontwikkelingstreke beskik oor vestigingskoëffisiënte vir hierdie agro-nywerheidsgroep (kyk grafiek 6.4.6). Ontwikkelingstreke C, E en G beskik oor die grootste voordele vir die vestiging van die agro-nywerheidsgroep graanmeulprodukte.


Grafiek 6.4.6



### 6.4.7 Bakkery

Uit grafiek 6.4.7 (kyk p. 98) blyk dit dat Ontwikkelingstreke G, E, en D oor die grootste vestigingskoëffisiënte vir die agro-nywerheidsgroep bakkery beskik.

Grafiek 6.4.7




## 6.4.8

## Suikerfabrieke

Volgens grafiek 6.4.8 is Ontwikkelingsstreek E die enigste ontwikkelingsstreek wat oor 'n vestigingskoëffisiënt vir die agro-nywerheidsgroep suikerfabrieke beskik. Die vestigingskoëffisiënt is baie hoog, wat daarop dui dat hierdie agro-nywerheidsgroep baie voordelig vir Ontwikkelingsstreek E is en verder benut kan word.


Grafiek 6.4.8



### 6.4.9 Kakao en Sjokolade

Grafiek 6.4.9 toon dat slegs twee ontwikkelingstreke gunstig is vir die vestiging van die agro-nywerheidsgroep kakao en sjokolade. Ontwikkelingstreke D en E het die grootste vestigingskoëffisiënte van 6,96 en 2,62 onderskeidelik.


Grafiek 6.4.9



### 6.4.10 Ander voedsel

Ontwikkelingstreek F en D het 'n voordeel vir die vestiging van hierdie agro-nywerheidsgroep (kyk grafiek 6.4.10, p. 100). Ontwikkelingstreek E het die derde grootste vestigingskoëffisiënt.

Grafiek 6.4.10




## 6.4.11

## Dierevoedsel

Vier van die nege ontwikkelingstreke het vestigingskoeffisiënte groter as een en beskik dus oor komparatiewe voordele vir die vestiging van die agro-nywerheidsgroep dierevoedsel (kyk grafiek 6.4.11).


Grafiek 6.4.11



### 6.4.12 Distillering en wyn

Uit die ses ontwikkelingstreke met vestigingskoëffisiënte vir die agropywerheidsgroep distillering en wyn, beskik al ses ontwikkelingstreke (Ontwikkelingstreke G, D, A, C, E en B) oor vestigingskoëffisiënte met 'n waarde groter as een (kyk grafiek 6.4.12). Die agropywerheidsgroep distillering en wyn geniet dus in al hierdie ontwikkelingstreke komparatiewe voordele.

Grafiek 6.4.12




### 6.4.13 Mout en moutdranke

Volgens grafiek 6.4.13 (kyk p. 102) het Ontwikkelingstreke E, C, en B vestigingskoëffisiënte van groter as 1. Dit impliseer dat die spesifieke agropywerheidsgroep mout en moutdranke in die drie genoemde ontwik-

kelingstreke 'n komparatiewe voordeel teenoor die res van die Republiek van Suid-Afrika het.

**Grafiek 6.4.13**




#### 6.4.14

#### Nie-alkoholiese drank

Uit die sewe ontwikkelingstreke waar die agro-nywerheidsgroep nie-alkoholiese drank geproduseer word, het twee ontwikkelingstreke, naamlik Ontwikkelingstreke A, J, en E, 'n komparatiewe voordeel teenoor die res van die land (kyk grafiek 6.4.14).


**Grafiek 6.4.14**



### 6.4.15 Tabakprodukte

Volgens grafiek 6.4.15 het slegs Ontwikkelingstreek H 'n komparatiewe voordeel teenoor die res van die ontwikkelingstreke in die verwerking van tabakprodukte. Dit is dan ook die enigste ontwikkelingstreek waar die verwerking van tabak voorkom.


Grafiek 6.4.15



### 6.4.16 Wol- en katoenverwerking

Al vier ontwikkelingstreke waar wol- en katoenverwerking plaasvind beskik oor vestigingskoeffisiënte met 'n waarde groter as 1 (kyk grafiek 6.4.16, p. 104).

Grafiek 6.4.16




## 6.4.17

## Looierye en leerafwerking

Grafiek 6.4.17 toon dat hierdie agro-nywerheidsgroep 'n vestigingskoeffisiënt van 7,94 het in Ontwikkelingstreek D waar dit die voordeligste kan vestig. Ontwikkelingstreek A beskik ook oor komparatiewe voordele van die agro-nywerheidsgroep looierye en leerafwerking teenoor die res van die Republiek van Suid-Afrika.


Grafiek 6.4.17



### 6.4.18 Leerprodukte en -artikels

Die verwerking van die agro-nywerheidsgroep leerprodukte en -artikels vind in Ontwikkelingstreke A, D, E, en H plaas (kyk grafiek 6.4.18). Slegs Ontwikkelingstreke E en A beskik oor komparatiewe voordele vir die vestiging van hierdie agro-nywerheidsgroep teenoor die ander ontwikkelingstreke.


Grafiek 6.4.18



### 6.4.19 Skoeisel

Grafiek 6.4.19 (kyk p. 106) toon dat van die vier ontwikkelingstreke waar die agro-nywerheidsgroep skoeisel gevestig is, drie ontwikkelingstreke (Ontwikkelingstreke E, A, en D) oor vestigingskoeffisiënte met 'n waarde groter as 1 beskik en dus 'n komparatiewe voordeel gehad het in 1985.

Grafiek 6.4.19




## 6.4.20

## Hout en houtprodukte

Die vestiging van die agro-nywerheidsgroep hout en houtprodukte is redelik goed versprei oor die Republiek van Suid-Afrika (kyk grafiek 6.4.20). Die ontwikkelingstreke met 'n komparatiewe voordeel vir die vestiging van die agro-nywerheidsgroep hout en houtprodukte is Ontwikkelingstreke G, F, E, D en A.


Grafiek 6.4.20



### 6.4.21 Meubels

Ontwikkelingstreke A, D, E en H beskik oor vestigingskoeffisiënte groter as 1 wat op komparatiewe voordele teenoor die res van die Republiek van Suid-Afrika dui (kyk grafiek 6.4.21).


Grafiek 6.4.21



### 6.4.22 Pulp, papier

Grafiek 6.4.22 (kyk p. 108) toon dat Ontwikkelingstreek E by verre die voordeligste ontwikkelingstreek vir die vestiging van die agrowerheidsgroep pulp en papier is. Ontwikkelingstreke F en D beskik ook oor komparatiewe voordele vir die vestiging van dié nywerheid.

Grafiek 6.4.22




## 6.4.23

## Papierhouers

Ontwikkelingstreke E en A het 'n vestigingskoeffisiënt groter as 1 en beskik dus oor komparatiewe voordele ten opsigte van die agro-nywerheidsgroep papierhouers teenoor die res van die ontwikkelingstreke (kyk grafiek 6.4.23).

Grafiek 6.4.23



## 6.5 Samevatting

Vestigingskoëffisiënte is gebruik om die onderskeie ontwikkelingstreke se aandeel in die agro-nywerheidsektor met elke ontwikkelingstreek se relatiewe aandeel in bruto geografiese produk te vergelyk en om die vestigingsvoordele van die ontwikkelingstreke per agro-nywerheidsgroep aan te dui.

Uit die voorgaande inligting is dit duidelik dat Ontwikkelingstreek E, met 'n koëffisiënt vir die hele agro-nywerheidsektor van groter as een, die grootste komparatiewe voordele vir die vestiging van agro-nywerhede het. Dit word gevolg deur Ontwikkelingstreek D en Ontwikkelingstreek A met vestigingskoëffisiënte van onderskeidelik 1,56 en 1,18, wat op voordele vir die vestiging van agro-nywerhede dui.

Vir spesifieke agro-nywerheidsgroepe het ander ontwikkelingstreke voordele vir die vestiging daarvan, soos byvoorbeeld vir die agro-nywerheidsgroepe vleisverwerking en graanmeulprodukte het Ontwikkelingstreek C ook 'n sterk komparatiewe voordeel: By die agro-nywerheidsgroep inmaak van groente en bakkerij beskik Ontwikkelingstreek G oor die grootste komparatiewe voordeel. By die agro-nywerheidsgroep kakao en sjokolade beskik Ontwikkelingstreek D oor die grootste komparatiewe voordele. By die agro-nywerheidsgroep ander voedsel is dit Ontwikkelingstreke D en F wat oor die grootste voordele beskik.

In hierdie hoofstuk is die voordele vir die vestiging van agro-nywerheidsgroepe in die nege ontwikkelingstreke ontleed. In die volgende hoofstuk word die voordele wat die agro-nywerheidsektor vir die betalingsbalans inhou, bepaal.

**TABEL 6.1 BRUTO GEOGRAFIESE PRODUK EN VESTIGINGSKOEFFISIËNTE VAN DIE NEGE ONTWIKKELINGSTREKE VIR 1985**  
R'000

AGRO-NYWERHEDE	STREEK A	STREEK B	STREEK C	STREEK D	STREEK E	STREEK F	STREEK G	STREEK H	STREEK J	RSA
6 VLEISVERWERKING	29,160	1,381	15,105	3,809	39,603	6,933	1,097	89,508	1,002	187598
7 SUIWELPRODUKTE	22,824	0	23,925	3,749	105,363	6	0	47,338	8,485	211690
8 INMAAK VAN GROENTE	97,009	(1,147)	15,488	32,546	10,989	6,324	27,874	33,754	0	222837
9 INMAAK VAN VIS	75,696	0	0	2	15,438	4	0	0	0	91140
10 OLIES EN VETTE	58,891	0	0	4	20,438	0	0	47,371	0	126704
11 GRAANMEULPRODUKTE	48,756	6,348	39,126	11,325	62,460	13,768	7,265	94,697	13,464	297209
12 BAKKERY	47,431	2,464	11,039	23,314	81,297	11,800	19,108	91,799	6,819	295071
13 SUIKERFABRIEKE	0	0	0	13	259,622	18	0	0	0	259653
14 KAKAO, SJOKOLADE	3,847	0	0	55,345	56,126	0	0	31,142	0	146460
15 ANDER VOEDSEL	8,382	0	0	65,880	89,944	96,029	0	69,787	0	330022
16 DIEREVOEDSEL	22,381	7,351	4,352	13,409	10,783	3,938	4,574	33,055	2,905	102748
17 DISTILLERING EN WYN	99,387	5,002	19,121	34,799	38,195	0	19,971	0	0	216475
18 MOUT EN MOUTDRANKE	5,023	8,996	59,978	0	145,681	9,615	36	20,715	2,409	252453
19 NIE-ALK DRANKE	54,064	5,026	0	15,047	44,209	13,050	0	100,629	27,735	259760
20 TABAKPRODUKTE	0	0	0	0	0	0	0	131,032	0	131032
21 WOL- EN KATOENVERW	15,249	0	11,775	17,006	32,581	0	0	0	0	76611
30 LOOIERYE EN LEERAFW	21,544	0	0	27,837	5,985	0	0	9,228	0	64594
31 LEERPROD EN -ARTIKEL	11,774	0	0	1,609	6,225	0	0	12,024	0	31632
32 SKOEISEL	65,081	0	0	27,921	155,902	0	0	11,804	0	260708
33 HOUT EN HOUTPRODUKTE	68,175	171	10,042	31,442	107,108	98,058	30,444	68,801	455	414696
34 MEUBELS	67,164	1,124	7,325	24,230	63,635	2,479	4,401	174,899	2,695	347952
35 PULP, PAPIER	0	0	0	31,607	253,003	59,276	0	151,480	0	495366
36 PAPIERHOUSERS	64,422	0	0	15,363	112,554	24,472	0	105,087	0	321898
<b>TOTAAL</b>	<b>886,260</b>	<b>36,716</b>	<b>217,276</b>	<b>436,257</b>	<b>1,717,141</b>	<b>345,770</b>	<b>114,770</b>	<b>1,324,150</b>	<b>65,969</b>	<b>5144309</b>
<b>BGP STREEK</b>	<b>17,499,039</b>	<b>2,402,332</b>	<b>8,094,193</b>	<b>6,524,557</b>	<b>17,568,360</b>	<b>9,565,638</b>	<b>2,892,663</b>	<b>49,651,859</b>	<b>6,051,345</b>	
<b>AGRO RSA</b>	<b>5144309</b>	<b>5144309</b>	<b>5144309</b>	<b>5144309</b>	<b>5144309</b>	<b>5144309</b>	<b>5144309</b>	<b>5144309</b>	<b>5144309</b>	
<b>BBP RSA</b>	<b>120,249,987</b>	<b>120,249,987</b>	<b>120,249,987</b>	<b>120,249,987</b>	<b>120,249,987</b>	<b>120,249,987</b>	<b>120,249,987</b>	<b>120,249,987</b>	<b>120,249,987</b>	
<b>VEST KOEF</b>	<b>1.18</b>	<b>0.36</b>	<b>0.63</b>	<b>1.56</b>	<b>2.28</b>	<b>0.84</b>	<b>0.93</b>	<b>0.62</b>	<b>0.25</b>	

TABEL 6.2 VESTIGINGSKOEFFISIËNTE VAN DIE VERSKILLENDE AGRO-NYWERHEIDSGROEPE VAN DIE NEGE ONTWIKKELINGSTREKE VIR 1985

SEKTOR	STREEK:	A	B	C	D	E	F	G	H	J
6	VLEISVERWERKING	1.07	0.37	1.20	0.37	1.44	0.46	0.24	1.16	0.11
7	SUIWELPRODUKTE	0.74	0.00	1.68	0.33	3.41	0.00	0.00	0.54	0.80
8	INMAAK VAN GROENTE	2.99	-0.26	1.03	2.69	0.34	0.36	5.20	0.37	0.00
9	INMAAK VAN VIS	5.71	0.00	0.00	0.00	1.16	0.00	0.00	0.00	0.00
10	OLIES EN VETTE	3.19	0.00	0.00	0.00	1.10	0.00	0.00	0.91	0.00
11	GRAANMEULPRODUKTE	1.13	1.07	1.96	0.70	1.44	0.58	1.02	0.77	0.90
12	BAKKERY	1.10	0.42	0.56	1.46	1.89	0.50	2.69	0.75	0.46
13	SUIKERFABRIEKE	0.00	0.00	0.00	0.00	6.84	0.00	0.00	0.00	0.00
14	KAKAO, SJOKOLADE	0.18	0.00	0.00	6.96	2.62	0.00	0.00	0.51	0.00
15	ANDER VOEDSEL	0.17	0.00	0.00	3.68	1.87	3.66	0.00	0.51	0.00
16	DIEREVOEDSEL	1.50	3.58	0.63	2.41	0.72	0.48	1.85	0.78	0.56
17	DISTILLERING EN WYN	3.15	1.16	1.31	2.96	1.21	0.00	3.84	0.00	0.00
18	MOUT EN MOUTDRANKE	0.14	1.78	3.53	0.00	3.95	0.48	0.01	0.20	0.19
19	NIE-ALKOHOLIESE DRANKE	1.43	0.97	0.00	1.07	1.16	0.63	0.00	0.94	2.12
20	TABAKPRODUKTE	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	2.42	0.00
21	WOL- EN KATOENVERW	1.37	0.00	2.28	4.09	2.91	0.00	0.00	0.00	0.00
30	LOOIERYE EN LEERAFW	2.29	0.00	0.00	7.94	0.63	0.00	0.00	0.35	0.00
31	LEERPROD EN ARTIKELS	2.56	0.00	0.00	0.94	1.35	0.00	0.00	0.92	0.00
32	SKOEISEL	1.72	0.00	0.00	1.97	4.09	0.00	0.00	0.11	0.00
33	HOUT EN HOUTPRODUKTE	1.13	0.02	0.36	1.40	1.77	2.97	3.05	0.40	0.02
34	MEUBELS	1.33	0.16	0.31	1.28	1.25	0.09	0.53	1.22	0.15
35	PULP, PAPIER	0.00	0.00	0.00	1.18	3.50	1.50	0.00	0.74	0.00
36	PAPIERHOERS	1.38	0.00	0.00	0.88	2.39	0.96	0.00	0.79	0.00

BRON: Bereken met behulp van tabel 6.1

## HOOFSTUK 7

### BYDRAE VAN DIE AGRO-NYWERHEIDSEKTOR IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA TOT DIE BETALINGSBALANS

#### 7.1 Inleiding

Gegewe die relatiewe belangrikheid van die agro-nywerheidsektor soos dit uit die indiensname en vestigingskoëffisiënte geblyk het, is dit nodig om ook te bepaal of dit 'n voordeel op internasionale vlak en dus vir die betalingsbalans inhou. In hierdie hoofstuk word die invloed van die agro-nywerheidsektor relatief tot die res van die fabriekswesesektor op die lopende rekening van die betalingsbalans ontleed.

Dit is belangrik om daarop te let dat daar na invoer verwys word as insette wat deur die agro-nywerheidsektor benodig word om produkte vir finale gebruik te vervaardig.<sup>1</sup> Hierdie invoer moet dus nie met klaarvervaardigde ingevoerde produkte van die agro-nywerheidsektor verwar word nie. Anders gestel, word die agro-nywerheidsektor in hierdie hoofstuk vanuit 'n bedryfsoogpunt ontleed en nie vanuit 'n produkoogpunt nie. Die uitvoer bestaan egter uit produkte van die verskillende agro-nywerheids-groepe in die Republiek van Suid-Afrika.

In hierdie hoofstuk word die inligting wat gebruik is eerstens bespreek, waarna die in- en uitvoer deur die agro-nywerheidsektor ontleed word. Daarna word die netto buitelandse valutaverdienste deur die agro-nywerheidsektor en die invoer-struktuur van die RSA agro-nywerheid bespreek.

---

<sup>1</sup>

Die spesifieke sektore waarvan ingevoer word, word gebruik soos dit in die literatuur bekend is en nie as agro-nywerheids-groepe soos in hierdie studie nie.

## 7.2 **Beskikbare inligting**


Die inligting in hierdie hoofstuk is hoofsaaklik verkry uit inset-uitset-tabelle soos deur die Kantoor vir Streekontwikkeling opgestel (kyk Kantoor vir Streekontwikkeling, 1991b, 1991c). Tabel 7.1 en 7.2 (kyk p. 121) se gegewens is uit die Republiek van Suid-Afrika inset-uitsettabel vir plaaslike produksie in 1985 teen 1985 pryse (R 1 000) (Kantoor vir Streekontwikkeling, 1991b) verkry. Die saldo van die lopende rekening van die betalingsbalans is verkry deur invoer van uitvoer af te trek. Tabel 7.3 (kyk p. 122) se data is bereken deur die data in tabel 7.4 (kyk pp. 123-124) bymekaar te tel om alle invoer deur die agro-nywerheidssektor van 'n spesifieke sektor in die buiteland aan te dui. Tabel 7.4 se inligting is uit die tabel van internasionale invoer in 1985 teen 1985-pryse (R 1 000) verkry (Kantoor vir Streekontwikkeling, 1991c).

## 7.3 **Omvang van internasionale handel deur die agro-nywerheidssektor**

### 7.3.1 **Invoer**

Volgens grafiek 7.3.1 (kyk p. 114) is die agro-nywerheidsgroep vleisverwerking verantwoordelik vir 13 persent van totale invoer deur die agro-nywerheidssektor ten bedrae van R277 miljoen. Dit is die grootste invoer vanaf die buiteland, gevolg deur die agro-nywerheidsgroep papierhouers wat verantwoordelik is vir 10 persent van totale invoer deur die agro-nywerheidssektor ten bedrae van R214 miljoen. Die agro-nywerheidsgroep pulp en papier is verantwoordelik vir 9 persent van totale invoer deur die agro-nywerheidssektor ten bedrae van R182 miljoen. Die agro-nywerheidsgroep olies en vette is verantwoordelik vir 7 persent van die invoer deur die agro-nywerheidssektor ten bedrae van R158 miljoen.

Grafiek 7.3.1




## 7.3.2

## Uitvoer

Wat uitvoer deur die agro-nywerheidsektor betref, is die agro-nywerheids-groepe suikerfabrieke verantwoordelik vir 17 persent van uitvoer ten bedrae van R508 miljoen; pulp en papier is verantwoordelik vir 14 persent van uitvoer ten bedrae van R411 miljoen en die inmaak van groente en vrugte verantwoordelik vir 12 persent van uitvoer ten bedrae van R372 miljoen. Die drie agro-nywerheids-groepe is van die grootste uitvoerders van die agro-nywerheidsektor (kyk grafiek 7.3.2, p. 115). Dit is opmerklik dat die agro-nywerheids-groep pulp en papier 'n groot invoerder sowel as uitvoerder is. Die agro-nywerheids-groep vleisverwerking wat verantwoordelik is vir 11 persent uitvoer van die agro-nywerheidsektor ten bedrae van R316 miljoen is ook 'n groot invoerder.

Grafiek 7.3.2




#### 7.4 Netto buitelandse valutaverdienste deur die agro-nywerheidsektor

Die in- en uitvoer van die agro-nywerheidsgroepe gee 'n aanduiding van die valuta wat die agro-nywerheidsektor verdien. Uit grafiek 7.4.1 (kyk p. 116) wat die totale netto valutaverdienste aandui, blyk dit duidelik dat die agro-nywerheidsektor, in teenstelling met die res van die fabriekswesesektor, 'n belangrike positiewe netto bydrae tot die betalingsbalans maak.

In 1985 het uitvoer deur die agro-nywerheidsektor die negatiewe bydrae van die fabriekswesesektor tot die betalingsbalans aansienlik (ongeveer 30 persent) verklein met 'n netto valutaverdienste van R873 miljoen.

Grafiek 7.4.1




In grafiek 7.4.2 (kyk p. 117) word die relatiewe bydrae van die verskillende agro-nywerheidsgroepe tot die betalingsbalans grafies voorgestel. Daaruit is dit duidelik dat veral die agro-nywerheidsgroepe suikerfabrieke, groente- en vrugte-inmaak, wol- en katoenverwerking, pulp en papier en die agro-nywerheidsgroep ander voedselprodukte (waaronder geursels, asyn, koffiebrandery, sigoreimalery en vermenging en verpakking van tee en suurdeeg val), die grootste netto verdieners van buitelandse valuta in die agro-nywerheidsektor is.

Van die voorgaande vyf agro-nywerheidsgroepe is dit veral die agro-nywerheidsgroepe wol- en katoenverwerking en pulp en papier waar die uitsette in 'n relatief lae graad van verwerking uitgevoer word. Een van die belangrikste redes is dat die verdere verwerking van hierdie produkte groot hoeveelhede insette vanuit die sintetiese en chemiese nywerhede

verg wat tans nie plaaslik beskikbaar is nie en/of slegs teen baie hoë koste vanaf die buiteland verkrygbaar is. Vandaar die hoë netto buitelandse valutaverbruik deur die nywerheid wat papierhouers vervaardig (Departement van Ontwikkelingsbeplanning, 1989:16).

Grafiek 7.4.2



Namate die plaaslike sintetiese en chemiese nywerhede in die toekoms verder ontwikkel word, kan hierdie twee nywerhede direk en indirek (via die betrokke pyplynnnywerhede) nog 'n groter bydrae tot die lopende rekening van die betalingsbalans maak (Departement van Ontwikkelingsbeplanning, 1989:17).

'n Ontstellende aspek wat uit grafiek 7.4.2 afgelei kan word, is die hoë netto buitelandse valutaverbruik deur die agro-nywerheidsgroep wat

graanmeul- en bakkerijprodukte vervaardig. Hierdie verskynsel kan waarskynlik aan die ongunstige klimaattoestande in 1985 toegeskryf word. Dit het meegebring dat veral koring (die belangrikste inset in die agro-nywerheidsgroep graanmeulprodukte) op 'n relatief groot skaal ingevoer moes word. Dit het ook die handelsbalans van die laasgenoemde agro-nywerheidsgroep nadelig geraak. Onder meer normale landboustoestande en waar die oorskotte van die meeste graangewasse geproduseer word, kan verwag word dat die agro-nywerheidsgroepe wat graanmeul- en bakkerijprodukte vervaardig, 'n veel gunstiger bydrae tot die betalingsbalans sal lewer as in 1985.

Om die werklike potensiaal vir valutaverdienste te bepaal, kan 'n ontleding van die invoerstruktuur aandui waar besparings kan wees.

## 7.5 Invoerstruktuur van die agro-nywerheid van die Republiek van Suid-Afrika

Totale invoer vanaf die buiteland deur die agro-nywerheidssektor van die Republiek van Suid-Afrika (1985 waardes) word in tabel 7.3 (kyk p. 122) weergegee. Dit is duidelik dat die agro-nywerheidssektor in 1985 die meeste van die buitelandse landbou-, bosbou- en visserysektor ten bedrae van R466 miljoen ingevoer het (22 persent van totale invoer deur die agro-nywerheidssektor). Invoer deur die agro-nywerheidssektor van die industriële chemiese sektor ten bedrae van R307 miljoen en die pulp en papiersektor ten bedrae van R228 miljoen was die tweede en derde grootste invoer deur die agro-nywerheidssektor. Die agro-nywerheidssektor het ook groot hoeveelhede van die graanmeulsektor (R124 miljoen), en die vervaardiging van olie- en vette-sektor (R120 miljoen) en die nywerheidsmasjineriesektor (R115 miljoen) ingevoer.

In tabel 7.4 (kyk pp. 123-124) word die totale invoerstruktuur van die

RSA-agro-nywerheidsektor volledig uiteengesit. Daarvolgens word die ingevoerde insette van al die agro-nywerheidsgroepe per sektor van die buiteland verskaf. Hierdie tabel weerspieël die insette wat gedurende 1985 deur buitelandse sektore aan die agro-nywerheidsektor van Republiek van Suid-Afrika gelewer is. Van die totale invoer deur die agro-nywerheidsgroep vleisverwerking van R277 miljoen, is R196 miljoen vanaf die landbou-, bosbou- en visserysektor ingevoer. Dit is die grootste invoer van al die agro-nywerheidsgroepe. Die agro-nywerheidsgroepe papierhouers en pulp en papier wat onderskeidelik R214 miljoen en R182 miljoen ingevoer het, het gesamentlik R203 miljoen van die sektor pulp en papier in die buiteland ingevoer en R66 miljoen vanaf die industriële chemiese sektor. Die agro-nywerheidsgroep graanmeul het R93 miljoen vanaf die landbou-, bosbou- en visserysektor ingevoer en het R11 miljoen van die buitelandse graanmeulsektor ingevoer. Feitlik die hele nywerheidsektor is in 'n hoë mate op ingevoerde insette aangewese en 'n totale bedrag van R 2 129 miljoen is ingevoer. Dit beteken dat plaaslike grondstofbronne onvoldoende is om die bestaande infrastruktuur produktief te beset (Departement van Ontwikkelingsbeplanning, 1989:17).

Inligting oor die totale uitvoerstruktuur van die agro-nywerheidsektor ontbreek en data is slegs beskikbaar wat aandui hoeveel deur die agro-nywerheidsektor uitgevoer is. Dus kan nie aangedui word na watter sektore die agro-nywerhede in die buiteland uitvoer nie. Hiervoor word verdere navorsing benodig.

## 7.6

### Samevatting

Indien die fabriekswesesektor ontleed word, is dit duidelik dat die agro-nywerheidsektor in teenstelling met ander nywerhede, 'n positiewe netto bydrae tot die betalingsbalans gemaak het in 1985. Dit is veral die agro-

nywerheids-groepe suikerfabrieke, inmaak van groente en groente, wol- en katoenverwerking, pulp en papier, ander voedsel, inmaak van vis, looierye en vleisverwerking wat tot die positiewe betalingsbalans van die agropywerheidssektor bygedra het.

Alhoewel die sektor vleisverwerking meer uitvoer as invoer, is die agropywerheids-groep verantwoordelik vir die hoogste invoer ten bedrae van R277 miljoen. Die agropywerheidssektor in geheel is in 'n groot mate op ingevoerde insette aangewese en in totaal word R 2 129 miljoen se insette ingevoer. Die sektore waarvan die meeste ingevoer word is die landbou-, bosbou- en visserysektor, die sektor industriële chemiese produkte, en die pulp en papiersektor. Namate die plaaslike sintetiese en chemiese nywerhede in die toekoms verder ontwikkel, kan die agropywerheids-groepe pulp en papier en papierhouers minder van die insette wat hulle gebruik van die buiteland invoer. Die hoë buitelandse valutaverbruik van die agropywerheids-groepe graanmeul en bakkerie kan grootliks toegeskryf word aan ongunstige klimaattoestande in 1985.

Die bevordering van die agropywerheidssektor en die uitvoer deur dié sektor, kan buitelandse valuta genereer en sodoende betalingsbalansprobleme verminder. In die volgende hoofstuk word die invoer deur wêreldlande bespreek om moontlike uitvoerpotensiaal vir die agropywerheidssektor te bepaal.

TABEL 7.1 INTERNASIONALE HANDEL VIR 1985 (R '000)

AGRO-NYWERHEDE	UITV AGRO	INV AGRO	B\BALANS
SUIKERFABRIEKE	508,825	53,913	454,912
INMAAK VAN GROENTE	372,809	81,739	291,070
WOL- EN KATOENVERW	347,239	59,064	288,175
PULP, PAPIER	410,949	182,074	228,875
ANDER VOEDSEL	255,164	91,101	164,063
INMAAK VAN VIS	109,157	24,094	85,063
LOOIERYE EN LEERAFW	87,347	37,840	49,507
VLEISVERWERKING	316,082	276,900	39,182
DISTILLERING EN WYN	70,372	40,396	29,976
HOUT EN HOUTPROD	104,967	98,943	6,024
LEERPROD EN -ARTIKEL	7,628	12,800	(5,172)
NIE-ALK DRANKE	20,306	36,012	(15,706)
KAKAO, SJOKOLADE	15,793	32,573	(16,780)
OLIES EN VETTE	141,066	158,585	(17,519)
MEUBELS	49,206	70,791	(21,585)
TABAKPRODUKTE	19,016	42,192	(23,176)
SKOEISEL	49,851	90,065	(40,214)
SUIWELPRODUKTE	33,735	88,141	(54,406)
MOUT EN MOUTDRANKE	20,413	82,676	(62,263)
DIERVOEDSEL	18,909	90,236	(71,327)
GRAANMEULPRODUKTE	28,901	130,571	(101,670)
BAKKERY	1,934	133,935	(132,001)
PAPIERHOERS	11,926	213,871	(201,945)
<b>TOTAAL</b>	<b>3,001,595</b>	<b>2,128,512</b>	<b>873,083</b>

TABEL 7.2 RELATIEWE AANDEEL VAN INVOER EN UITVOER VIR 1985

1985	INVOER	PERSENTASIE	UITVOER	PERSENTASIE
AGRO-NYWERHEDE	2,128,512	15.85	3,001,595	26.20
ANDER NYWERHEDE	11,304,761	84.15	8,455,544	73.80
<b>TOTAAL</b>	<b>13,433,273</b>	<b>100</b>	<b>11,457,139</b>	<b>100</b>

BRON : Kantoor vir Streekontwikkeling, 1991b

Kantoor vir Streekontwikkeling, 1991c

**TABEL 7.3 INTERNASIONALE INVOER DEUR DIE AGRO-  
NYWERHEIDSEKTOR IN 1985 TEEN 1985 PRYSE (R '000)**

SEKTOR	TOTAAL	%
1 LANDBOU, BOSBOU, JAG EN VISSERYE	466,230	21.90
45 INDUSTRIELE CHEMIESE PRODUKTE	307,363	14.44
35 PULP EN PAPIER	227,746	10.70
11 GRAANMEULPRODUKTE	124,422	5.85
10 VERVAARDIGING VAN OLIES EN VETTE	119,587	5.62
63 NYWERHEIDSMASJINERIE	115,155	5.41
40 PLASTIEK EN HARSE	89,159	4.19
6 VLEISVERWERKING	77,334	3.63
59 ANDER METAALPRODUKTE	64,777	3.04
22 SPIN EN WEEF	50,586	2.38
50 GLASPRODUKTE	44,131	2.07
44 ANDER CHEMIESE PRODUKTE	42,497	2.00
33 HOUTPRODUKTE	41,827	1.97
14 VERSNAPERINGS	40,928	1.92
30 LOOIERYE	40,492	1.90
88 BESIGHEIDSDIENSTE	34,281	1.61
15 ANDER VOEDSELPRODUKTE	32,921	1.55
18 MOUTDRANKE	26,820	1.26
77 ANDER VERVAARDIGINGSNYWERHEDE	25,766	1.21
7 SUIWELPRODUKTE	21,580	1.01
86 FINANSIERING EN VERSEKERING	19,715	0.93
42 MEDISINALE PREPERATE	15,194	0.71
62 METAAL- EN HOUTWERKMASJINERIE	14,375	0.68
38 DRUKWERK	10,462	0.49
48 PLASTIEKPRODUKTE	7,961	0.37
32 SKOEISEL	7,830	0.37
84 VERVOER EN OPBERGING	6,656	0.31
28 TEKSTIELSTOWWE	5,355	0.25
8 INMAAK VAN VRUGTE EN GROENTE	5,089	0.24
67 RADIO, TV EN KOMMUNIKASIE TOEBEHORE	4,689	0.22
21 WOLVERWERKING	4,068	0.19
47 ANDER RUBBERPRODUKTE	3,913	0.18
16 VEEVOER	3,037	0.14
37 ANDER PAPIERPRODUKTE	2,811	0.13
5 ANDER MYNBEDRYWIGHED	2,694	0.13
23 TEKSTIELPRODUKTE	2,514	0.12
54 YSTER- EN STAALNYWERHEDE	2,338	0.11
91 WINSGERIGTE DIENSTE	2,193	0.10
13 SUIKERFABRIEKE EN RAFFINADERYE	2,162	0.10
36 PAPIERHOUSERS	2,083	0.10
69 ANDER ELEKTRIESE GOEDERE	2,019	0.09
56 TAFELGERY, HARDEWARE, ENS.	1,946	0.09
55 NIE-YSTERMETAALNYWERHEDE	1,695	0.08
41 VERF EN VERNIS	1,606	0.08
53 NIE-METAAL PRODUKTE	548	0.03
34 MEUBELS (HOUT)	472	0.02
43 SEEP, SKOONHEIDSMIDDELS, ENS.	458	0.02
74 MOTORONDERDELE, ENS.	419	0.02
20 TABAKPRODUKTE	265	0.01
85 KOMMUNIKASIE	215	0.01
87 VASTE EIENDOM	120	0.01
<b>INTERNASIONALE INVOER</b>	<b>2,128,512</b>	<b>100.00</b>

TABEL 7.4 INTERNASIONALE INVOER DEUR DIE AGRO-NYWERHEIDSEKTOR IN 1985 TEEN 1985 PRYSE (R '000)

SEKTOR	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15	16	17	18	19	20	21	30	31	32	33	34	35	36	TOTAAL	
1 LANDBOU, BOSBOU, JAG EN VISSERIE	196,115	20,045	8,288	6,261	13,603	93,027	1,439	29,827	4,804	11,448	21,182	9,524	7,438	0	13,916	3,659	0	0	574	14,789	230	9,863	0	0	468,230
2 STEENKOOLONTGINNING	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
3 GOUD- EN URAANONTGINNING	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
4 DIAMANTMYNE	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
5 ANDER MYNBEDRYWIGHED	0	0	0	0	0	0	0	0	0	466	723	0	0	0	0	0	0	0	0	247	0	1,238	0	0	2,694
6 VLEISVERWERKING	50,360	111	1,450	0	0	1,103	0	0	1,861	1,099	0	0	0	0	0	0	19,030	578	1,944	0	0	0	0	0	77,334
7 SUIWELPRODUKTE	2,230	14,829	114	0	113	224	1,125	0	1,590	1,243	112	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	21,580
8 INMAAK VAN VRUGTE EN GROENTE	0	354	3,795	118	0	0	234	0	0	353	117	0	0	118	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	5,089
9 INMAAK VAN VIS	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
10 VERVAARDIGING VAN OLIES EN VETTE	1,501	7,501	825	1,059	64,891	2,781	10,253	0	3,646	10,876	16,254	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	119,587
11 GRAAN MEULPRODUKTE	885	674	0	113	5,507	11,320	82,143	0	225	4,257	10,009	0	9,289	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	124,422
12 BAKKERYPRODUKTE	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
13 SUIKERFABRIEKE EN RAFFINADERIE	0	0	121	0	0	0	120	1,198	242	120	0	0	0	363	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	2,182
14 KAKAO, SJOKOLADE	0	2,322	19,133	0	0	0	5,718	0	12,431	1,324	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	40,928
15 ANDER VOEDSELPRODUKTE	2,043	922	2,666	118	1,154	342	3,552	0	2,891	16,102	0	344	1,149	116	0	0	0	0	0	0	0	1,056	468	0	32,921
16 VEEVOER	0	0	0	0	0	325	0	0	0	0	2,712	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	3,037
17 STOOK EN WYNMAKERIE	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
18 MOUTDRANKE	0	218	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	26,802	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	26,820
19 NIE-ALKOHOLIESE DRANKE	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
20 TABAKPRODUKTE	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
21 WOLVERWERKING	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	4,088
22 SPIN EN WEEF	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	30,262	0	1,607	4,486	98	12,267	0	1,866	0	50,586
23 TEKSTIELGOEDERE	0	0	0	0	116	1,826	0	0	0	0	572	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	2,514
24 SREIFABRIEKE	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
25 ANDER BREIFABRIEKE	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
26 TAPYTE, MATTE, ENS.	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
27 TOUWERK, TOU, ENS.	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
28 TEKSTIELSTOWWE	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	304	0	0	0	0	0	635	2,207	0	2,209	0	0	0	5,355
29 KLERASIE	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
30 LOOIERYE	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	102	2,643	37,538	0	209	0	0	0	40,492
31 LEERPROOUKTE	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
32 SKOEISEL	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	7,830	0	0	0	0	0	0	7,830
33 HOUTPRODUKTE	0	105	317	0	0	0	0	104	106	105	0	314	0	211	522	0	0	217	23,992	15,513	214	107	0	0	41,827
34 MEUBELS (HOUT)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	472	0	0	0	472
35 PULP EN PAPIER	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	840	0	0	14,841	0	0	438	2,609	5,685	0	74,173	129,380	0	227,746
36 PAPIERHOUBS	121	123	247	0	123	121	122	122	246	245	0	122	244	0	122	0	0	0	0	0	0	111	0	109	2,611
37 ANDER PAPIERPRODUKTE	0	0	2,591	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
38 DRUKWERK	572	1,045	584	117	485	918	348	0	582	1,506	345	1,501	483	349	0	0	0	0	239	116	958	118	236	0	10,462
39 BEMESTINGSTOWWE EN PLAAGDODERS	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
40 PLASTIEK EN HARSE	0	0	2,562	0	0	0	0	0	0	1,017	0	0	0	0	7,373	2,994	0	1,798	16,063	104	2,732	1,036	53,480	0	89,159
41 VERF EN VERNIS	0	0	0	0	0	0	0	104	0	0	0	0	0	0	0	0	315	0	320	780	107	0	0	0	1,606
42 MEDISINALE PREPARATE	0	354	0	0	0	2,916	0	0	0	0	11,924	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	15,194
43 SEEP, SKOONHEIDSMIDDELS, ENS.	114	115	0	0	0	0	0	0	0	115	0	0	0	0	114	0	0	0	0	0	0	0	0	0	458
44 ANDER CHEMIESE PRODUKTE	753	983	770	110	2,733	1,080	543	0	1,205	3,377	217	543	0	329	541	115	2,614	340	3,489	7,655	2,589	1,869	10,422	0	42,497
45 INDUSTRIELE CHEMIESE PRODUKTE	9,005	27,871	10,771	4,440	58,548	2,874	15,182	4,541	890	19,720	17,344	3,871	2,287	11,841	1,530	13,398	14,078	658	2,634	19,107	1,302	62,740	2,955	0	307,363
46 BUITE- EN BINNEBANDE	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
47 ANDER RUBBERPRODUKTE	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	856	120	2,937	0	0	0	3,913
48 PLASTIEKPRODUKTE	875	571	459	115	229	228	114	227	115	458	113	114	228	1,148	0	120	0	237	471	118	1,849	0	580	0	7,981

TABEL 7.4 (Vervolg) INTERNASIONALE INVOER DEUR DIE AGRO-NYWERHEIDSEKTOR IN 1985 TEEN 1985 PRYSE (R '000)

SEKTOR	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15	16	17	18	19	20	21	30	31	32	33	34	35	36	TOTAAL	
49 POTTEBAKKERSWARE, ENS.	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
50 GLASPRODUKTE	0	320	3,001	107	1,801	108	108	212	0	2,978	0	15,575	9,772	5,346	0	0	0	110	848	1,888	217	2,164	44,131	44,131	
51 STENE EN TEWLS	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
52 SEMENT	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
53 NIE-METAAL PRODUKTE	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	217	331	0	0	548	
54 YSTER- EN STAALNYWERHEDE	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	419	1,919	0	0	2,338		
55 NIE-YSTERMETAALNYWERHEDE	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	210	854	0	831	1,695		
56 TAFELGERY, HARDEWARE, ENS.	0	0	0	0	0	0	104	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	109	428	1,305	0	0	1,946		
57 MEUBELS (METAAL)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	
58 STRUKTUURMETAALPRODUKTE	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	
59 ANDER METAALPRODUKTE	2,084	2,644	14,469	1,912	1,377	105	421	420	425	3,905	1,362	2,104	16,787	10,190	420	111	108	110	545	1,718	2,400	754	430	64,777	
60 ENJINS EN TURBINES	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	
61 LANDBOUMASJINERIE	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	
62 METAAL- EN HOUTWERKASJINERIE	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	12,337	2,038	0	0	14,375	
63 NYWERHEIDSMASJINERIE	6,183	3,938	7,171	7,904	4,282	5,998	8,771	12,139	1,602	5,097	2,320	3,387	5,516	4,808	2,428	3,464	1,274	221	2,304	0	0	24,049	4,323	115,153	
64 KANTOORMASJINERIE, ENS.	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	
65 ANDER MASJINERIE	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	
66 ELEKTRIESE APPARAAT, ENS.	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	
67 RADIO, TV EN KOMMUNIKASIE TOESEHORE	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	4,889	0	0	0	4,889	
68 HUISHOUDELIKE ELEKTRIESE GOEDERE	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	
69 ANDER ELEKTRIESE GOEDERE	0	112	113	112	0	111	863	0	112	0	0	0	0	0	0	0	0	0	228	230	227	113	2,019		
70 SKEEPSBOU EN HERSTEL	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	
71 SPOORWEGUITRUSTING	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	
72 MOTORVOERTUIG, ENS	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	
73 VERVAARDIGING VAN VliegTUIG	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	
74 MOTORONDERDELE, ENS.	0	0	0	0	313	108	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	419	
75 ANDER VERVOER TOERUSTING	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	
76 JUWELIERS- EN VERWANTE ARTIKELS	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	
77 ANDER VERVAARDIGINGSNYWERHEDE	1,284	71	0	0	0	472	593	71	0	0	0	0	0	0	0	0	3,198	4,395	599	10,994	0	4,089	25,788		
78 ELEKTRISITEIT, GAS EN STOOM	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	
79 WATERVOORSIENING	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	
80 BOUKONSTRUKSIE	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	
81 KONSTRUKSIE, SVIELE INGENIEURSWESE	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	
82 GROOT-, KLEIN- EN MOTORHANDEL	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	
83 VERVERSGINGS EN AKKOMMODASIE	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	
84 VERVOER EN OPBERGING	331	112	451	0	443	668	111	112	447	111	111	670	113	0	0	0	118	231	908	924	342	455	8,656		
85 KOMMUNIKASIE	0	0	0	0	215	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	215	
86 FINANSIERING EN VERSEKERING	1,163	988	864	539	967	1,911	854	1,598	215	1,071	1,063	534	858	323	106	336	214	112	443	1,850	1,107	1,987	654	19,715	
87 VASTE EIENDOM	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	120	0	0	120	
88 BESGHEDSDIENSTE	1,388	1,602	860	1,073	2,761	3,274	2,231	2,850	536	2,865	2,540	1,063	1,278	643	212	337	107	111	771	2,166	2,844	1,958	1,411	34,281	
89 VERHUUR VAN MASJINERIE, ENS.	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	
90 MEDIESE EN GESONDHEIDSDIENSTE	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	
91 WINSGERIGTE DIENSTE	114	231	118	118	229	115	115	118	346	115	345	115	118	0	0	0	0	0	0	0	119	0	0	2,193	
92 NIE-WINSGERIGTE DIENSTE	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	
93 NIE VOLDOENDE OMSKRYF NIE	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	
INTERNASIONALE INVOER	276,900	88,141	81,739	24,094	158,585	130,571	133,935	53,913	32,573	91,101	90,236	40,398	82,876	36,012	42,192	59,064	37,840	12,800	90,065	98,943	70,791	182,074	213,871	2,128,512	

BRON : Kaartoor vir Streekontwikkeling, 1991c

## HOOFSTUK 8

### OMVANG VAN WêRELDWYE INVOER<sup>1</sup>

#### 8.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is die agro-nywerheidsektor vanuit 'n nasionale perspektief ontleed. In hierdie hoofstuk word daar na die internasionale vlak beweeg. In die vorige hoofstuk is die invloed van die agro-nywerheidsektor op die betalingsbalans bespreek. Dit hou direk verband met wat op die wêreldmarkte gebeur. In hierdie hoofstuk word die invoer van wêreldlande vir die moontlike uitvoerpotensiaal van die agro-nywerheidsektor bepaal. Die doel met Hoofstuk 8 is om eerstens groeitendense in onlangse jare, tweedens die belangrikste in- en uitvoerders van produkte van die agro-nywerheidsektor en derdens die totale omvang van invoer van agro-nywerheidsprodukte deur alle lande te bepaal. Met die bepaling van die bogenoemde, kan potensiële markte vir die uitvoer van produkte deur die plaaslike agro-nywerheidsektor geïdentifiseer word.<sup>2</sup>

Die bespreking word gedoen aan die hand van eerstens 'n ontleding van die invoergroeipatrone tussen die jare 1983 tot 1987. Daarna word die beperkinge en gebreke van die gegewens oor in- en uitvoerhandel uitgelig. Dit word gevolg deur die belangrikste invoerprodukte te ontleed waarna markte met uitvoerpotensiaal aangedui word. Nege-en-vyftig produkte word ontleed aan die hand van die hoeveelheid van die spesifieke produk ingevoer tussen die jare 1983 tot 1987 en die belangrikste in- en uitvoerlande<sup>3</sup> van dié produk in 1986.

---

<sup>1</sup> In hierdie afdeling word waardes nie in rand (R) gegee nie, maar met dollar (\$) omdat die "International Trade Statistics Yearbook of the United Nations" die gegewens in dollar toon en omdat die gegewens oor 'n historiese tydperk val waar die waarde van die rand aansienlik teen die dollar verswak het. Die gebruik van R-waardes sal tot aansienlike skeeftrekking van groeikoerse lei.


<sup>2</sup> Volledige verwerkings van gegewens verskyn in Bylae B (kyk pp. 275-282).

<sup>3</sup> Afkortings van in- en uitvoerlande wat in tabel 8.4 en grafieke 8.6.1- 8.6.59 gebruik word, verskyn in Bylae B (kyk pp. 282-284).

## 8.2. Groeipatrone ten opsigte van invoer 1983 - 1987

Grafiek 8.2 toon die aangepaste gemiddelde jaarlikse groeikoerse van die produksie van die agro-nywerheidsektor vir 1983 tot 1987. Die inligting is uit tabel 8.1 (p. 252) verkry. Eetbare produkte het die vinnigste gegroei teen 25,4 persent oor die tydperk.

Grafiek 8.2



Die gegewens gee 'n bevredigende aanduiding van die relatiewe groei van die verskillende produkte, maar moet nietemin met omsigtigheid bejeën word wanneer absolute groei bepaal wil word. Eerstens is die gemiddelde groeikoerse uit invoer teen heersende jaarlikse pryse van die produkte be-

reken, wat beteken dat die uitwerking van inflasie nie in ag geneem is nie. Dit is egter nie 'n ernstige beperking nie, want dit gee enersyds 'n aanduiding van die omvang van die mark en andersyds was die inflasiekoers in terme van VSA-dollar relatief laag oor die periode. Tweedens veroorsaak die feit dat alle gegewens na VSA-dollar omgeskakel is, dat die gegewens deur wisselkoersveranderinge verwring kan wees. Die gemiddelde groeikoerse is dus nie noodwendig 'n getroue weergawe van absolute groei nie. Nietemin gee dit 'n aanduiding van die beste moontlikhede vir uitvoer van agro-nywerheidsprodukte.

Uit die gegewens van tabel 8.4 (pp. 255-257), is dit opvallend dat die meeste invoer in 1983 'n insinking beleef het, maar daarna weer herstel het. Die VSA-dollar se waarde het ook gedaal. Die indruk wat deur die gegewens geskep word, sou dus kon verskil as die invoer in 'n ander geldeenheid of in fisiese volume uitgedruk sou word. Dié probleem is deels uitgeskakel deur die gegewens aan te pas met 'n indeks wat met die verandering in die waarde van die dollar teenoor ander geldeenhede rekening hou (kyk tabel 8.3, p. 254). Die indeks dui die skommeling van die dollar teen 'n spesifieke mandjie geldeenhede aan, wat uiteraard nie presies met die mengsel van geldeenhede wat by die invoer van elke agro-nywerheidsprodukt betrokke is, ooreenstem nie. Verdere ondersoek behoort die onderlinge vergelyking van gemiddelde groeikoerse van die verskillende produkte te bepaal. Daar moet egter deeglik met die beperking van die gegewens rekening gehou word.

### **8.3 Beperking en gebreke van gegewens oor in- en uitvoerhandel**

Die gegewens van die VVO (Department of International Economic and Social Affairs, 1989 Vol I and Vol II; Department of International Economic and Social Affairs, 1988 Vol II) het sekere beperkinge, maar gee


nogtans 'n bruikbare eerste aanduiding van die situasie in die internasionale markte. Die beperkinge word nou kortliks bespreek.

1. Vergelyking van wêrelddata in die verskillende jare toon dat gegewens soms by tweede en latere publikasie daarvan betekenisvol gewysig is. Die 1987-gegewens wat in hierdie studie gebruik is, mag dus aan nog wysigings onderhewig wees.
2. Die Standaardnywerheidsklassifikasie word nie vir hierdie statistiek gebruik nie, maar wel die Standaard Internasionale Handelsklassifikasie (SITC = Standard International Trade Classification). Die gegewens kan dus nie volledig met statistiek van hierdie ontleding geïntegreer word nie.
3. Gegewens vir die RSA word nie by hierdie studie ingesluit nie. Slegs totale vir die Suid-Afrikaanse Doeane-Unie word getoon, maar selfs dit is bloot ramings.
4. Al die in- en uitvoer word in VSA-dollar gegee. Wisselkoerse het oor die tydperk 1982-1986 heelwat veranderinge ondergaan. Die bepaling van akkurate groeitendense word daardeur aansienlik belemmer.
5. Alle waardes verskyn in heersende pryse sonder aanduiding van fisiese volume van in- en uitvoer. Die invloed van inflasie is dus nie uitgeskakel nie. Prysindexe vir individuele kommoditeite is nie beskikbaar nie. Ook dit bemoeilik die bepaling van groeitendense.

## 8.4 Belangrikste invoerprodukte

Grafiek 8.4 toon die aangepaste waarde van wêreldwye invoer van agropywerheidsprodukte in 1987. Gegewens vir die belangrikste komponente van elke produk verskyn in tabel 8.2 (p. 253). Dié twee produkte wat aansienlik groter as enige van die ander is, is alkoholiese drank, met invoer van \$15,9 miljard en voedingstowwe vir diere met \$14,3 miljard. Die verskillende produkte se potensiaal word vervolgens bespreek:

Grafiek 8.4



### 8.4.1 Alkoholiese drank

Die soort alkoholiese drank wat die meeste ingevoer word, is wyn (\$7,3 miljard) en bier (\$2,5 miljard), terwyl by gedistilleerde alkoholiese drank dit veral whisky (\$2,7 miljard) en gedistilleerde wyn/druive-produkte

(\$1,4 miljard) is. Opmerkings oor die moontlike uitvoerpotensiaal van elkeen volg hieronder (kyk tabel 8.4, pp. 255-257).

#### 8.4.1.1 Wyn

Daar is tans, ten spyte van die groot uitvoermark, skynbaar 'n wêreldwye oorproduksie van wyn. Nuwe potensiaal vir wynbou, gegrond op uitvoer, sal deur kundiges in die wynbouveld ondersoek moet word. (Departement van Ontwikkelingsbeplanning, 1989:35).

#### 8.4.1.2 Bier

Die mark vir bier is relatief groot. Bier se verhouding van waarde tot massa of volume is egter betreklik laag en aangesien die grootste invoerders van die produk in Europa en Noord-Amerika is, sal uitvoer uit die Republiek van Suid-Afrika oor lang afstande moet plaasvind. Dit sal weens hoë vervoerkoste waarskynlik nie 'n buitengewoon aantreklike proposisie wees nie.

#### 8.4.1.3 Gedistilleerde alkoholiese drank

Frankryk oorheers die uitvoermark vir gedistilleerde wyn/ druiweprodukte en die Verenigde Koninkryk dié vir whisky. In 1986 het Frankryk 88 persent van die eersgenoemde en die Verenigde Koninkryk 81 persent van die laasgenoemde uitvoermark ingepalm. Hierdie twee monopolieë sal stellig nie sonder uiterste pogings verbreek kan word nie. Potensiaal vir die vestiging van die betrokke produk op grond van uitvoermoontlikhede kan dus net hier gevind word indien die mark binnegedring kan word.

Uitvoer van gedistilleerde drankes het egter in totaal meer as \$5,9 miljard beloop. Die moontlikheid is nie uitgesluit nie dat 'n buitengewone likeur of spiritualieë uit die Republiek van Suid-Afrika 'n deel van hierdie mark sal kan verower (Departement van Ontwikkelingsbeplanning, 1989:36).

#### 8.4.2 Voedingstowwe vir diere

Die onderverdeling van invoer in hierdie groep is oliekoeke en ander residus (\$6,6 miljard), vleis- of vismeelvoer (\$1,5 miljard), beetpulp, bagasse, ensovoorts (\$1,5 miljard) en ander van sojabone (\$4,6 miljard) (kyk tabel 8.4, pp. 255-257).

Die gemiddelde groeikoers vir die produk was slegs 7,8 persent oor die tydperk 1983 tot 1987. Dit laat toetrede tot die mark minder aantreklik voorkom. Die Suid-Afrikaanse Doeanes-Unie se gesamentlike uitvoer het tussen 1983 en 1986 met meer as 75 persent gedaal (van \$124 miljoen na \$29 miljoen). Die herwinning van hierdie verlore markte mag vir voornemende uitvoerders belofte inhou (Departement van Ontwikkelingsbeplanning, 1989:36).

#### 8.5 Buurstate

Die RSA se buurstate het tans klein, onontwikkelde ekonomieë. Hulle invoer word heeltemal deur dié van die Eerste Wêreldesonomieë verdwerg. Omdat hulle markte so klein is, lewer die gegewens in hierdie studie nie konkrete bewys van uitvoerpotensiaal na die betrokke lande nie. Die houdingsverandering op politieke terrein kan egter tot 'n versnelling van ekonomiese ontwikkeling in baie van die agtergeblewe lande, en daardeur tot verbetering van uitvoermoontlikhede, lei. Hoewel spesifieke aandui-

dings nie hier gegee kan word nie, behoort die situasie gemoniteer te word (Departement van Ontwikkelingsbeplanning, 1989:37).

## 8.6 Markte met uitvoerpotensiaal

Hierdie studie kan net benaderde aanduidings van moontlike uitvoerpotensiaal aandui. Die algemene maatstawwe in hierdie studie is om eerstens die omvang, tweedens die gemiddelde groei en derdens enige ander uitsonderlike faktore in berekening te bring. Meer diepgaande ondersoek is nodig om te bevestig of die potensiaal waarvan aanduidings gevind is, wel bestaan. In sommige gevalle mag behalwe hierdie potensiaal ander potensiaal wees. Produkte waar dit uit die inligting hierbo en in grafieke 8.6.1 tot 8.6.59 voorkom of sodanige potensiaal wel bestaan, is die Standaard Internasionale Handelsklassifikasie se groepering in hakies aangedui:

Eetbare produkte (098)

Leer (611)

Huide, velle, nie-pels (211)

Nie-alkoholiese drank (111)

Bakkerprodukte (0484)

Sjokolade en sjokoladeprodukte (073)

Pelse (212)

Alkoholiese drank (112)

Kaas, dikmelk (024)

Gepreserveerde/verwerkte vrugte (058)

Suikerlekkers, nie-sjokolade (062)

Graanprodukte (048)


'n Volledige bespreking van die invoer van agro-produkte, die belangrikste invoerders en uitvoerders, met grafiese voorstellings word in die volgende

gedeelte uiteengesit. Die aangepaste gegewens en aangepaste groei-koerse word ontleed. Volledige verwerkings van gegewens en aanpassings word in Bylae B (kyk pp. 275-282) getoon. Die inligting is saamgevat in tabel 8.4. (kyk pp. 255-257).


### 8.6.1 Vleis, gedroog, gesout, gerook (012)

Weens die lae gemiddelde groei-koers van 10,9 persent oor die tydperk onder oënskou word hierdie nie as 'n uitvoerprodukt met besondere potensiaal beskou nie. Die land wat hierdie produk die meeste invoer is die Verenigde Koninkryk (63 persent). Die belangrikste uitvoerders van die produk is Denemarke (34,4 persent) en Nederland (23,5 persent). Die uitvoer bestaan hoofsaaklik uit verwerkte varkvlies (kyk grafieke 8.6.1(a) en 8.6.1(b), p. 134).

Grafiek 8.6.1(a)




Grafiek 8.6.1(b)




### 8.6.2 Varkvleis, gedroog, gesout, gerook (0121)

Die gemiddelde groeikoers vir varkvleis, gedroog, gesout, gerook oor die tydperk 1983 tot 1987 het 13,2 persent beloop. Die Verenigde Koninkryk (70,2 persent) se groot aandeel in invoer is moontlik 'n aanduiding dat die mark (wat vir die Republiek van Suid-Afrika dalk makliker as in baie ander lande toeganklik sal wees) nader ondersoek behoort te word. Die lande wat die produk die meeste uitvoer, is net soos in die geval van paragraaf 8.6.1 Denemarke (37,8 persent) en Nederland (25,2 persent) (kyk grafieke 8.6.2(a) en 8.6.2(b), p. 136).

Grafiek 8.6.2(a)




Grafiek 8.6.2(b)




### 8.6.3 Vleis, verwerk, ingelê (014)

Hierdie mark het 'n gemiddelde groeikoers van 13 persent oor die tydperk 1983 tot 1987. Die VSA (27,2 persent) is hier die land wat die grootste invoerder is, gevolg deur die Verenigde Koninkryk (18,2 persent). Die belangrikste uitvoerders is Denemarke (25,4 persent) en Brasilië (12,5 persent) (kyk grafieke 8.6.3(a) en 8.6.3(b), p. 138).

Grafiek 8.6.3(a)




Grafiek 8.6.3(b)




#### 8.6.4 Melk en room (022)

Geen buitengewone potensiaal is onderskeibaar vir melk en room nie. Die gemiddelde groeikoers vir die produk beloop 14,1 persent oor die tydperk 1983 tot 1987. Hierdie is een van die min produkte waar heelwat Derde-Wêreldlande onder die tien grootste invoerders verskyn. Italië is die grootste invoerder van die produk (15,1 persent). Sowat 81 persent van die invoer bestaan uit gepreserveerde melk of room. Die belangrikste uitvoerders van die produk is Wes-Duitsland (21,3 persent) en Nederland (19,7 persent) (kyk grafieke 8.6.4(a) en 8.6.4(b), p. 140).

Grafiek 8.6.4(a)




Grafiek 8.6.4(b)




### 8.6.5 Melk en room gepreserveer (0224)

Die gemiddelde groeikoers in die uitvoer van hierdie produk het 10,5 persent beloop oor die tydperk 1983 tot 1987 en geen buitengewone potensiaal is onderskeibaar nie. Die feit dat Nederland en Wes-Duitsland groot invoerders (13,5 en 14,0 onderskeidelik), sowel as uitvoerders is (23,9 en 14,2 onderskeidelik), dui waarskynlik op die aanwesigheid van aansienlike heruitvoer. Frankryk is ook 'n groot uitvoerder van die produk (15,7 persent) (kyk grafieke 8.6.5(a) en 8.6.5(b), p. 142).

Grafiek 8.6.5(a)




Grafiek 8.6.5(b)




### 8.6.6 Melk, gedroog met minder as 1,5 persent vet (0224)

Die produk vertoon 'n gemiddelde groeikoers van 14,2 persent oor die tydperk van 1983 tot 1987. Die onstabiliteit in die mark (vanweë die daling oor die jare 1984 tot 1985 en die styging in 1986 tot 1987) noodsaak dat enige beoogde toetrede met meer as die gewone omsigtigheid oorweeg moet word. Nederland en Wes-Duitsland is die belangrikste in- en uitvoerders (kyk grafieke 8.6.6(a) en 8.6.6(b), p. 144).

Grafiek 8.6.6(a)




Grafiek 8.6(b)




### 8.6.7 Melk, gedroog met meer as 1,5 persent vet (02243)

Invoer van gedroogde melk met meer as 1,5 persent vet het van 1984 tot 1985 afgeneem en weer in 1986 en 1987 toegeneem. Die gemiddelde groeikoers oor die tydperk 1983 tot 1987 was 11,6 persent. Dit is laer as die gemiddelde groeikoers van melk, gedroog met minder as 1,5 persent vet. Dit wil dus voorkom asof die mark vir laevet gedroogde melk groei ten koste van dié met 'n hoë vetinhoud. Vanweë die onstabiliteit in die mark is verdere ondersoek nodig om die potensiaal daarvan te bepaal. Nederland en Frankryk is gesamentlik verantwoordelik vir 43,1 persent uitvoer van die produk. Die produk word die meeste deur Algerië (11,3 persent) en Saoedi-Arabië (7,3 persent) ingevoer (kyk grafieke 8.6.7(a) en 8.6.7(b), p. 146).

Grafiek 8.6.7(a)




Grafiek 8.6.7(b)




### 8.6.8 Melk, gepreserveerd, nie gedroog (02249)

Weens die lae gemiddelde groeikoers van 3,5 persent oor die tydperk onder oënskou, word hierdie nie as 'n uitvoerprodukt met besondere potensiaal beskou nie. Geen noemenswaardige moontlikhede is onderskeibaar nie. Griekeland was in 1986 die grootste invoerder (20,8 persent), gevolg deur Algerië (10,5 persent). Nederland en Wes-Duitsland was gesamentlik vir meer as 74 persent van die uitvoer van die produk verantwoordelik (kyk grafieke 8.6.8(a) en 8.6.8(b), p. 148).

Grafiek 8.6.8(a)




Grafiek 8.6.8(b)




## 8.6.9 Botter (023)

Net soos met melk, gedroog met meer as 1,5 persent vet, het botter se invoer ook oor die jare 1984 en 1985 afgeneem, en in die jare 1986 en 1987 weer toegeneem. Die gemiddelde groeikoers was 6,7 persent oor die tydperk 1983 tot 1987. Die redes vir die skerp styging in 1986 en 1987 sal eers bepaal moet word, voordat gevolgtrekkings oor die potensiaal van die mark finaal gemaak kan word. Die belangrikste uitvoerders in 1986 was Nederland (21,9 persent) en België (16,4 persent). Die lande wat die produk die meeste ingevoer het, was die Verenigde Koninkryk (16,8 persent), Nederland (12,5 persent) en België (12,3 persent). In die geval van Nederland en België het daar weer herinvoer voorgekom (kyk grafieke 8.6.9(a) en 8.6.9(b), p. 150).

Grafiek 8.6.9(a)




Grafiek 8.6.9(b)




## 8.6.10

**Kaas, dikmelk (024)**

Die totale groei in hierdie mark was oor die vyfjaar-periode wat ondersoek is, meer bestendig as in die meeste ander produkte se gevalle. Die gemiddelde groeikoers oor hierdie tydperk het 17,8 persent beloop. Dit kan daarop dui dat hierdie 'n relatief minder riskante nywerheid vir uitvoer kan wees. Die belangrikste uitvoerders is Nederland (21,5 persent), Frankryk (19,8 persent) en Wes-Duitsland (17,4 persent). Die grootste invoerders van die produk was Wes-Duitsland (20,9 persent) en Italië (18,9 persent) (kyk grafieke 8.6.10(a) en 8.6.10(b), p. 152).

**Grafiek 8.6.10(a)**


Grafiek 8.6.10(b)




8.6.11 Koringmeel ensovoorts (046)

Die mark skyn aan skommelings onderhewig te wees, te oordeel aan die afwisselende positiewe en negatiewe groei van jaar tot jaar oor die periode van ondersoek. Die meeste groot invoerders is Arabiese lande (Algerië en Egipte). Weens politieke realiteite mag dit minder eenvoudig wees om tot hierdie mark toe te tree. Die produk het 'n gemiddelde groeikoers van 5,1 persent oor die tydperk 1983 tot 1987 getoon. Die belangrikste uitvoerders is Frankryk (24,7 persent), Italië (19,7 persent), en die VSA (18,5) (kyk grafieke 8.6.11(a) en 8.6.11(b), p. 154).

Grafiek 8.6.11(a)




Grafiek 8.6.11(b)




### 8.6.12 Koringmeel (04601)

Die skommeling in die mark ten opsigte van koringmeel vereis dat gegewens vir meer jare ondersoek moet word, om die sikliese aard in wêreldhandel te probeer bepaal. Dit is dus moeilik om sonder meer oor potensiaal uitsluitel te gee. Die produk het 'n lae gemiddelde groeikoers van 2,5 persent oor die tydperk 1983 tot 1987 getoon. Frankryk (30,8 persent) en die VSA (19,8 persent) was die grootste uitvoerders van die produk. Egipte (25,9 persent) was die grootste invoerder. Dit is hoofsaaklik Arabiese lande wat die produk invoer (kyk grafieke 8.6.12(a) en 8.6.12(b), p. 156).

Grafiek 8.6.12(a)




Grafiek 8.6.12(b)




### 8.6.13 Ander graanmeulprodukte (047)

Skerp dalings het in 1986 en 1987 in die invoer van graanmeulprodukte voorgekom. Gevolglik het die produk 'n negatiewe gemiddelde groeikoers van -3,3 persent, met geen uitvoerpotensiaal nie. Kanada (28,2 persent) en die VSA (18,6 persent) is die grootste uitvoerders van die produk. Die skerp daling in 1986 en 1987 is toe te skryf aan skerp dalings in beide Afrika en Noord-Amerika se invoer. Kuba (15,7 persent) en Hongkong (6,2 persent) was die grootste invoerders in 1986 (kyk grafieke 8.6.13(a) en 8.6.13(b), p. 158).

Grafiek 8.6.13(a)




Grafiek 8.6.13(b)




## 8.6.14 Graanprodukte (048)

Die graanproduktemark toon 'n bestendige groei en uitvoerpotensiaal mag bestaan. Dit word egter nie soos in baie ander gevalle deur 'n enkele produk oorheers nie. Die gemiddelde groeikoers vir graanprodukte was 16,5 persent oor die tydperk 1983 tot 1987. Die grootste uitvoerders was Wes-Duitsland (13,8 persent) en Frankryk (13,3 persent). Die grootste invoerders was Frankryk (12,0 persent) en die VSA (10,3 persent). Bakkerprodukte (kyk p. 163) wat hierby ingesluit is, toon 'n sterk groei van 22 persent (kyk grafieke 8.6.14(a) en 8.6.14(b), p. 160).

Grafiek 8.6.14(a)




Grafiek 8.6.14(b)




## 8.6.15 Mout insluitende meel (0482)

Die gemiddelde groeikoers vir hierdie produkte beloop 4,0 persent oor die tydperk 1983 tot 1987. Geen ooglopende uitvoergeleenthede bestaan vir hierdie produk nie. Die belangrikste uitvoerders is Frankryk (36,4 persent) en België (17,2 persent). Die belangrikste invoerders is Japan (18 persent) en Wes-Duitsland (12,7 persent) (kyk grafieke 8.6.15(a) en 8.6.15(b), p. 162).

Grafiek 8.6.15(a)




Grafiek 8.6.15(b)




8.6.16 **Bakkerijprodukte (0484)**

Die mark het sterk en konsekwent oor die verslagtydperk gegroei (22,0 persent). Die vier of vyf grootste invoerders is almal reeds handelsvennote van die RSA. Die belangrikste uitvoerders was Wes-Duitsland (16,4 persent) en Nederland (13,4 persent). Die grootste invoerders is Frankryk (18,5 persent) en die VSA (14,2 persent). Hierdie mark behoort moontlik verder ondersoek te word (kyk grafieke 8.6.16(a) en 8.6.16(b), p. 164).

**Grafiek 8.6.16(a)**


Grafiek 8.6.16(b)




## 8.6.17 Koek, gebak ensovoorts (04842)

Hierdie produk oorheers die groep bakkerprodukte en vorm sowat 89 persent van die produk. Die mark het ook sterk en voortdurend oor die verslagtydperk gegroei (22,4 persent). Die belangrikste uitvoerders is Wes-Duitsland (15,4 persent) en Nederland (14,3 persent). Die belangrikste invoerders is Frankryk (19,8 persent) en die VSA (14,0 persent). Hierdie mark behoort ook verder ondersoek te word aangesien moontlike uitvoerpotensiaal bestaan (kyk grafieke 8.6.17(a) en 8.6.17(b), p. 166).

Grafiek 8.6.17(a)




Grafiek 8.6.17(b)




## 8.6.18 Gepreserveerde/verwerkte groente (056)

Die gemiddelde groeikoers vir die produk was 12,7 persent oor die tydperk 1983 tot 1987. Handel in hierdie produk het vanaf 1986 toegeneem en moontlike potensiaal moet verder ondersoek word. Die grootste uitvoerders van die produk is Italië (16,5 persent) en Spanje (12,8 persent). Die belangrikste invoerders was Wes-Duitsland (19,4 persent) en die VSA (15,7 persent) (kyk grafieke 8.6.18(a) en 8.6.18(b), p. 168).

Grafiek 8.6.18(a)




Grafiek 8.6.18(b)




## 8.6.19 Gepreserveerde/verwerkte vrugte (058)

Die gemiddelde groei (16 persent) vir hierdie produk oor die tydperk 1983 tot 1987 is hoog. Die redes vir die skerp styging in 1986 en 1987 sal eers bepaal moet word, voordat gevolgtrekkings oor die potensiaal van die mark finaal gemaak kan word. Die belangrikste uitvoerders is Brasilië (21,2 persent) en Italië (8,4 persent). Die lande wat die produk die meeste ingevoer het, was die VSA (23,8 persent) en Wes-Duitsland (17,1 persent) (kyk grafieke 8.6.19(a) en 8.6.19(b), p. 170).

Grafiek 8.6.19(a)




Grafiek 8.6.19(b)




## 8.6.20 Vrugte- en groentesap (0585)

Die aansienlike groei tussen 1983 en 1984 en 1986 en 1987 bring mee dat die gemiddelde groei (15,4 persent) oor die tydperk 1983 tot 1987 'n mate van potensiaal toon. Die feit dat Brasilië (42,2 persent) die grootste uitvoerder is, suggereer dat die sap hoofsaaklik uit tropiese en subtropiese vrugte vervaardig word. Die grootste invoerders is die VSA (33,1 persent) en Wes-Duitsland (15,9 persent) (kyk grafieke 8.6.20(a) en 8.6.20(b), p. 172).

Grafiek 8.6.20(a)




Grafiek 8.6.20(b)




8.6.21 Lemoensap (05851)

Die produk vorm 54 persent van die onderafdeling vrugte- en groentesap. Die produk toon 'n hoë gemiddelde groei koers van 13,0 persent oor die tydperk 1983 tot 1987. Brasilië is by verre die belangrikste mededinger op die uitvoermark (71,2 persent). Dit wil voorkom asof daar aansienlike potensiaal vir die uitvoer van die produk sal wees. Die belangrikste invoerders is die VSA (39 persent) en Wes-Duitsland (14,9 persent) (kyk grafieke 8.6.21(a) en 8.6.21(b), p. 174).

Grafiek 8.6.21(a)




Grafiek 8.6.21(b)




### 8.6.22 Suikerlekkers, nie-sjokolade (062)

Hier is 'n vinnig-groeiende mark (17,8 persent) oor die tydperk 1983 tot 1987, wat moontlik deur suikerproduserende streke betree kan word. Die belangrikste uitvoerders is die Verenigde Koninkryk (13,8 persent) en Nederland (13,0 persent). Die belangrikste invoerders is die VSA (19,9 persent) en Wes-Duitsland (9,5 persent) (kyk grafieke 8.6.22(a) en 8.6.22(b), p. 176).

Grafiek 8.6.22(a)




Grafiek 8.6.22(b)




## 8.6.23 Sjokolade en sjokoladeprodukte (073)

Die gemiddelde groeikoers vir hierdie produk beloop 21,5 persent oor die tydperk 1983 tot 1987 wat potensiaal vir 'n uitvoermark inhou. Onder die agro-nywerhede is hierdie produkte sekerlik een van dié met die hoogste waarde tot massa-verhouding, wat by uitvoer oor lang afstande (byvoorbeeld na Europa en Noord-Amerika) belangrik is. Die produksieproses behoort normaalweg relatief eenvoudig te wees. Die beskikbaarheid van kakao en ander grondstowwe mag egter probleme oplewer. Die belangrikste uitvoerders van die produk is Nederland (14,9 persent) en Wes-Duitsland (13,4 persent). Die belangrikste invoerders is die VSA (15,2 persent) en Wes-Duitsland (14,1 persent). In die geval van Wes-Duitsland mag daar moontlik herinvoer plaasvind (kyk grafieke 8.6.23(a) en 8.6.23(b), p. 178).

Grafiek 8.6.23(a)




Grafiek 8.6.23(b)




## 8.6.24 Voedingstowwe vir diere (081)

Hierdie produk het een van die grootste markte wat agro-nywerhede betref. Streke met oorskotte of spaarkapasiteit kan moontlik die mark verder ontleed. Die gemiddelde groeikoers beloop egter 7,8 persent oor die tydperk 1983 tot 1987 en potensiaal mag beperk wees, maar as gevolg van die grootte van die mark is 'n verdere ondersoek nodig. Die belangrikste uitvoerders is die VSA (23,5 persent) en Brasilië (14,6 persent). Die belangrikste invoerders is Wes-Duitsland (12,2 persent) en Nederland (12,3 persent) (kyk grafieke 8.6.24(a) en 8.6.24(b), p. 180).

Grafiek 8.6.24(a)




Grafiek 8.6.24(b)




## 8.6.25 Oliekoeke en ander residus (0813)

Hierdie is een van die grootste komponente van die produk dierevoedsel (46 persent van totale dierevoedsel). Die gemiddelde groeikoers vir hierdie produk was 4,1 persent. Die belangrikste uitvoerders is Brasilië (29,3 persent) en die VSA (24,3 persent). Die belangrikste invoerders is Frankryk (15,9 persent) en Wes-Duitsland (14,3 persent). Potensiaal vir 'n moontlike uitvoermark mag beperk wees, maar as gevolg van die grootte van die mark is 'n verdere ondersoek nodig (kyk grafieke 8.6.25(a) en 8.6.25(b), p. 182).

Grafiek 8.6.25(a)




Grafiek 8.6.25(b)




## 8.6.26

**Oliekoeke en ander residus van sojabone (08131)**

Die produk toon 'n lae gemiddelde groeikoers van 3,3 persent en die potensiaal vir 'n uitvoermark is gering. Die produk maak egter 'n groot deel uit van die subproduk oliekoeken en ander residus. Die belangrikste uitvoerders is Brasilië (34,9 persent) en die VSA (30,2 persent). Die belangrikste invoerders is Frankryk (19,7 persent) en Wes-Duitsland (12,0 persent) (kyk grafieke 8.6.26(a) en 8.6.26(b), p. 184).

**Grafiek 8.6.26(a)**


Grafiek 8.6.26(b)




## 8.6.27 Vleis- of vismeelvoer (0814)

Die produk toon 'n lae gemiddelde groeikoers van 6,5 persent oor die tydperk 1983 tot 1987. Die belangrikste uitvoerders is Chili (26,4 persent) en Peru (13,0 persent). Die belangrikste invoerders is Wes-Duitsland (13,8 persent) en Japan (11,7 persent). Die produk toon nie potensiaal vir 'n moontlike uitvoermark nie (kyk grafieke 8.6.27(a) en 8.6.27(b), p. 186).

Grafiek 8.6.27(a)



Grafiek 8.6.27(b)




## 8.6.28


## Vismeelvoer (08142)

Hierdie produk vorm nie deel van die agro-nywerheidsektor nie, maar word slegs ter wille van perspektief ingesluit. Dit blyk dat, hoewel uitvoer van die groep vleis- en vismeelvoer aansienlik is, meer as 70 persent daarvan vismeelvoer is, sodat die ander produkte in die groep vleis- en vismeelvoer nie van veel belang is nie. Die gemiddelde groeikoers vir die produk vismeelvoer se invoer was 8,9 persent oor die tydperk 1983 tot 1987. Net soos in die geval van die groep vleis- of vismeelvoer is Chili (31,5 persent) en Peru (15,5 persent) die grootste uitvoerders. Die grootste invoerders is Wes-Duitsland (16,3 persent) en die Verenigde Koninkryk (9,4 persent). Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die produk vismeelvoer net soos in die geval van die groep vleis- en vismeelvoer nie potensiaal vir uitvoer toon nie (kyk grafieke 8.6.28(a) en 8.6.28(b), p. 188).

Grafiek 8.6.28(a)




Grafiek 8.6.28(b)




### 8.6.29 Beetpulp, bagasse, ensovoorts (08193)

Die produk toon 'n gemiddelde groeikoers oor die verslagtydperk van 9,7 persent. Die belangrikste uitvoerder is die VSA wat verantwoordelik is vir 75 persent van die uitvoer. Die belangrikste invoerder is Nederland (24,3 persent). Die produk toon nie besondere potensiaal vir uitvoer nie (kyk grafieke 8.6.29(a) en 8.6.29(b), p. 190).

Grafiek 8.6.29(a)




Grafiek 8.6.29(b)




## 8.6.30 Eetbare produkte (098)

Van al die agro-nywerhede toon hierdie produk die grootste groei en kan die nywerheid, wat uitvoermoontlikhede betref, 'n relatief minder riskante nywerheid wees om te betree. Die produk het 'n gemiddelde groeikoers van 25,4 persent oor die tydperk 1983 tot 1987 getoon. Die belangrikste uitvoerders van hierdie produk is die VSA (14,1 persent) en Nederland (13,8 persent). Die belangrikste invoerders is die VSA (9,3 persent) en die Verenigde Koninkryk (7,9 persent) (kyk grafieke 8.6.30(a) en 8.6.30(b), p. 192).

Grafiek 8.6.30(a)




Grafiek 8.6.30(b)




## 8.6.31 Nie-alkoholiese drank (111)

Die gemiddelde groeikoers vir nie-alkoholiese drank het 21,5 persent oor die tydperk 1983 tot 1987 beloop. Hierdie gemiddelde groeikoers impliseer dat dit moontlik 'n aantreklike mark mag wees. Die bepaling van die regte produk mag egter 'n probleem wees. Die belangrikste uitvoerders van die produk was Frankryk (21,8 persent) en Nederland (13,6 persent). Die belangrikste invoerders was die VSA (13,5 persent) en België (9,7 persent) (kyk grafieke 8.6.31(a) en 8.6.31(b), p. 194).

Grafiek 8.6.31(a)




Grafiek 8.6.31(b)




## 8.6.32 Alkoholiese drank (112)

Hierdie is 'n groeiende mark, maar verskeie faktore, soos skynbare oorproduksie elders in die wêreld en goed gevestigde voorkeure, bring mee dat mededinging waarskynlik straf sal wees. Die gemiddelde groeikoers vir hierdie produk was 18,1 persent oor die tydperk 1983 tot 1987. Die belangrikste uitvoerders was Frankryk (35,9 persent) en die Verenigde Koninkryk (18,2 persent). Die belangrikste invoerders was die VSA (29,8 persent) en die Verenigde Koninkryk (12,6 persent) (kyk grafieke 8.6.32(a) en 8.6.32(b), p. 196).

Grafiek 8.6.32(a)




Grafiek 8.6.32(b)




## 8.6.33 Wyn van vars druiwe en andere (1121)

Die produk vorm 46 persent van die groep alkoholiese drank. Die produk het 'n hoë gemiddelde groei koers van 19 persent oor die tydperk 1983 tot 1987 getoon. Die belangrikste uitvoerders van die produk is Frankryk (54,9 persent) en Italië (17,4 persent). Die belangrikste invoerders is die VSA (21,4 persent) en die Verenigde Koninkryk (19,2 persent). Aangesien die vervaardiging van wyn goed in Suid-Afrika gevestig is, is hierdie 'n belangrike produk wat uitvoerpotensiaal betref (kyk grafieke 8.6.33(a) en 8.6.33(b), p. 198).

Grafiek 8.6.33(a)




Grafiek 8.6.33(b)




## 8.6.34 Wyn van vars druive (11212)

Om te bepaal wat wyn van vars druive alleen se groei is, is hierdie onderafdeling ingesluit. Die produk vorm ongeveer 98 persent van paragraaf 8.6.33. Die produk toon 'n bogemiddelde groei (19,2 persent) oor die tydperk 1983 tot 1987 en is 'n gunstige uitvoermark. Die belangrikste uitvoerders van die produk is Frankryk (55,8 persent) en Italië (16,1 persent). Die belangrikste invoerders is die VSA (21,6 persent) en die Verenigde Koninkryk 18,9 persent) (kyk grafieke 8.6.34(a) en 8.6.34(b), p. 200).

Grafiek 8.6.34(a)



Grafiek 8.6.34(b)




## 8.6.35


## Bier (1123)

Bier toon die grootste gemiddelde groei van die alkoholiese drank, naamlik 20,6 persent oor die tydperk 1983 tot 1987. Die produk kan gevolglik 'n goeie mark wees om te betree. Die belangrikste uitvoerders van die produk is Nederland (29,6 persent) en Wes-Duitsland (20,7 persent). Die belangrikste invoerders van die produk is die VSA (52,0 persent) en die Verenigde Koninkryk (8,5 persent) (kyk grafieke 8.6.35(a) en 8.6.35(b), p. 202).

Grafiek 8.6.35(a)




Grafiek 8.6.35(b)




## 8.6.36

**Gedistilleerde alkoholiese drankie (1124)**

Die produk toon 'n gemiddelde groeikoers van 14,7 persent oor die tydperk 1983 tot 1987. Die belangrikste uitvoerders is die Verenigde Koninkryk (44,6 persent) en Frankryk (26,1 persent). Die belangrikste invoerders is die VSA (31,1 persent) en Wes-Duitsland (7,3 persent). Die produk beskik oor moontlike potensiaal vir uitvoer (kyk grafieke 8.6.36(a) en 8.6.36(b), p. 204).

**Grafiek 8.6.36(a)**


Grafiek 8.6.36(b)




## 8.6.37

**Whisky (11241)**

Whisky toon die laagste gemiddelde groeikoers van al die alkoholiese drankie (12,5 persent) oor die tydperk 1983 tot 1987. Die belangrikste uitvoerders is die Verenigde Koninkryk (80,6 persent) en Kanada (11,9 persent). Die belangrikste invoerders is die VSA (33,5 persent) en Frankryk (8,1 persent). Moontlike potensiaal moet verder ondersoek word (kyk grafieke 8.6.37(a) en 8.6.37(b), p. 206).

**Grafiek 8.6.37(a)**


Grafiek 8.6.37(b)




## 8.6.38

**Gedistilleerde wyn/druive (11242)**

Van al die alkoholiese drankes het hierdie produk (naas bier) die tweede hoogste gemiddelde groeikoers van 18,1 persent oor die tydperk 1983 tot 1987. Die produk beskik daarom oor uitvoerpotensiaal. Die belangrikste uitvoerders van die produk is Frankryk (87,8 persent) en Hongkong (3,5 persent). Die belangrikste invoerders is die VSA (23,5 persent) en die Verenigde Koninkryk (13,5 persent) (kyk grafieke 8.6.38(a) en 8.6.38(b), p. 208).

**Grafiek 8.6.38(a)**


Grafiek 8.6.38(b)




## 8.6.39 Tabak, verwerk (122)

Die gemiddelde groeikoers vir verwerkte tabak was 15,8 persent gedurende die tydperk 1983 tot 1987. Die mark is relatief groot en uitvoerpotensiaal bestaan. Die belangrikste uitvoerders van die produk is die VSA (30,9 persent) gevolg deur Nederland (18,5 persent). Die belangrikste invoerders is Frankryk (13,6 persent) en Italië (12,9 persent) (kyk grafieke 8.6.39(a) en 8.6.39(b), p. 210).

Grafiek 8.6.39(a)




Grafiek 8.6.39(b)




## 8.6.40 Sigarette (1222)

Die produk toon 'n sterk gemiddelde groei (16,6 persent) oor die tydperk 1983 tot 1987 en kan, wat uitvoermoontlikhede betref, 'n relatief minder riskante onderneming wees. Die huidige neiging na 'n gesonder lewenswyse kan egter die mark beïnvloed. Die belangrikste uitvoerders van die produk is die VSA (33,6 persent) en Nederland (16,0 persent). Die belangrikste invoerders is Italië (16,0 persent) en Frankryk (14,5 persent) (kyk grafieke 8.6.40(a) en 8.6.40(b), p. 212).

Grafiek 8.6.40(a)




Grafiek 8.6.40(b)




8.6.41 **Huide, velle, nie-pels (211)**

Aangesien die mark 'n hoë gemiddelde groeikoers van 22,5 persent oor die tydperk 1983 tot 1987 toon, is dit 'n gunstige mark om te betree. Die belangrikste uitvoerders van die produk is die VSA (32,7 persent) en Frankryk (8,4 persent). Die belangrikste invoerders is Italië (29,4 persent) en Korea (14,7 persent) (kyk grafieke 8.6.41(a) en 8.6.41(b), p. 214).

Grafiek 8.6.41(a)




Grafiek 8.6.41(b)




8.6.42 **Huide en velle (bees en perd) (2111)**

Vanweë die omvang en gemiddelde groei, bestaan hier uitvoermoontlikhede vir die produk. Die produk toon 'n gemiddelde groeikoers van 19,5 persent oor die tydperk 1983 tot 1987. Die belangrikste uitvoerders is die VSA (46,7 persent) gevolg deur Frankryk (8 persent). Die belangrikste invoerders is Italië (25,1 persent) en Korea (23,3 persent) (kyk grafieke 8.6.42(a) en 8.6.42(b), p. 216).

Grafiek 8.6.42(a)




Grafiek 8.6.42(b)




## 8.6.43 Pelse (212)

Die produk toon 'n hoë gemiddelde groeikoers van 18,5 persent oor die tydperk 1983 tot 1987. Die mark beskik oor moontlike uitvoerpotensiaal. Die belangrikste uitvoerders is Denemarke (25,2 persent) gevolg deur Finland (19,7 persent). Die belangrikste invoerders is Wes-Duitsland (15,2 persent), die Verenigde Koninkryk (11,6 persent) en Italië (11,1 persent). Die negatiewe publisiteit wat die produk in die laaste tyd gekry het (naamlik die beskerming van diere), het nie 'n invloed op die groei in die verkope gehad nie (kyk grafieke 8.6.43(a) en 8.6.43(b), p. 218).

Grafiek 8.6.43(a)




Grafiek 8.6.43(b)




## 8.6.44 Nerts (21201)

Die vinnige gemiddelde groei oor die tydperk 1983 tot 1987 is opvallend (22,8 persent). Geskikte teeltoestande mag dalk in die RSA 'n struikelblok wees. Die belangrikste uitvoerders is Denemarke (41,2 persent) en Finland (13,0 persent). Die belangrikste invoerders is Wes-Duitsland (15,8 persent) en Hongkong (13,5 persent) (kyk grafieke 8.6.44(a) en 8.6.44(b), p. 220).

Grafiek 8.6.44(a)




Grafiek 8.6.44(b)




## 8.6.45 Dierlike olies en vette (411)

Die produk toon 'n baie lae gemiddelde groeikoers van 1,0 persent oor die tydperk 1983 tot 1987. Invoer toon 'n dalende tendens. Geen ooglopende geleenthede bestaan in die uitvoer van die produk nie. Die belangrikste uitvoerders is die VSA (38,3 persent) en Wes-Duitsland (7,2 persent). Die belangrikste invoerders is Nederland (11,2 persent) en Wes-Duitsland (10,0 persent) (kyk grafieke 8.6.45(a) en 8.6.45(b), p. 222).

Grafiek 8.6.45(a)




Grafiek 8.6.45(b)




## 8.6.46 Bees- en skaapvette (41132)

Invoer toon 'n dalende tendens en die gevolgtrekking kan gemaak word dat daar nie groot moontlikhede vir uitvoer bestaan nie. Die gemiddelde groeikoers vir hierdie produk oor die tydperk 1983 tot 1987 is negatief (-3,3 persent). Die belangrikste uitvoerders is die VSA (58,0 persent) en Australië (9,7 persent). Die belangrikste invoerder is Nederland (5,6 persent) (kyk grafieke 8.6.46(a) en 8.6.46(b), p. 224).

Grafiek 8.6.46(a)




Grafiek 8.6.46(b)




## 8.6.47 Vaste plantolies, sag (423)

Hierdie produk se invoer toon 'n gemiddelde groeikoers van 7,4 persent oor die tydperk 1983 tot 1987. Sekere van die subprodukte het 'n negatiewe groei getoon (sojabone- en katoensaadolie). Die effek daarvan op die gemiddelde groeikoers word egter geneutraliseer deur 'n sterk groei by olyfolie (31,8 persent). Die belangrikste uitvoerders is die VSA (14,0 persent) en Argentinië (12,6 persent). Die belangrikste invoerders is Italië (10,9 persent) en Indië (9,5 persent). Uitvoerpotensiaal moet deur verdere ondersoek vasgestel word (kyk grafieke 8.6.47(a) en 8.6.47(b), p. 226).

Grafiek 8.6.47(a)




Grafiek 8.6.47(b)




## 8.6.48 Sojaboonolie (4232)

Die oplewing in invoer van die produk in 1984 was skynbaar net tydelik. Die produk het 'n gemiddelde groeikoers van -5,3 persent oor die tydperk 1983 tot 1987 en beskik nie oor potensiaal vir uitvoer nie. Die belangrikste uitvoerders is die VSA (21,9 persent) en Argentinië (18,2 persent). Die belangrikste invoerders is Indië (22,9 persent) en Iran (15,5 persent) (kyk grafieke 8.6.48(a) en 8.6.48(b), p. 228).

Grafiek 8.6.48(a)




Grafiek 8.6.48(b)




## 8.6.49 Katoensaadolie (4233)

Die produk toon 'n klein omset met 'n groot negatiewe groei van -11,9 persent oor die tydperk 1983 tot 1987. Die belangrikste uitvoerders van die produk was die VSA (63,6 persent) en Brasilië (14,4 persent). Die belangrikste invoerders was Egipte (63,8 persent) en Venezuela (13,5 persent). Geen potensiaal vir uitvoer bestaan nie (kyk grafieke 8.6.49(a) en 8.6.49(b), p. 230).

Grafiek 8.6.49(a)




Grafiek 8.6.49(b)




## 8.6.50 Grondboontjieolie (4234)

Die grootste oorsaak vir die daling in invoer is dat die EEG-lande se invoer van 1984 tot 1986 gedaal het. Moontlik is plaasvervangende olies vir grondboontjieolie gebruik. Die produk toon 'n negatiewe gemiddelde groeikoers van -1,8 persent oor die tydperk 1983 tot 1987 en beskik nie oor potensiaal vir uitvoer nie. Die belangrikste uitvoerders van die produk is Senegal (29,8 persent) en België (14,2 persent). Die belangrikste invoerders was Frankryk (40,5 persent) en België (13,1 persent) (kyk grafieke 8.6.50(a) en 8.6.50(b), p. 232).

Grafiek 8.6.50(a)




Grafiek 8.6.50(b)




## 8.6.51 Olyfolie (4235)

Met die daling in die invoer van grondboontjieolie het die invoer van olyfolie toegeneem. Die produk toon 'n besonder hoë gemiddelde groeikoers van 31,8 persent en het dus goeie potensiaal vir 'n uitvoermark. Die meeste internasionale handel in hierdie produk geskied tussen lande in Europa onderling. Die belangrikste uitvoerders was Spanje (30,7 persent) en Griekeland (25,2 persent). Die belangrikste invoerders was Italië (48,7 persent) en die VSA (10,4 persent) (kyk grafieke 8.6.51(a) en 8.6.51(b), p. 234).

Grafiek 8.6.51(a)




Grafiek 8.6.51(b)




8.6.52 **Sonneblomolie (4236)**

Feitlik alle wêrelddele se invoer het in 1984 skerp gestyg. Weer eens is dit moontlik die gevolg van onvoldoende aanbod van ander olies. Vanaf 1985 tot 1987 het invoer van die produk 'n dalende tendens getoon. Die produk het gevolglik 'n lae gemiddelde groeikoers van 8,1 persent. Die belangrikste uitvoerders was Argentinië (29,6 persent) en die VSA (18,6 persent). Die belangrikste invoerders van die produk was Kuba (26,9 persent) en Egipte (16,4 persent). Geen potensiaal word voorsien nie (kyk grafieke 8.6.52(a) en 8.6.52(b), p. 236).

Grafiek 8.6.52(a)




Grafiek 8.6.52(b)




## 8.6.53

**Vaste plantolies, nie sag (424)**

Die gemiddelde groeikoers het  $-0,3$  persent oor die tydperk 1983 tot 1987 beloop en geen potensiaal vir uitvoer bestaan nie. Die belangrikste uitvoerders van die produk was Maleisië (30,5 persent) en die Filippyne (12,9 persent). Die belangrikste invoerders van die produk was Indië (14,7 persent) en die VSA (12,8 persent) (kyk grafieke 8.6.53(a) en 8.6.53(b), p. 238).

**Grafiek 8.6.53(a)**

Grafiek 8.6.53(b)




## 8.6.54


## Palmolie (4242)

As gevolg van die lae gemiddelde groeikoers (1,1 persent) oor die tydperk 1983 tot 1987 beskik die produk nie oor potensiaal vir uitvoer nie. Die belangrikste uitvoerders was Maleisië (52.6 persent) en Indonesië (16,9 persent). Die belangrikste invoerders was Indië (25,7 persent) en Pakistan (8,9 persent) (kyk grafieke 8.6.54(a) en 8.6.54(b), p. 240).

Grafiek 8.6.54(a)




Grafiek 8.6.54(b)




## 8.6.55

**Kokosolie (4243)**

Die uitvoer van kokosolie skyn onstabiel te wees met 'n dalende tendens en het 'n negatiewe gemiddelde groeikoers van -5,8 persent oor die tydperk 1983 tot 1987. Die produk beskik gevolglik nie oor potensiaal vir uitvoer nie. Die belangrikste uitvoerder van die produk was die Filippyne (60,9 persent). Die belangrikste invoerder was die VSA (39,5 persent) (kyk grafieke 8.6.55(a) en 8.6.55(b), p. 242).

**Grafiek 8.6.55(a)**


Grafiek 8.6.55(b)




## 8.6.56 Verwerkte dierevet/olies (431)

Die produk toon 'n lae gemiddelde groeikoers van 5,4 persent oor die tydperk 1983 tot 1987 met geen potensiaal vir uitvoer nie. Die belangrikste uitvoerders van die produk was Maleisië (22,2 persent) en Wes-Duitsland (17,5 persent). Die belangrikste invoerders was Singapoer (16,1 persent) en Wes-Duitsland (10,4 persent) (kyk grafieke 8.6.56(a) en 8.6.56(b), p. 244).

Grafiek 8.6.56(a)



Grafiek 8.6.56(b)




## 8.6.57


## Leer (611)

Die gemiddelde groeikoers was (23,9 persent) oor die tydperk 1983 tot 1987. Die produk toon die tweede grootste groei, na eetbare produkte (29,5 persent), en beskik oor gunstige potensiaal as 'n uitvoermark. Die belangrikste uitvoerders van die produk is Italië (21,8 persent) en Wes-Duitsland (8,1 persent) (kyk grafieke 8.6.57(a) en 8.6.57(b), p. 246). Die belangrikste invoerders van die produk is Wes-Duitsland (14,3 persent) en Italië (13,6 persent).

Grafiek 8.6.57(a)




Grafiek 8.6.57(b)




## 8.6.58 Leer, bees, perd (6114)

Die meeste van die leer wat ingevoer word, val in hierdie groep. Die gemiddelde groeikoers was hoog, naamlik 23,2 persent oor die tydperk 1983 tot 1987. Goeie potensiaal vir die uitvoermark bestaan. Die belangrikste uitvoerders van hierdie produk was Italië (19,8 persent) en Argentinië (12,2 persent). Die belangrikste invoerders was Italië (14,7 persent) en Wes-Duitsland (13,8 persent) (kyk grafieke 8.6.58(a) en 8.6.58(b), p. 248).

Grafiek 8.6.58(a)




Grafiek 8.6.58(b)




## 8.6.59 Pelsvelle, bewerk (613)

Die gemiddelde groeikoers (19,7 persent) oor die tydperk 1983 tot 1987 beloop en die produk beskik oor moontlike uitvoerpotensiaal. Die belangrikste uitvoerders was Wes-Duitsland (21,2 persent) en Spanje (18,9 persent). Die belangrikste invoerders was Griekeland (24,1 persent) en Italië (20,0 persent) (kyk grafieke 8.6.59(a) en 8.6.59(b), p. 250).

Grafiek 8.6.59(a)



Grafiek 8.6.59(b)



## 8.8 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die invoer en uitvoer van produkte deur die agro-nywerheidsektor van alle lande ontleed. Die groeipatrone in die uitvoer van die agro-nywerheidsprodukte oor die tydperk 1983 tot 1987 is vasgestel. Daar is bevind dat die produk eetbare produkte die vinnigste (teen 25,4 persent) oor die tydperk 1983 tot 1987 gegroei het. Die belangrikste internasionale invoer- en uitvoerlande van elke produk is bepaal. Die totale omvang van invoer deur alle lande vir elke produk vir die jare 1983 tot 1987 is ontleed. Hierdie studie kan slegs benaderde aanduidings van moontlike uitvoerpotensiaal aandui. Dit is minstens moontlik om te bepaal watter markte bestaan, waar die markte is, hoe groot die markte is en hoe vinnig die markte groei. Twaalf produkte met moontlike uitvoerpotensiaal is geïdentifiseer. 'n Meer diepgaande ondersoek is nodig om te bevestig of die potensiaal waarvan aanduidings gevind is, wel bestaan.

**TABEL 8.1 GROEI IN INVOER VANAF 1983 TOT 1987**

<b>PRODUKTE</b>	<b>% GROEI</b>
1. EETBARE PRODUKTE	25.4
2. LEER	23.9
3. HUIDE, VELLE NIE-PELS	22.5
4. BAKKERYPRODUKTE	22.0
5. NIE-ALKOHOLIESE DRANK	21.5
6. SJOKOLADE & -PRODUKTE	21.5
7. PELSVELLE BEWERK	19.7
8. PELSE	18.5
9. ALKOHOLIESE DRANK	18.1
10. KAAS, DIKMELK	17.8
11. SUIKERLEKKERS, NIE-SJOKOLADE	17.8
12. GRAANPRODUKTE	16.5
13. GEPRESERVEERDE/VERWERKTE VRUGTE	16.0
14. TABAK, VERWERK	15.8
15. PRODUKTE VAN MELK EN ROOM	14.1
16. VLEIS, VERWERK, INGELÊ, ENS.	13.0
17. GEPRESERVEERDE/VERWERKTE GROENTE	12.7
18. VLEIS, GEDROOG, GESOUT, GEROOK	10.9
19. VOEDINGSTOWWE VIR DIERE	7.8
20. VASTE PLANTOLIES, SAG	7.4
21. BOTTER	6.7
22. VERWERKTE DIEREVET/OLIES	5.4
23. KORINGMEEL, ENS.	5.1
24. DIERLIKE OLIES EN VETTE	1.0
25. VASTE PLANTOLIES, NIE SAG	-0.3
26. ANDER GRAANMEULPRODUKTE	-3.3

BRON: Tabel 8.4

**TABEL 8.2 BELANGRIKE INVOERPRODUKTE (1987)**  
**\$(MILJOEN)**

<b>PRODUKTE</b>	<b>INVOER</b>
1. ALKOHOLIESE DRANK	15927
2. VOEDINGSTOWWE VIR DIERE	14268
3. GEPRESERVEERDE/VERWERKTE VRUGTE	8072
4. PRODUKTE VAN MELK EN ROOM	7904
5. LEER	7699
6. EETBARE PRODUKTE	7368
7. KAAS, DIKMELK	7350
8. GRAANPRODUKTE	6207
9. TABAK, VERWERK	5869
10. HUIDE, VELLE NIE-PELS	5663
11. VASTE PLANTOLIES, SAG	5474
12. GEPRESERVEERDE/VERWERKTE GROENTE	5331
13. VLEIS, VERWERK, INGELÊ, ENS.	3952
14. SJOKOLADE & -PRODUKTE	3584
15. VASTE PLANTOLIES, NIE SAG	3533
16. BOTTER	3371
17. PELSE	2808
18. PELSVELLE, VERWERK	1990
19. VERWERKTE DIEREVET/OLIES	1819
20. NIE-ALKOHOLIESE DRANK	1682
21. SUIKERLEKKERS, NIE-SJOKOLADE	1592
22. KORINGMEEL	1470
23. VLEIS, GEDROOG, GESOUT, GEROOK	1358
24. DIERLIKE OLIES EN VETTE	1251
25. ANDER GRAANMEULPRODUKTE	215

BRON: Tabel 8.4

**TABEL 8.3 VSA-DOLLAR GEMIDDELDE WISSELKOERS TEEN 'N MANDJIE ANDER GELDEENHEDE**

INVOER		WISSELKOERS					Wisselkoersindeks, 1983= 100					Wisselkoersindeks x Uitvoer					
LAND	1987	1983	1984	1985	1986	1987	1983	1984	1985	1986	1987	1983	1984	1985	1986	1987	
Japan	88,072	238	237	238	188	145	100.0	100.0	100.4	70.9	80.9	8,807,200	8,803,492	8,841,308	8,241,800	5,381,088	
Kanada	70,844	1	1	1	1	1	100.0	105.1	110.8	112.7	107.8	7,084,400	7,424,355	7,828,444	7,984,880	7,599,747	
VK	20,511	152	134	130	147	164	100.0	88.2	85.6	96.8	108.2	2,051,100	1,808,487	1,755,457	1,985,883	2,218,744	
Duitsland	17,827	3	3	3	2	2	100.0	111.4	115.2	85.0	70.4	1,782,700	1,986,178	2,053,536	1,515,005	1,255,129	
Nederland	17,991	3	3	3	2	2	100.0	112.4	118.3	85.8	71.0	1,799,100	2,022,231	2,091,828	1,543,256	1,277,202	
Frankryk	11,633	8	9	9	7	6	100.0	114.6	117.8	90.9	78.9	1,183,300	1,333,544	1,370,854	1,057,248	917,795	
Korea	11,177	776	808	862	885	826	100.0	104.1	111.1	114.0	108.4	1,117,700	1,183,801	1,241,346	1,274,089	1,189,555	
België	10,489	51	58	59	45	37	100.0	113.0	118.1	87.4	73.1	1,048,900	1,184,893	1,217,455	918,374	786,490	
Oostenryk	8,429	18	20	21	15	13	100.0	111.3	115.1	84.9	70.4	842,900	938,458	989,935	715,865	593,379	
<b>Tot/gem</b>	<b>256,773</b>	<b>1,249</b>	<b>1,273</b>	<b>1,327</b>	<b>1,273</b>	<b>1,188</b>	<b>900</b>	<b>960</b>	<b>988</b>	<b>828</b>	<b>747</b>	<b>25,877,300</b>	<b>26,685,247</b>	<b>27,369,965</b>	<b>23,214,181</b>	<b>21,179,108</b>	
												<b>Wisselkoers</b>	<b>100.0</b>	<b>103.8</b>	<b>108.8</b>	<b>90.4</b>	<b>82.5</b>

BRON VAN BASIESE GEGEWENS: Department of International Economic and Social Affairs, 1989 : Vol 1  
World Almanac, 1990

TABEL 6.4 WAARDE VAN WERELDINVOER, DEUR DIE AGRO-NYWERHEIDSEKTOR

Produk	Invoer, miljoen (\$)					Gem groei (%)	Belangrikste invoerders en persentasie van totale invoer 1986										Belangrikste uitvoerders en persentasie van totale uitvoer 1986									
	1983	1984	1985	1988	1987		VK	Frank	Wes-D	Hongk	Kanad	Japan	Belg	Nedl	VSA	ierl	Denem	Nedl	Ital	Belg	VSA	Wes-D	ierl	VK	Frank	Kanad
012 Vleis, gedroog,-sout,-rook AANGEPAS	941 841	814 784	861 808	961 1063	1120 1358	5.3 10.8	VK	Frank	Wes-D	Hongk	Kanad	Japan	Belg	Nedl	VSA	ierl	Denem	Nedl	Ital	Belg	VSA	Wes-D	ierl	VK	Frank	Kanad
0121 Varkvleis, gedroog,-sout,-rook AANGEPAS	768 768	742 715	716 672	868 960	1016 1232	7.4 13.2	VK	Frank	Wes-D	Hongk	ierl	VSA	Belg	Nedl	Swits	Kanad	Denem	Nedl	Ital	Belg	Wes-D	ierl	VSA	VK	Frank	Kanad
014 Vleis, verwerk, ingelê, ens. AANGEPAS	2449 2449	2388 2310	2385 2219	2721 3010	3260 3952	7.2 13.0	VSA	VK	Wes-D	Frank	Kuba	Ital	Nedl	Japan	Hongk	Belg	Bras	Denem	Nedl	Belg	Argen	Frank	Wes-D	Ital	Aust	Joego
022 Melk & room AANGEPAS	4926 4926	4493 4329	4879 4388	5704 6310	6521 7904	8.3 14.1	Ital	Nedl	Wes-D	Algr	Saoedi	Griek	Belg	Niger	Malei	Mex	Wes-D	Nedl	Frank	NS	Belg	VSA	VK	ierl	Denem	Kanad
0224 Melk, room, gepreserveer AANGEPAS	4537 4537	4082 3942	4012 3764	4830 5343	5289 6423	4.9 10.5	Nedl	Wes-D	Algr	Ital	Saoedi	Griek	Niger	Malei	Mex	Japan	Nedl	Wes-D	Frank	NS	VSA	VK	ierl	Belg	Denem	Kanad
02242 Melk, gedroog <= 1.5% vet AANGEPAS	1825 1825	1571 1513	1537 1442	1988 2210	2153 2610	8.4 14.2	Nedl	Wes-D	Ital	Kuba	Japan	Egip	Filip	Algr	Indon	Belg	Wes-D	Frank	ierl	Nedl	VK	NS	Belg	Kanad	Austr	Oost
02243 Melk, gedroog > 1.5% vet AANGEPAS	1327 1327	1237 1182	1193 1119	1379 1525	1674 2029	5.9 11.8	Saoedi	Malei	Nedl	Venez	Algr	Irak	Thai	Wes-D	Hongk	Kuba	Nedl	Frank	NS	Denem	Wes-D	Aust	VK	Belg	ierl	Finl
02249 Melk, gepreserveerd, nie gedr AANGEPAS	1037 1037	818 788	833 781	884 989	906 1098	-1.8 3.5	Algr	Griek	Niger	Saoedi	Nedl	Libie	Ivoor	Wes-D	Hongk	VAREm	Nedl	Wes-D	Kanad	Frank	VK	Belg	Denem	Ital	Singp	VSA
023 Botter AANGEPAS	2673 2673	2134 2056	2007 1883	2238 2478	2781 3371	1.3 8.7	VK	Belg	Nedl	Wes-D	Frank	Ital	Algr	Iran	Egip	Saoedi	Nedl	NS	Belg	Frank	ierl	Wes-D	Denem	VK	VSA	Austr
024 Kaas, dikmeik AANGEPAS	3967 3967	3897 3754	4071 3819	5086 5604	6064 7350	11.8 17.8	Wes-D	Ital	VSA	VK	Belg	Frank	Japan	Saoedi	Nedl	Egip	Frank	Nedl	Wes-D	Denem	Swits	Ital	NS	ierl	Austr	Belg
046 Koringmeel ens. AANGEPAS	1187 1187	1195 1151	1036 972	1115 1233	1213 1470	-0.3 5.1	Egip	Irak	Algr	Lib	Sir	Kuba	Soedan	Saoedi	Nedl	Jemn	Frank	VSA	Ital	Turk	Wes-D	Kanad	Griek	Nedl	Belg	Japan
04601 Koringmeel AANGEPAS	1097 1097	1112 1071	943 885	994 1100	1012 1227	-2.0 2.5	Egip	Irak	Lib	Sir	Kuba	Soedan	Saoedi	Nedl	Jemn	Maur	Frank	VSA	Wes-D	Kanad	Ital	Nedl	Belg	Griek	Japan	VK
047 Ander graanmeel, ens. AANGEPAS	276 276	255 246	293 275	264 282	177 215	-8.2 -3.3	Algr	Kuba	Kanad	Malei	Hongk	Isr	Denem	Frank	Nedl	Etio	Kanad	VSA	Wes-D	Thai	NS	Turk	Nedl	Frank	Ital	SA DU
048 Graanprodukte AANGEPAS	3391 3391	3666 3532	3762 3529	4391 4857	5121 6207	10.8 16.5	Wes-D	VSA	Frank	Japan	Belg	VK	Saoedi	Nedl	Kanad	Ital	Frank	VK	Wes-D	Belg	Nedl	Ital	VSA	Denem	Kanad	Austr
0482 Mout insl meel AANGEPAS	916 916	837 903	788 720	822 909	917 1112	-1.3 4.0	Japan	Wes-D	Bras	Nedl	Niger	Venez	Filip	Ital	Belg	Swits	Frank	Belg	VK	Aust	Wes-D	Urug	VSA	Nedl	ierl	Finl
0484 Bakkerprodukte AANGEPAS	1501 1501	1573 1515	1651 1549	2194 2427	2640 3200	15.7 22.0	Frank	VSA	Wes-D	VK	Belg	Saoedi	Nedl	Kanad	Ital	ierl	Wes-D	Nedl	VK	Belg	Denem	Frank	Kanad	Ital	VSA	Swed
04842 Koek, gebak, ens. AANGEPAS	1323 1323	1389 1338	1473 1382	1862 2170	2354 2653	16.2 22.4	Frank	VSA	Wes-D	Saoedi	VK	Belg	Nedl	Ital	Kanad	ierl	Nedl	Wes-D	VK	Belg	Denem	Frank	Ital	Kanad	Austr	Japan
056 Gepres/verw groente AANGEPAS	3261 3261	3363 3240	3199 3001	3624 4009	4398 5331	7.0 12.7	Wes-D	VSA	VK	Japan	Frank	Hongk	Saoedi	Ital	Kanad	Belg	Ital	Spanj	Nedl	Frank	Griek	VSA	Turk	Belg	Thai	Japan
058 Gepres/verw vrugte AANGEPAS	4248 4248	5131 4843	4907 4603	5444 6022	6659 8072	10.1 16.0	VSA	Wes-D	VK	Frank	Kanad	Nedl	Japan	Belg	Saoedi	Swed	Bras	VSA	Ital	SA DU	Nedl	Wes-D	Isr	Spanj	Thai	Filip
0585 Vrugte of groenteap AANGEPAS	2017 2017	2818 2713	2631 2468	2644 2925	3277 3872	9.5 15.4	VSA	Wes-D	VK	Kanad	Nedl	Frank	Belg	Japan	Swed	Saoedi	Bras	VSA	Isr	Wes-D	Nedl	Ital	Kuba	Belg	Austr	SA DU
05851 Lemoensap AANGEPAS	1087 1087	1752 1688	1548 1450	1332 1473	1771 2147	7.3 13.0	VSA	Wes-D	Kanad	VK	Nedl	Frank	Belg	Swed	Swits	Denem	Bras	Isr	VSA	Nedl	Wes-D	Ital	Belg	Marok	Mex	Griek

(Vervolg op volgende bladsy)

TABEL 8.4 (vervolg) WAARDE VAN WERELDINVOER, DEUR DIE AGRO-NYWERHEIDSEKTOR

Produk	Invoer, miljoen (\$)					Gem groei (%)	Belangrikste invoerders en persentasie van totale invoer 1988												Belangrikste uitvoerders en persentasie van totale uitvoer 1988											
	1983	1984	1985	1986	1987		VSA	Wes-D	VK	Frank	Nedl	Kanad	Ital	Belg	Saoedi	Ieri	VK	Nedl	Wes-D	Frank	Denem	Belg	Ital	Spanj	VSA	Bras				
062 Suikerlekkers, nie sjokolade AANGEPAS	856 856	879 847	930 872	1143 1264	1313 1592	11.8 17.8	VSA	Wes-D	VK	Frank	Nedl	Kanad	Ital	Belg	Saoedi	Ieri	VK	Nedl	Wes-D	Frank	Denem	Belg	Ital	Spanj	VSA	Bras				
073 Sjokolade & produkte AANGEPAS	1867 1867	1857 1789	1989 1866	2442 2701	2957 3584	15.3 21.5	VSA	Wes-D	VK	Frank	Nedl	Japan	Belg	Kanad	Ital	Saoedi	Nedl	Wes-D	VK	Belg	Frank	Bras	Ital	Swits	Ieri	VSA				
081 Voedingstowwe vir diere AANGEPAS	10820 10820	10179 9806	8730 8189	10807 11955	11771 14268	2.3 7.8	Wes-D	Nedl	Frank	VK	Ital	Belg	Japan	Denem	Spanj	VSA	Bras	VSA	Nedl	Wes-D	Argen	Frank	Chil	Belg	Kanad	Spanj				
0813 Oliekoeke en ander residu's AANGEPAS	5779 5779	5281 5068	4328 4058	5226 5781	5451 6807	-1.2 4.1	Wes-D	Frank	Nedl	Denem	VK	Ital	Belg	Spanj	Kanad	Oost	Bras	VSA	Argen	Nedl	Wes-D	Belg	Ind	Spanj	SADU	Malei				
08131 Van sojabone AANGEPAS	4135 4135	3925 3781	3248 3047	3738 4135	3834 4847	-2.0 3.3	Frank	Wes-D	Nedl	Ital	VK	Denem	Belg	Spanj	Kanad	Oost	Bras	VSA	Nedl	Argen	Wes-D	Belg	Spanj	Noor	Port	Ital				
0814 Vleis- of vismeelvoer AANGEPAS	1148 1148	1078 1039	1001 939	1098 1215	1199 1453	1.1 6.5	Wes-D	Japan	VK	Swed	Nedl	Finl	VSA	Belg	Swits	Indon	Chil	Denem	Noor	Wes-D	Peru	Thai	Japan	Ysl	VSA	Ecu				
